

DIE "BETEKENIS" VAN DIE MAKARISMEREKES IN MATTEUS 5

———— SEMANTIEK EN GATTUNGSFORSCHUNG

DEUR

ANDRIES GIDEON VAN AARDE

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

NOVEMBER 1978

**STUDIELEIER: PROF. DR. J.A. LOADER (DEPARTEMENT SEMITIESE TALE)**

**MEDELEIER: PROF. DR. J.P. LOUW (DEPARTEMENT GRIEKS)**

**EKSTERNE EKSAMINATOR: PROF. DR. G.M.M. PELSER (DEPARTEMENT NUWE-TESTAMENTIESE  
WETENSKAP - AFD. A)**

OPGEDRA AAN GROBBIE EN GIDEON

## VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie verhandeling is dit vir my aangenaam om dank te betuig:

Die wydreikte van die *Gattung* "dankwoord" wat ek tot die adres van my studie=leier prof. J.A. Loader rig, is soos die "gebonde makarisme" — dit strek verder as bloot hierdie enkele woorde: Ek dank u nie net vir alles wat ek as student by u kan leer nie; ook nie net vir die wyse waarop u te midde van u veelvuldige pligte my in hierdie studie behulpsaam was nie. Ek dank u ook vir u persoonlike aanmoediging en belangstelling sedert ons paaie gekruis het. Aan prof. J.P. Louw wat as medeleier opgetree het, my hartlike dank. U het seker meer as wat u besef, tot my akademiese vorming bygedra. Prof. G.M.M. Pelser is verantwoordelik vir my belangstelling in die Nuwe-Testamentiese Wetenskap. Ek dank u daarvoor, asook dat u bereidwillig was om as eksterne eksaminator vir hierdie studie op te tree. Ek wil ook graag my waardering betuig teenoor die departementshoof, prof. W.C. van Wyk. U het my help inlei in die Semitica. Ek dank u nie net vir die skoling wat ek op voorgraadse vlak van u ontvang het nie, maar ook vir die wyse waarop ek as nagraadse student Siries en Bybelse Argeolo=gie by u kon leer.

My dank gaan van harte uit na my broer Willie van Aarde wat die finansiële las van hierdie verhandeling gedra het. Ek is insgelyks dank verskuldig aan mnr. Leon de Munnik, mev. Jeanette Fourie en die N.H. Weeshuis Pers vir die tegniese versorging van die verhandeling.

In die lig van die resultaat van my studie waar ek bevind het dat die *Gattung* "makarisme" 'n besondere verhoogde impak by die betekenis van woorde veroorsaak, neem ek ten slotte 'n makarisme oor uit hfst. 25:8 van die Wysheid van die Seun van Sirag: μακάριος ὁ συνοικῶν γυναικὶ συνετῇ = "gelukkig is die eggenoot van 'n vrou wat verstaan". Ek dra hierdie verhandeling daarom op aan my vrou Grobbie en aan ons seun Gideon wat vir ons albei in ons lewe baie beteken.

נתן יי לי שכר שמתותי      ובלשוני אהודנו:  
(="Die Here het my lippe vir my as loon gegee  
en met my tong sal ek Hom dank".)

Sirag. 51:22

## ERRATA

Bl. 50, 4de reël van b<sub>o</sub>, skrap:

... man sonst soviele ... in einer ...

Bl. 52, 2de reël van b<sub>o</sub>, lees:

... dus volstaan moet word by die ...

Bl. 136, 3de reël van b<sub>o</sub>, lees:

... die besondere posisionele aspek ...

Bl. 139, nota 38, lees:

... pronouncement + Reinforcement

INHOUD

	<u>BL. NO.</u>
HOOFSTUK I — INLEIDING	1
1 Probleemstelling	1
2 Doelstellings en Metode van ondersoek	6
HOOFSTUK II — BEGRIPSORIENTERING	9
1 Wat is semantiek?	9
1.1 Semantiek is 'n vertakking van die linguistiek	10
1.2 Betekenis en etimologie	15
1.3 Woordsemantiek	16
1.4 Sinsemantiek	19
1.5 Oppervlaktestruktuur en dieptestruktuur	26
2 Wat is <i>Gattungsforschung</i> ?	29
2.1 Die Ou Testament	30
2.1.1 Historiese oorsig	30
2.1.2 Die tradisionele <i>Formgeschichte</i> binne die Ou-Testamentiese wetenskap	33
2.2 Die Nuwe Testament	38
2.2.1 Historiese oorsig	39
2.2.2 Die tradisionele <i>Formgeschichte</i> binne die Nuwe-Testamentiese wetenskap	40
2.3 'n Nuwere benadering ten opsigte van <i>Gattungsforschung</i>	44
HOOFSTUK III — 'N SEMANTIESE ONDERSOEK NA DIE MAKARISME-REEKS IN MT. 5	60
1 Die oppervlaktestruktuur	60
1.1 Die struktuur van die evangelie van Matteus	61
Ekskurs: — "Inhoudsanalises" van die Matteusevangelie	62
1.2 Perikoopafgrensing	66
1.3 Die struktuur van Mt. 5:2-10 (en vs. 11-16)	66
1.4 Die struktuur van die wyere konteks	72
1.4.1 Mt. 4:23-9:35	73
1.4.2 Mt. 4:25 - 7:27 (Die Bergrede)	77
1.5 Gevolgtrekking	83
2 Die dieptestruktuur	85
2.1 Die woordgroep <i>makarios</i> , <i>-ia</i> , <i>-ion</i> . <i>makarizō</i> / <i>makariō</i> ;	86

	<i>makarismos</i>	
2.2	<i>Dikaiosounē</i>	90
2.3	<i>Hē basileia tōn ouranōn</i>	91
2.4	'n Konstituente-analise van die perikoop met bespreking aan die hand van die kategorieë objekte, gebeure en abstrakte	93
2.5	Gevolgtrekking	111
HOOFSTUK IV — DIE ONDERSOEK NA DIE MAKARISME-REEKS AS GATTUNG		115
1	Die identifisering van die <i>Gattung</i> "makarisme"	116
2	Die "makarismereeks" as 'n <i>Gattung</i>	122
3	Die <i>Sitz im Leben</i> van die Nuwe-Testamentiese makarisme	131
4	Die funksie van die makarismereeks in Mt. 5:3-10	135
5	Die <i>Gattungsgeschichte</i> van die Nuwe-Testamentiese makarisme	137
6	Die <i>Überlieferungsgeschichte</i> van Mt. 5:3-10	141
HOOFSTUK V — DIE RELEVANSIE VAN GATTUNGSFORSCHUNG BY DIE VASSTELLING VAN "BETEKENIS"		148
1	<i>Gattungsforschung</i> en semantiese betekenis	149
2	<i>Gattungsforschung</i> en konnotatiewe betekenis	150
2.1	Eksemplariese vergelykende <i>Gattungsforschung</i> as toeligting	153
2.1.1	Die Nuwe-Testamentiese makarisme in Mt. 13:1-52	153
2.1.2	Die <i>tōb</i> -spreuk in Pred. 7:1-4	155
2.1.3	Die haggadiese verhaal in Talmoed Babli, <i>Qiddušīn</i> 70(a) - 70(b)	157
2.1.4	Die <i>Glaubensformel</i> in 1 Ts. 1:4-10	161
2.2	Gevolgtrekking	162
LYS VAN GERAADPLEEGDE LITERATUUR		167
LYS VAN AFKORTINGS		174
TRANSKRIPSIESISTEEM		175
SAMEVATTING		176
SUMMARY		177

## HOOFSTUK I

### INLEIDING

#### 1. PROBLEEMSTELLING

Hierdie studie wil die relevansie van *Gattungs*forschung by die vasstelling van "betekenis" ondersoek. Dit is 'n ondersoek wat ten opsigte van sy belangrikste fasette binne die raamwerk van die problematiek van sinchronie en diachronie, en ook binne die raamwerk van die problematiek van semantiek en semiotiek beweeg.

Die "betekenis" van 'n stuk taalgebruik was tot enkele jare gelede feitlik alleen met behulp van diachroniese aspekte van ondersoek vasgestel. Wat die Bybelse literatuur betref, was die "betekenis"-ondersoek baie nou ineengevleg met die poging om die verhaal te vertel van die tot skrifstelling van die Bybel. In hierdie ondersoek het baie duidelik onderskeibare metodes ontwikkel wat deurgaans op die diachroniese gekonsentreer het.

Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die *formgeschichtliche* metode verrassend vinnig 'n baie prominente plek onder die ondersoeksmetodes van Bybelse literatuur ingeneem. Weliswaar sō dat daar van die standpunt uitgegaan is dat 'n Bybelse skrifgedeelte eers dan reg geïnterpreteer kan word wanner 'n studie van sy spesifieke literêre vorm en sy besondere *Sitz im Leben* gedoen is. Hermann Gunkel, in vele opsigte die vader van hierdie ondersoeksmetode, se uitspraak in hierdie verband is wêreldom bekend: "Wer einen Schriftsteller untersucht, ohne die von ihm gebrauchte Gattung zu kennen, beginnt den Bau des Hauses mit dem Dach <sup>1)</sup>". Veral die Duitse Ou-Testamentikus Wolfgang Richter is verant-

1. H. Gunkel e.a., *Die Schriften des Alten Testaments in Auswahl übersetzt und erklärt* <sup>2</sup> II 2, aangehaal deur K. Koch, *Was ist Formgeschichte? Neue Wege der Bibelexegese*, Neukirchen-Vluyn <sup>3</sup> 1974, 13.



woordelik daarvoor dat geleerdes egter met 'n ander bril na die *formgeschichtliche* metode begin kyk het. Richter se standpunte in dié verband is gebaseer op insigte wat ontleen is aan die nuwere taal- en literatuurwetenskap.

Sedert Gunkel is die *formgeschichtliche* metode gelyk gestel aan *Gattungs-forschung*. Die term *Form* en *Gattung* is of identies gebruik, of die een as die oorkoepelende begrip in terme van die ander. Richter bevraagteken dit. Hy wil 'n onderskeid maak tussen wat hy noem: *Formkritik* en *Gattungskritik*. Die gestruktureerde eenheid by een outeur is die *Form*, en die gestruktureerde eenheid by meerdere outeurs is die *Gattung*. Hy skei ook konstant *vorm* en *inhoud* van mekaar. Sy motivering sal later in die afdeling 'N NUWERE BENADERING TEN OPSIGTE VAN GATTUNGSFORSCHUNG by die begripsoriëntering in hierdie studie breedvoeriger behandel word. Die onderskeid tussen *vorm* en *inhoud* bring in die praktyk mee dat inhoudelike aspekte deur Richter by *Gattungs-forschung* buite rekening gelaat word. Dit is juis een van die belangrikste punte van breek met die tradisionele *Formgeschichte*, en ook die plek waar die paaie van ondersoekers wat ver met Richter sal saamloop, begin uiteengaan. Klaus Berger <sup>2)</sup> gaan selfs sō ver, myns insiens ten onregte, om Richter as "inhalts-feindlich" te bestempel.

Die problematiek met betrekking tot die verhouding *vorm* en *inhoud* eindig egter nie by die kwessie waar uitgemaak moet word of inhoudelike aspekte reeds by 'n *vorm*- ondersoek ter sake is of nie; dit kring wyer uit na een van die ingrypendste insigte van die nuwere taal- en literatuurwetenskap, naamlik die onderskeid tussen sinchronie en diachronie. Hierdie onderskeid

2. *Exegese des Neuen Testaments. Neue Wege vom Text zur Auslegung*, Heidelberg 1977, 134.

raak nie net die verhouding van die verskillende metodiese fasette van *Gattungsforschung* tot mekaar nie. Dit roep ook die vraag na vore na die relevansie van *Gattungsforschung* tot semantiek. Eersgenoemde is, soos dit tradisioneel beoefen is, feitlik suiwer 'n diachroniese operasie, terwyl laasgenoemde weer die klem op die sinchroniese laat val. Al hoe meer stemme het die afgelope tyd opgegaan dat die diachroniese fasette nie bydra tot die vasstelling van betekenis nie. W.S. Vorster, onder andere, maak die opmerking: "... a diachronic approach to literature, is not the only way to look at a text and perhaps, in the last instance, *not the correct mode of investigating its meaning*"<sup>3)</sup>. Uit die aard van die saak is dit 'n ommekeer van die gangbare standpunt wat tot dusver in die eksegeese van Bybelse literatuur gegeld het. Die moderne uitgangspunt in hierdie verband is dat 'n teks as outosemanties beskou moet word. Dit wil sê 'n teks moet as 'n eie, onafhanklike en afgeronde teks binne die grense van sy eie strukturele samehang verstaan word sonder 'n ondersoek na die teks se oorsprong, tradisie of wording. Dit is laasgenoemde, naamlik die teks se oorsprong, tradisie en wording wat tradisioneel hoofsaaklik as voorwerp van die *formgeschichtliche* ondersoek gereken is.

Richter se literatuurteorie (waarby sy nuwere benadering tot *Gattungsforschung* inbegrepe is) kom in hoofsaak neer op 'n poging om 'n raffinering van die bestaande literêre ondersoeksmetodes te bied, en 'n poging om met die oog op die vasstelling van betekenis, die diachroniese met die sinchroniese te paar. Die volgorde is egter altyd dat die sinchroniese die materiaal bied waarop die diachroniese gebou moet word, en nie andersom nie. Hierdie standpunt van die paring van diachroniese en sinchroniese fasette, veral met betrekking

3. "Some remarks on contemporary New Testament scholarship, in *Th Evang* 10 (1977), 35. (My kursivering).

tot die semantiek as betekenisleer, is in wese niks anders as 'n *semiotiese* aangeleentheid nie. Die semantiek is 'n onderverdeling van die semiotiek. Die semiotiek soek na gekontroleerde kriteria in die benutting van enige "teken" wat tot die vasstelling van die werklike bedoeling van 'n stuk taal kan bydra. Die semiotiese gegewens het gewoonlik te doen met die *gebruiksvlak* van taal, soos begrip, implikasie en verwysing (sien later), terwyl die semantiese gegewens te make het met die *leksikaliëse* aanduiding van taal.

Richter se uitgangspunt, ook ten opsigte van *Gattungsforschung*, het spoedig 'n veranderde situasie in die metodologiese besinning gebring. Dit is veral opmerklik in die boek *Exegese des Alten Testaments. Einführung in die Methodik* wat in 1973 onder redaksie van Georg Fohrer en ander medewerkers uitgegee is. Gunther Wanke skryf in hierdie boek byvoorbeeld soos volg: "Die sprachliche Analyse bildet ferner die Grundlage für alle weiteren exegetischen Schritte, vor allem für die Formen- und Gattungskritik und die Motiv- und Traditionskritik, wobei sich beide in ihrer Frage nach geprägtem Gut auf die Ergebnisse der sprachlichen Analyse stützen" <sup>4)</sup>. Hier te lande is J.A. Loader 'n eksponent van hierdie benadering van eksegeses van Ou-Testamentiese tekste <sup>5)</sup>. Wat die Nuwe Testament betref, is die "multilineare Betrachtungsweise" van Klaus Berger <sup>6)</sup> bekend, hoewel glad nie in ooreenstemming met dié van Richter nie, en myns insiens ook onaanvaarbaar.

Die werkswyse van *metodepluralie* wat Richter en sy navolgers toepas, word egter deur baie navorsers gekritiseer. Die belangrikste deel van die kritiek bestaan daarin dat die benadering van metodepluralie onaanvaarbaar is.

4. "Sprachliche Analyse", in G. Fohrer e.a., *Exegese des Alten Testaments. Einführung in die Methodik*, Heidelberg 1973, 81.
5. Vgl. onder andere sy *Aspekte van menslike mag in die Ou Testament*, Diss. Groningen 1975; asook sy "Gedagtes oor gekontroleerde eksegeses", in *HTS* 34 (1978), 1-40.
6. *Exegese des Neuen Testaments. Neue Wege vom Text zur Auslegung*.

Want hoewel dit pretendeer om alle aspekte van literêre ondersoek by die vasstelling van betekenis in berekening te bring, gebeur dit volgens die kritici dat wanneer daar klaar oor die *vorm* gepraat is, daar niks meer vir die *inhoud* te sê is nie <sup>7)</sup>. Die vraag waarop daar dus nog nie bevredigend 'n antwoord gegee is nie, is die kwessie van die relevansie van die *vorm* by die vasstelling van die *inhoud*. Hierdie studie wil in dié verband 'n bydrae lewer tot die diskussie rondom *Gattungsforshung* se relevansie tot "betekenis". In die loop van die studie sal aangetoon word dat ek meriete in Richter se werkswyse sien en dit as my basiese uitgangspunt aanvaar — egter nie sonder kritiek en metodologiese wysigings nie.

Die vraag na die relevansie van *Gattungsforshung* by die vasstelling van betekenis is dus geleë binne die geskilderde raamwerk van die problematiek *sinchronie* en *diachronie*, en ook binne die raamwerk van die problematiek *semantiek* en *semiotiek*. Hiermee is dan ook aangetoon dat sō 'n studie aktueel is. Die studie is dus metodologies van aard, maar sal 'n metodiese toepassing van die behandelde metodologie bied. Hiervoor word in hoofsaak die makarismereeks in Mt. 5 as illustrasie materiaal gebruik.

Sodra die kwessie van 'n bepaalde *Gattung* in gedrang kom, stuit die studie egter voor 'n probleem ten opsigte van die hedendaagse ondersoeksituasie.

L. Markert <sup>8)</sup> het eksplisiet daarna verwys. Dit is egter 'n probleem wat

7) Vgl. W.S. Vorster, 'n *Ou Boek in 'n nuwe wêreld. Gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament*, Pretoria 1977, 9-10.

Klaus Koch ("Reichen die formgeschichtlichen Methoden für die Gegenwartsaufgaben der Bibelwissenschaft zu?", in *ThLZ* 11/98, 1973, 814) kom in sy kritiek op Richter met 'n vreemde standpunt voor die dag: Hoewel hy waarde sien in die resultate van die nuwere taalwetenskap, veral met betrekking tot die *Formgeschichte*, ag hy die nuwere taalwetenskap nie nodig of noodsaaklik om op die tradisionele metode toe te pas nie.

8) "Formen- und Gattungskritik", in G. Fohrer e.a., *Exegese des Alten Testaments*, 86.

homself na vore bring wanneer Richter se benaderingswyse as die basiese uitgangspunt aanvaar word. Daar kan naamlik vandag nie sondermeer nog teruggegryp word na die resultate van die tradisionele *Form- en Gattungsgeschiede* nie — juis omdat ons wetenskaplik-krities moet aanneem dat 'n nuwe metode sommige van die ouer resultate onhoudbaar kan bewys.

Daar is nog 'n verdere probleem wat hiermee verband hou. Dit is naamlik dat *Gattungsforschung* binne die ondersoek van die Ou Testament nie dieselfde oogmerke het as dié binne die Nuwe Testament nie, hoewel dit by beide literatuurkorpusse dieselfde vader het. Dit is egter my oortuiging dat die resultate van Richter se ondersoek ten opsigte van die Ou Testament ook met vrug ten opsigte van die Nuwe Testament toegepas kan word, al het geen navorsers, sover my kennis strek, dit nog gedoen nie.

## 2. DOELSTELLINGS EN METODE VAN ONDERSOEK

Die doelstellings van hierdie studie en die wyse waarop dit metodies volvoer sal word, kan in die lig van die geskilderde probleemstelling opsommen=derwys soos volg saamgevat word:

(a) Die studie het primêr tot doel om die relevansie van *Gattungsforschung* by die vasstelling van betekenis te bepaal en hiervoor word die makarismereeks in Mt. 5 as illustrasie materiaal gebruik.

(b) Met die oog hierop sal dit nodig wees om vooraf 'n begripsoriëntering te bied wat net na die *INLEIDING* in hoofstuk II aandag sal geniet. In die begripsoriëntering sal daar vasgestel moet word wat onder die begrippe semantiek en *Gattungsforschung* verstaan word. Dit sal by wyse van twee afsonderlike afdelings met onderafdelings geskied. Sō 'n begripsoriëntering sal egter nie op volledigheid aanspraak hoef te maak nie.

(c) Wat semantiek betref, sal daar by die begripsoriëntering aandag gegee moet word aan die fenomenale ontwikkeling wat in die resente tyd op dié gebied plaasgevind het. By die metodologiese besinning oor *Gattungsforschung* sal noodwendigerwys gekyk moet word na die besware van Wolfgang Richter, naamlik dat ondersoekers die term *Formgeschichte* met verskillende inhoude vul en ook dat daar nie genoeg erns gemaak word met die kriteria van hierdie ondersoeksmetode nie. Die kwessie of inhoudelike aspekte reeds by die vasstelling van 'n *Gattung* ter sake is of nie, sal ook aandag geniet. Die feit dat die oogmerke van Ou-Testamentici en Nuwe-Testamentici by *Gattungsforschung* verskil, sal deurentyd in ag gehou moet word.

(d) Die metodiese toepassing ten opsigte van die makarismereeks in Mt. 5 geniet vervolgens die aandag. In hoofstuk III word 'n semantiese ondersoek gebied en in hoofstuk IV 'n ondersoek na die makarismereeks as *Gattung*. Op beide hierdie terreine is daar al heelwat navorsing gedoen. Hierdie studie sal dus in die lig van resente ontwikkelinge op hierdie terreine 'n bydrae in dié verband kan lewer. In die studie sal daar vanselfsprekend dus nie teruggegryp kan word na die resultate van die bestaande ondersoeke nie. Daar sal byvoorbeeld van meet af aan bepaal moet word of die makarismereeks in Mt. 5 'n bepaalde *Gattung* verteenwoordig of nie.

(e) In hoofstuk V sal die resultate van hoofstukke III en IV met mekaar in verband gebring word om sodoende die relevansie van *Gattungsforschung* by die vasstelling van "betekenis" te bepaal. Voordat daar 'n gevolgtrekking gemaak sal kan word, sal die resultate wat bereik is, egter eers met dié van 'n oorsigtelike ondersoek na die funksie van enkele ander *Gattungen* vergelyk moet word.

(f) Indirek sal die studie ten slotte 'n bydrae kan lewer ten opsigte van 'n valensiebepaling van sowel die tradisionele as die moderne *Gattungsforschung*

in die Bybelse literatuurwetenskap.

Hierdie is 'n verhandeling wat in die Departement Semitiese Tale ingedien word. Die Ou Testament en die Judaïca, sowel as die Nuwe Testament, geld egter as die breë sinchroniese literatuurkorpus waarbinne my studie gevoer word. Juis deur die makarisme as illustrasiemateriaal te kies, sal ek in die loop van die studie aantoon dat die Griekse taal en literatuur nie altyd apart van die Semitiese benader kan word nie. Ek is egter wel deeglik bewus van die semantiese beginsel dat die betekenis van woorde tussen tale mekaar nie dek nie, en dat beïnvloeding van Hebreeus en Aramees via die Septuaginta of die Joodse literatuur op die Nuwe-Testamentiese Grieks, 'n diachroniese ondersoek vereis wat voortbou op outonome sinchroniese ondersoeke op die verskillende vlakke.

## HOOFSTUK II

### BEGRIPSORIENTERING

#### 1. WAT IS SEMANTIEK?

James Barr begin sy pionierswerk in die studie van die semantiek van Bybelse tale, *The Semantics of Biblical Language*,<sup>1)</sup> met dié woorde: "Onder semantiek verstaan ek die studie van *betekenis* in taal". Daarmee het Barr hom dan ook afgegrens teen ondersoek van ander dissiplines buite die linguistiek wat ook in die semantiek as studieobjek geïnteresserd is, en het hy hom derhalwe beperk tot die linguistiese benadering van semantiek as betekenisleer<sup>2)</sup>. Dit is dan ook wat dit betref, die uitgangspunt in hierdie studie.

Die algemene linguistiek het, soos dit algemeen bekend is, vanaf die verskyning van Ferdinand de Saussure se werk, *Cours de Linguistique Générale* in 1916, 'n radikale metamorfose ondergaan — ingeslote die semantiek. Verskeie publikasies wat pretendeer om inleidings tot die semantiek te wees, of soos dit dikwels vandag bekendstaan, moderne semantiek, het intussen al die lig gesien. Wat die Bybelse tale betref, bestaan daar die reeds genoemde boek van James Barr, *The Semantics of Biblical Language*, maar ook verskeie tydskrifartikels en bydraes in veral resente eksegese-handboeke. Hier te lande verdien die boek van J.P. Louw, *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, spesiale vermelding, asook die inleidings van dissertasies van J.A. Loader,

1) J. Barr, *The Semantics of Biblical Language*, London 1961.

2) Vir opmerkinge oor ander dissiplines naas die linguistiek wat semantiek bestudeer soos die antropologie, psigologie en filosofie, kyk J.P. Louw, *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, Pretoria 1976, 4-15.



*Aspekte van menslike mag in die Ou Testament*, en W.S. Vorster, *Aischunomai en stamverwante woorde in die Nuwe Testament* <sup>3)</sup>. Wat die onderhawige studie betref, is dit dus nie nodig om 'n volledige uiteensetting te gee van die vraag *Wat is semantiek?* nie. Daar word volstaan met die aanstip van sekere basiese beginsels van die moderne semantiek in soverre dit vir die ondersoek onder bespreking ter sake kan wees. Sake wat hier nie vermeld word nie, maar wat by die metodiese toepassing met betrekking tot die makarismereeks in Mt. 5 blyk relevant te wees, sal kortliks daar aangesny word.

#### 1.1 SEMANTIEK IS 'N VERTAKKING VAN DIE LINGUISTIEK

Linguistiek is die wetenskap wat hom besig hou met die verskynsel *taal*. Wat is taal? Afrikaans, Hebreeus en Grieks is voorbeelde van taal. Hiermee is egter nie gesê wat taal is nie. Taal is 'n tekensistiem wat vir kommunikasie gebruik word, en wat van ander kommunikasiesisteme (byvoorbeeld 'n morsekode of 'n flits van inligting met behulp van spieëls wat ook tekensisteme is) onderskei word deur sy eie konvensionele tekens, naamlik woorde en sinne wat mondelings by wyse van bepaalde klankvorme geuit word, of skriftelik verge=stalt word met tekens wat dit simboliseer <sup>4)</sup>. Die verskynsel *taal* kom dus op 'n sosiale en individuele vlak tot uiting, en dit is *taal in die praktyk*. Op so 'n sosiale en individuele vlak is dit 'n sisteem van tekens wat 'n bepaalde gemeenskap aanwend om met bepaalde klankvorme kommunikasie te bewerk=stellig. Dit word aangedui met die tegniese term *la langue* (= 'n taal). Die uiting op individuele vlak is eintlik die werklike aanwending van 'n taal,

3) Diss. Universiteit van Pretoria 1974.

4) Vgl. in hierdie verband J.P. Louw, ongepubliseerde lesing: "Inleiding tot die Griekse Taalkunde", Universiteit van Suid-Afrika, 2.

naamlik taalgebruik, en word aangedui met die term *la parole*. Dit is die werklike taalaktiwiteit op 'n bepaalde moment deur 'n bepaalde persoon, en dit raak uitspraak, styl, ensovoorts <sup>5)</sup>. Die linguistiek wil alles wat met die verskynsel taal, 'n taal en taalgebruik in verband staan, beskryf, ontleed en in sisteem bring sodat die kennis wat verkry word tot juister kommunikasie kan dien — sowel om die taal beter te hanteer, maar ook om die interpretasie van gesproke of geskrewe taal te verskerp <sup>6)</sup>. Hierdie onderskeidinge tussen die verskynsel taal (= *le langage*), 'n taal (= *la langue*) en taalgebruik (= *la parole*) is te danke aan die baanbreker van die moderne linguistiek, Ferdinand de Saussure, en het vanaf ongeveer die dertiger jare van die twintigste eeu een van die belangrikste basisse van die moderne linguistiek geword.

Die vernaamste breuk met die ouere linguistiek in sy beoefening van geskrewe taal is sekerlik die onderskeiding tussen *diachroniese* en *synchroniese* metodologiese fasette van ondersoek. Hierdie onderskeiding is ook aan De Saussure te danke. Die diachroniese het te doen met die historiese gang van taalelemente, dit wil sê die veranderinge wat 'n taal oor 'n lang tydperk heen ondergaan het. Die synchroniese het te doen met die stand van sake in 'n bepaalde tydvak. Dit wil byvoorbeeld die gebruik van die taal binne 'n bepaalde periode beskryf en verklaar om sodoende 'n beeld te gee van die struktuur van die taal en sy elemente. Dit wil dus probeer aandui hoe hulle in mekaar pas en ten opsigte van mekaar figureer <sup>7)</sup>. Die ouere linguistiek het grootliks gekonsentreer op die historiese, terwyl die moderne linguistiek die klem op die sin=

5) W.S. Vorster, "Moderne linguistiek en Bybelnavorsing", in *Th Evang* 5 (1971), 114. Vgl. veral ook A.C. Thiselton, "Semantics and New Testament Interpretation", in I.J. Marshall (red.), *New Testament Interpretation. Essays in Principles and Methods*. Exeter 1977.

6) J.P. Louw, *Inleiding*, 4.

7) J.P. Louw, *a.w.*, 4.

chroniese laat val. Die sinchroniese linguistiek bied die materiaal waarmee die diachroniese moet werk, en nie andersom nie. Dit was 'n gebrek by die ouere histories-vergelykende linguistiek dat die uitgangspunt hoofsaaklik net die historiese was. H.C. du Toit reageer op die kritiek teen hierdie skerp onderskeid tussen sinchronie en diachronie, en sê dat beide aspekte geldig is. Daar moet egter vooraf net duidelik gesê word uit watter *oogpunt* die taalbeskrywing gedoen word, en daar moet gewaak word teen die fout van die vroeëre denke, naamlik dat sinchroniese en diachroniese argumente deurmekaar gegooi is <sup>8)</sup>.

Sedert De Saussure het die *strukturele metode* van taalstudie (wat in skerp teenstelling met die histories-vergelykende benadering van die ouere linguistiek staan) die basis van die moderne linguistiek geword. Die strukturele metode van taalstudie vra na sintese en soek na die samehang en struktuur van taalelemente <sup>9)</sup>. Dit het die tydvak van die strukturalisme in die linguistiek tot gevolg gehad <sup>10)</sup> en uiteindelik tot 'n heel nuwe metode van taalkundige ondersoek gelei. Hierin is Noam Chomsky 'n leidende figuur. Hierdie benadering staan bekend as die *Transformasioneel-Generatiewe Grammatika* (TGG). Sedert die publikasie van Chomsky se *Syntactic Structures* in 1957 het die TGG algemene aanklank in die linguistiek gekry. Verskeie subrigtings en interpretasies het binne die hoofstroom ontwikkel. Die sogenaamde standaardteorie gaan uit van drie komponente in 'n grammatika, naamlik 'n sintaktiese, 'n semantiese en 'n fonologiese. Dit kan aan die hand van die volgende diagram verduidelik word <sup>11)</sup>:


---

8) H.C. du Toit, ongepubliseerde lesing: "Transformasionele-Generatiewe Grammatika", Universiteit van Pretoria, 3.

9) J.P. Louw, *Inleiding*, 8.

10) Vir kort historiese oorsigte oor die ontwikkelinge op die gebied van die algemene linguistiek sedert De Saussure, vgl. H.C. du Toit *TGG*, 2-16.

11) Vgl. H.C. du Toit, *a.w.*, 26.




Die sintaktiese komponent bestaan uit 'n bodemonderkomponent en 'n transformasionele onderkomponent. In die bodemonderkomponent word dieptestrukture gegenereer, dit wil sê basiese gedagtes word hier volgens bepaalde reëls in grondliggende taalstrukture verwerk. Hierdie dieptestrukture word deur sekere reëls in die transformasionele onderkomponent in oppervlaktestrukture getransformeer, dit wil sê in verskyningsvorme. Die semantiese komponent werk in op die dieptestrukture sodat die sin 'n semantiese representasie verkry, en die fonologiese komponent werk in op die oppervlaktestrukture sodat die sin 'n fonologiese representasie bekom <sup>12)</sup>.

Die linguistiese bestudering van die elemente van taal geskied tradisioneel aan die hand van 'n aantal vertakkings waarin die linguistiek gerieflikheids-

12) Vgl. J.A. Loader, *Menslike mag in die Ou Testament*, 15 asook M.C.J. van Rensburg, "Die Sintaktiese Komponent van die Transformasioneel — Generatiewe Grammatika" en J.C. Steyn, "Die Semantiese Komponent", artikels in M.C.J. van Rensburg e.a., *TGG: 'n Eerste Oorsig*, Johannesburg 1974, 8 en 118 resp.

halwe verdeel, naamlik klankleer, woordleer, sinsleer en stylleer. Semantiek het op sy beurt weer gegroei uit die tradisionele woordleer <sup>13)</sup>. In die generatiewe taalkunde is daar drie vertakkings, naamlik sintaksis, semantiek en fonologie. In die lig van die reeds genoemde diagram met betrekking tot Chomsky se standaardteorie kan die verhouding van bogenoemde drie dissiplines nou met 'n meer vereenvoudigde diagram verduidelik word <sup>14)</sup>:



Die fonologie beskryf onder andere die veranderinge wat die klankvorm van leksikale elemente onder andere op grond van die omgewing kan ondergaan. Dit sluit by die oppervlaktestruktuur aan omdat dit dan eers definitief bekend is in welke omgewing die leksikale elemente staan. Die semantiek beskryf die reëlmatigheid in die betekenis van sinne, en daarom sluit dit by die diepte= struktuur aan omdat die basiese gedagtes daar in strukture gegenerer word. Want grondliggende gedagtes, die bedoeling van die taalgebruiker, die begrip (*designatum*) wat hy van 'n saak (*denotatum*) het, word nie in enkele woorde en geïsoleerde morfeme omgesit nie, maar in betekenisdraende woordrelasies, naam= lik die sin. Dit is dan veral die semantiek wat vir die doel van hierdie stu= die van besondere belang is, maar vanuit alles wat tot sover gesê is, is dit ook duidelik dat daar iets is soos sintaktiese betekenis. Daarom sal die sin= taksis in soverre dit relevant is, verderaan vermelding verkry.

13) J.P. Louw, *Inleiding*, 16-17.

14) Vgl. G.J. de Haan e.a., *Basiskursus algemene taalwetenskap*, Assen/ Amsterdam <sup>4</sup>1977, 52.

## 1.2 BETEKENIS EN ETIMOLOGIE

Tradisioneel is semantiek die wetenskap wat hom besig hou met die betekenisleer van woorde van 'n taal in die sin van die leksikaliese aanduiding, en wat ook aandag gee aan die betekenisveranderinge van woorde. Laasgenoemde het tot gevolg gehad dat daar in die semantiese nadenke van die oudheid gereken is dat betekenis 'n inherente besit van 'n woord is. Woorde *het* egter nie betekenis nie, maar *dien* vir 'n betekenis. 'n Onderzoek na die betekenis van 'n bepaalde woord in 'n bepaalde konteks, verg 'n ondersoek op 'n semantiese, sintaktiese en kontekstuele vlak. Dit sluit in dat betekenis bepaal word uit die struktuur in taal, uit die konstituente-inhoud van woorde in 'n sin en die relasies van sinne, perikope en groter eenhede. Dit is radikaal anders as die tradisionele semantiese benadering wat meestal van 'n logosentriese of atomistiese standpunt uitgegaan het. In die tradisionele benadering word die etimologie van 'n woord dikwels as belangrik beskou om die *Grundbedeutung* van 'n woord vas te stel wat dan vir die betekenis van die aktuele gebruiksgeval bepalend sou wees. Uit die *vorm* van 'n woord word die *stam* daarvan uitgehaal en dan etimologies ondersoek. James Barr noem dit "root fallacy"<sup>15)</sup>. Volgens die moderne semantiek dra hierdie etimologiese benadering weinig of niks by tot die vasstelling van betekenis in 'n bepaalde konteks nie. Die enigste nut is meestal dat dit die ondersoeker in staat stel om te weet watter betekenisveranderinge 'n woord ondergaan het. Die onderskeid tussen sinchronie en diachronie is daarom een van die ingrypendste insigte van die moderne linguistiek vir die semantiek. In die moderne semantiek val etimologie daarom heeltemal buite die gesigsveld, en moet etimologie

15) *The Semantics of Biblical Language*, 114 vv. en 206 vv.

en semantiek as twee afsonderlike aspekte van die wetenskaplike bestu-  
dering van woorde beskou word 16).

### 1.3 WOORDSEMANTIEK

Die moderne semantiek is 'n betekenisleer wat uit die strukturele benade-  
ring van taal voortgevloei het. Daar bestaan 'n semantiese struktuur in taal  
wat ons kan verdeel in *woordsemantiek* en *sinsemantiek* 17). Wat eersgenoem-  
de betref: Woorde kom in bepaalde semantiese woordvelde voor. So is daar  
byvoorbeeld in Grieks die woordveld van "Mense", "Voedsel en speserye",  
"Kommunikasie", "Psigologiese gebeure", "Eienskappe". ensovoorts 18). Hier-  
die semantiese woordvelde word bepaal uitgaande van die standpunt dat daar  
drie basiese universele semantiese kategorieë bestaan waarin woorde verdeel  
kan word, naamlik objekte, gebeure en abstrakte. Die term *objekte* verwys na  
dinge wat normaalweg aan gebeure deelneem soos huis, hond, man, son, stok,  
water, gees, ensovoorts. Die term *gebeure* dui daad, prosesse, gebeurtenisse  
aan soos hardloop, spring, doodmaak, praat, ensovoorts. Met die term *abstrakte*  
word verwys na kwalitiete, kwantiteite of grade van objekte, gebeure of ander  
abstrakte, en relasies wat as verbinding tussen woorde optree om die betekenis  
van hulle verhouding tot mekaar te bepaal soos "en", "tot", "van", "deur",

16) Vgl. in dié verband onder andere S. Ullmann, *The Principles of Semantics*, Oxford 1957, 171; J.H. Hospers, "Theologie en algemene taalwetenskap", in *Vox Theologia*, 35 (1964/5), 22; B. Siertsema, "Language and World View (Semantics for Theologians)". in *BTr*, 20 (1969), 5-8; W.S. Vorster, "Concerning Semantics, grammatical analysis, and Bible translation," in *Neotestamentica* 8 (1974), 21-41.

17) Vir dié bepaalde terminologie, kyk W.S. Vorster, "Concerning Semantics," 30 en *Aischynomai*, 7vv.

18) Vgl. J.P. Louw, "The Greek New Testament Wordbook," in *NedThT* 28(1974), 130-140.

"teen", ensovoorts <sup>19)</sup>. Dikwels kan twee terme tegelyk vir een woord geld, byvoorbeeld "onderwyser", "danser" en "musikant" wat almal tegelyk objek en gebeure is <sup>20)</sup>. Die woord "onderwyser" kan iets beteken wat aan gebeure deelneem, ("n mens wat onderwys gee"), maar ook iets wat 'n gebeurtenis aandui ("n mens wat *onderwys* gee"). Een en dieselfde woordvorm kan egter in verskillende woordvelde optree, juis omdat elke woord sy eie betekenisveld besit. Dit staan bekend as *polisemie*. Dit sluit in dat een woord vir verskillende betekenis diens kan doen. Elke woord het dus verskillende betekenis moontlikhede of *noempotensies*. Dit is hierdie noempotensies wat tot verskillende semantiese woordvelde kan behoort. Die onderskeidings dinge in die betekenisveld bestaan dus omdat hulle onderling verskil van mekaar, maar in sistematiese opposisie met ander woorde staan wat saamwerk aan die simbolisering van 'n koherente, saamhorig-ervaaarde sake-gebied wat bekend staan as die woordveld <sup>21)</sup>. "Die woordveld bepaal die gebruiksmoontlikhede van 'n woord met betrekking tot dié van die ander woorde in die veld, met ander woorde dit gee aan die woord sy identiteit tussen sy betekenisverwante <sup>22)</sup>". Om die semantiese betekenis van 'n woord te bepaal, moet derhalwe dus kontraste gevind word. Woorde het slegs betekenis ... "in terms of systematic contrasts with other words which share certain features with

- 19) E.A. Nida en C.R. Taber, *The Theory and Practice of Translation*, Leiden 1974, 37-8. "Though from a technical standpoint all *relationals* may be treated as abstracts, there are certain aspects of such meanings which make it useful to consider them as a separate category:" "Report on the Greek New Testament Wordbook for Translators," in *BTh* 24(1973), 142. (Kursivering deur my).
- 20) Vgl. E.A. Nida, "Semantic Structure and Translating", in *BTh* 26(1975), 130.
- 21) C. van Heerden, *Die Veldstruktuur in die Taal*, Diss. Universiteit van Pretoria 1959, 71 en 90.
- 22) C. van Heerden, *a.w.*, 90.



them but contrast with them in respect to other features<sup>23)</sup>". Die identifisering van hierdie "features" staan bekend as *komponente-analise*. "An important point about componential analysis is that it presupposes aspects of the field theory, for instance, the necessity of looking at a set of words in a carefully delineated area which have basic semantic features in common but whose meanings contrast with each other by virtue of one or more differences in respect to several other features<sup>24)</sup>".

Daar is drie basiese tipes semantiese komponente, naamlik (a) gemeenskaplike komponente, (b) diagnostiese komponente, en (c) supplementêre komponente<sup>25)</sup>. Die *gemeenskaplike komponente* is daardie wat deur al die betekenisse van 'n woord gedeel word. "As such they serve to 'define' the domain, in the sense that they prescribe its boundaries by stating the essential features of the included meanings<sup>26)</sup>". Die *diagnostiese komponente* is daardie wat karakteristiek is van een of soms meer van die betekenisse van die woorde binne dieselfde woordveld, maar nie van almal nie. Dit is die komponente wat die belangrikste in die analise is. "... they are the ones which enable us

23) E.A. Nida, *Componential Analysis of Meaning . And introduction to semantic structures*, Den Haag 1975, 32. Die leksikaliese inskrywing in die UBS se beplande *The Greek New Testament Wordbook* sal gedoen word volgens hierdie benadering, en nie bloot alfabeties nie. Vgl. J.P. Louw, "The Greek New Testament Wordbook".

24) A. Lehrer, *Semantic Fields and Lexical Structure*, Amsterdam 1974, 46. Daar moet egter op gelet word dat sinonieme nie op woorde dui met dieselfde betekenis nie. Sinonimiteit word gebruik om woorde te beskryf wat semanties ekwivalent is in sekere kontekste, dit wil sê wanneer die betekenis van twee verskillende woorde in soortgelyke kontekste in hulle semantiese diagnostiese komponente ooreenkom en derhalwe uitruilbaar is in daardie kontekste.

25) E.A. Nida en C.R. Taber, *The Theory and Practice of Translation*, 77 vv.

26) E.A. Nida, *Componential Analysis*, 35, 4.

to say: This is X, not Y" <sup>27)</sup>. Die betekenis van 'n woord in 'n bepaalde konteks word omskryf in terme van sy diagnostiese komponente. Die *supplementêre komponente* is in wese opsioneel van aard. "Some of these give rise to expectations of greater or lesser probability but can be specifically negated without altering the sense of the word"<sup>28)</sup>.

#### 1.4 SINSEMANTIEK

*Betekenis* is iets wat egter meer is as die blote "betekenis" van woorde. Met die *konteks* word deeglik rekening gehou. Betekenis word verkry uit die groepsinhoud van woorde, die sin, die perikoop, die hoofstuk, die hele boek. Woorde, sinne, perikope en groter eenhede word deur die spreker of outeur in bepaalde relasies (struktuur) tot mekaar gebruik om so betekenis en derhalwe kommunikasie moontlik te maak. Om die betekenis van 'n bepaalde woord in 'n bepaalde konteks na te vors, asook die skopus van 'n bepaalde geskrewe stuk taal, moet die struktuur van die groepsinhoud van die woorde, die sinne en die perikope by wyse van gesonde linguistiese reëls vasgestel word. Want uit die analise van die struktuur word bepaal watter noempotensie die aktuele gebruik geval in 'n bepaalde konteks is. Omdat 'n woord *eenmalig* in 'n konteks

27) E.A. Nida en C.R. Taber, *The Theory and Practice of Translation*, 77.

28) E.A. Nida en C.R. Taber, *a.w.*, 77. Vir 'n oorsig oor die verskillende stappe in die analise van diagnostiese komponente, kyk E.A. Nida, *Componential Analysis*, 54-61.

betekenis het <sup>29)</sup>, gebruik die taalgebruiker die toepaslike noempotensie van 'n betrokke woord om in sy taalstruktuur betekenis moontlik te maak. "This structuring may be striking or unnoticed, deliberate or spontaneous, firm or loose, successful or less successful, yet structuring remains an irrefutable fact, whether at a word or sentence or more comprehensive level". En verder: "Structuring as a rule is done practically without being conscious of it. It may nevertheless also be a process consciously executed. This conscious structuring, which may also be called stylisation, is peculiar to all languages. Regarding the Greeks with their strong literary tradition and their sense for logic and beauty of form, we may well conceive that we shall

29) Die linguistiese reël dat 'n woord slegs *eenmalig* in 'n konteks betekenis het, geld ook in gevalle van doelbewuste *dubbelsinnige* aanwending wat ons *woordspel* kan noem. J.P. Louw, *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, 49, verwys in dié verband na die term *katelaben* in Jn. 1:5 wat in Afrikaans weergegee kan word met *oorweldig* en *begryp*. Heelwaarskynlik het ons hier met woorspel te make. Die twee betekenis bly egter hier afsonderlik optree, dit wil sê ons kan die konteks op twee maniere lees. As ons die betekenis *oorweldig* met *begryp* deurmekaar meng, en byvoorbeeld sê dat die aksie van *oorweldig* tegelyk 'n tipe *begryp* insluit, of andersom dat die *begryp* 'n soort van *oorweldiging* is, sal ons ons skuldig maak aan wat J. Barr in sy *Semantics of Biblical Language*, 218, "illegitimate totality transfer" noem. Skrywer dien voorlopig die opinie dat die verskynsel van *oorkarakterisering* waarna J.P. Louw ("Verbale Aspek in Grieks", 'n voordrag gelewer by die 1971 - linguistiekongres in Pretoria, 6vv.) met betrekking tot die wisseling van verbale tempusvorme verwys, ook by die wisseling van woorde wat tot dieselfde semantiese woordveld behoort, toegepas kan word. Dit sal meebring dat die linguistiese reël van die eenmalige betekenis van 'n woord in 'n konteks nie in sommige kontekste toepasbaar sal wees nie. As voorbeeld kan ek verwys na die reduksie van die woorde *anangellein*, *didasklein* en *diamarturein* in Hnd. 20:20-1 en *kērussein* en *katangellein* in 1 Kor. 1:23 en 2:1. Of die beginsel van reduksie bo alle twyfel op die wisseling van woorde toegepas kan word, kan egter alleen deur 'n indringende ondersoek vasgestel word.

find not only spontaneous structuring, but also purposeful structuring<sup>30)</sup>".


Die struktuuranalise word "redevoeringsanalise", of "diskoersanalise" na aanleiding van die engelse *discourse analysis*, genoem. Dit is hoofsaaklik op die *perikoop* as analitiese eenheid gerig. Die rede hiervoor is in die aard van die perikoop self geleë: "A pericope has sufficient 'body' to communicate a manageable whole without losing the sense of its homogeneity... The pericope is the largest perceptible whole, but also the smallest sensible unit of a discourse to be taken separately while still having some autonomy of its own and exhibiting its own peculiar structural pattern<sup>31)</sup>". Uit die aard van die saak is die objektiewe afbakening van die perikoop 'n absolute vereiste. In hierdie verband gee ek voorkeur aan die kriteria wat die Ou-Testamentikus Wolfgang Richter neergelê het, naamlik onder andere herhalinge, spanninge en verskille in sinsbou en lekseemvoorkomste<sup>32)</sup>. Hierdie perikoopafgrensing is egter voorlopig en dit word later deur die struktuuranalise self gekontroleer. Want met behulp van struktuuranalise kan teksbinding en tekssamehang aangedui word, en derhalwe die perikoopsamehange in hulle intertekstuele verband, omdat die analise op die skarniere (pivot points) waaromeen 'n teks uiteen val, konsentreer<sup>33)</sup>. Hier te lande kan die reeds genoemde

- 30) A.B. du Toit, "The Significance of Discourse Analysis for New Testament Interpretation and Translation: Introductory Remarks with Special Reference to 1 Peter 1:3-13", in *Neotestamentica*, 8 (1974), 55.
- 31) J.P. Louw, "Discourse Analysis and the Greek New Testament", in *BTr* 24 (1973), 103. Vgl. ook A.B. du Toit, "The Significance of Discourse Analysis", 57.
- 32) *Exegese als Literaturwissenschaft. Entwurf einer alttestamentlichen Literaturtheorie und Methodologie*, 50-62. Vgl. ook J.A. Loader, *Menslike mag in die Ou Testament*, 16-17. Richter se kriteria met betrekking tot die afbakening van perikope is beter kontroleerbaar as die werkswyse van J.P. Louw, *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, 136-7. (Sien later afdeling 2.3 van hierdie hoofstuk).
- 33) W.S. Vorster, 'n *Ou Boek in 'n Nuwe Wereld. Gedagtes rondom die interprestasie van die Nuwe Testament*, 14.

artikels van J.P. Louw en A.B. du Toit as goeie illustrasies van die tegniek van struktuuranalise met betrekking tot Nuwe-Testamentiese tekste dien. In hoofstukke 10-12 van sy boek, *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, gee Louw in grade van ingewikkeldheid verder illustrasies van die tegniek. Wat die Ou Testament betref, kan daar na die bydraes van J.A. Loader verwys word <sup>34)</sup>.

'n Perikoop word deur 'n outeur opgebou met *sinne*. 'n "Sin" is in die generatiewe taalkunde nie dit wat tradisioneel tussen 'n hoofletter en 'n punt staan nie. Met 'n *sin* word bedoel 'n minimum konstruksie wat nie self lid is van 'n konstruksie nie. In sy kernagtigste vorm bestaan dit uit 'n *nomi= nale* en 'n *verbale* gedeelte <sup>35)</sup>. Aan beide bene kan uitbreidings plaasvind wat soms ook ingebedde sinkonstruksies bevat. So is daar basies vyf soorte sinsboutipes wat in alle tale voorkom, en wat maar uitbreidings is van 'n basiese kernsin naamlik:

(a)



S = sin

N = nominale deel van die sin

V = verbale deel van die sin

(b) die man gee 'n boek

(c) die goeie man gee


(d) die man gee aan hom

(e) die man gee altyd

34) *Menslike mag in die Ou Testament*, asook "Gedagtes oor Gekontroleerde eksegesi".

35) Vgl. onder andere J.P. Louw, *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, 87; J.A. Loader, "Gedagtes oor Gekontroleerde eksegesi", 20; G.J. de Haan e.a., *Basiskursus algemene taalwetenskap*, 31. Taalkundiges maak 'n onderskeid tussen *sinne* en *uitinge*. Alle *sinne* is *uitinge*, maar alle *uitinge* is nie noodwendig *sinne* nie. Vir die doel van sō 'n onderskeid, met die oog op grammatiese taalbeskrywing en analise, kyk J.P. Louw, a.w., 86-87.

Hierdie sinsboutipes kan by mekaar ingebed word en steeds basies een konstruksie vorm. Dit beteken dat hoewel heelwat ander sinsboutipes by 'n bepaalde een ingebed kan word, dit niks daaraan verander dat die oorspronklike waarby ingebed is, die basiese matrikssin bly nie. S6 'n woordstring wat heg aan mekaar bind, word tegnies 'n kolon genoem <sup>36)</sup>. As voorbeeld van 'n meer komplekse kolon kan verwys word na J.P. Louw se analise van Rom. 1:1-7 wat alles een kolon vorm. Die pyltjies dui die uitbreidings aan <sup>37)</sup>.




36) Vir die herkoms van die term kolon, vgl. A.H. Snyman, "'n Struktuuranalise van 1 Korinthiërs 14", in NGTT 19 (1978), 201.

37) J.P. Louw, *Semantiese Struktuuranalise van Romeine, I*, Pretoria 1978, 1. Vir voorbeelde uit Hebreeus, kyk J.A. Loader, "Gedagtes oor Gekontroleerde Eksegese".

Die kolon is die formele sintaktiese kategorie waarmee 'n perikoop se struktuur genanaliseer word. J.A. Loader het aangetoon dat *stichometrie* naas *kolometrie* in die struktuuranalise van Hebreeuse poëtiese tekste toegepas kan word <sup>38)</sup>.

Die kolon word weer op sy beurt met woorde opgebou. Die tegniek om die relasies van woorde in die groepsinhoud van woorde in 'n kolon te bepaal, staan bekend as konstituente-analise na aanleiding van die Engelse "immediate constituent analysis" (IC-analise). Die IC-analise se nadeel is dat dit met die oppervlaktestruktuur werk en dit moet derhalwe aangevul word met 'n ontleding van die dieptestruktuur met behulp van die vroeër genoemde universele semantiese kategorieë, naamlik objekte, gebeure en abstrakte wat te make het met die semantiese funksies van woorde in die dieptestruktuur van 'n taal. Die onderskeiding tussen oppervlaktestruktuur en dieptestruktuur sal in die volgende afdeling kortliks aandag geniet. W.S. Vorster verduidelik die IC-analise aan hand van Mk. 6:17 b <sup>39)</sup>.

*edēsen auton en fulakē dia Herōdiada tēn gunaika Filippou  
 tou adelfou autou hoti autēn egamēsen.*



38) J.A. Loader, *a.w.*, 22 vv.

39) *Concerning Semantics*, 34.

Kola staan op hulle beurt weer in relasie tot mekaar. Hierdie relasies word in die struktuuranalise met verbindingslyne aangetoon. Die relasies bestaan daarin dat die een kolon die ander kolon grammaties en inhoudelik funksioneel maak. Met behulp van sulke verbindingslyne kan kolongroepe in groter perikope aangetoon word. Verbindingslyne wat van die reeds genoemde duidelik onderskei moet word, kan ook aangebring word om byvoorbeeld herhalinge van bepaalde woorde en ander sake wat in die struktuur opval, aan te toon.

Net soos verskillende kola in relasie tot mekaar staan, staan perikope, en ook groter eenhede, in relasie tot mekaar.

Hierdie relasies moet in die struktuuranalise aangetoon word <sup>40)</sup>.

Uit die analise word die tema (= skopus) van die perikoop, en van die boek in sy geheel, teruggevind. Want dit is die merkwaardige wat struktuuranalise uitgewys het, naamlik dat die verskillende kola in 'n perikoop (en die verskillende perikope in 'n boek) om 'n kern heen gebou is <sup>41)</sup> Hierdie kern is niks anders nie as die eintlike ding wat die outeur wil sê, dit wil sê dit is die tema van die perikoop (of boek), of anders gesê: die *skopus*. 'n Goed-geskrewe perikoop sal dus altyd 'n skopus hê, en daar sal derhalwe in elke perikoop 'n skopus aangewys kan word. In sommige gevalle gebruik die outeur 'n bepaalde kolon om die skopus van die perikoop daarin in 'n neutedop saam te vat <sup>42)</sup>. Hierdie een kolon neem dus die sentrale posisie tussen die ander kola in die perikoop is, dit wil sê al die ander kola draai om hierdie een kolon wat dan die wentelpunt, of beter gesê: die fokuspunt van die perikoop genoem word.

40) Vir die aanduiding van perikoopsamehange, kyk J.P. Louw, *Semantiese Struktuuranalise van Romeine*; H.J.B. Combrink, "The Structure of 1 Peter", in *Neotestamentica* 9 (1975), 53 vv.

41) Vgl. in dié verband J.P. Louw, *Semantiek van die Nuwe Testamentiese Grieks*, 123.

42) Byvoorbeeld die kolon *hekastō de didotai hē fanerōsis tou pneumatos pros to sumferon* (1 Kor. 12:7) in die perikoop 1 Kor. 12:4-11.



Die fokuspunt kan in sommige gevalle 'n kolongroep (= "cluster") uitmaak<sup>43)</sup>. En in baie gevalle sal die skopus nie op 'n bepaalde punt in die struktuur van die perikoop, by wyse van 'n enkele kolon of 'n kolongroep, saamgevat wees nie. Dikwels sal die outeur in die gebruik van een bepaalde woord, of woorde wat 'n semantiese eenheid vorm, die aandag op die skopus vestig<sup>44)</sup>. Waar die skopus enigsins in die analise van die oppervlaktestruktuur aan te dui is, moet dit duidelik in die struktuuranalise afgemerk word.

### 1.5 OPPERVLAKTESTRUKTUUR EN DIEPTESTRUKTUUR

Die moderne semantiek wil dus transformasionele arbeid verrig. Eerstens wil dit die struktuur van die oppervlakte bepaal en uitgaande daarvan deurdring tot die dieptestruktuur. Die terme *transformasie*, *oppervlaktestruktuur* en *dieptestruktuur* leun aan by dit wat ons by Chomsky se standaardteorie van taalbeskrywing vind, en waarna ek in afdeling 1 van hierdie hoofstuk verwys het. Dit lyk op hierdie punt nodig om daarop te wys dat wanneer byvoorbeeld J.P. Louw en E.A. Nida hierdie terme gebruik, hulle nie presies dieselfde as by voorbeeld Chomsky bedoel nie. By laasgenoemde gaan dit om taalbeskrywing<sup>45)</sup>. Soos reeds vroeër opgemerk, werk geleerdes soos Louw en Nida met die kategorieë objekte, gebeure en abstrakte by die ontleding van die diep-testruktuur. Hierdie transformasionele proses kan soos volg opgesom en geïllustreer word<sup>46)</sup>:


43) Byvoorbeeld die *hybrismotief* in die perikoop Dn. 3:31-4:34 (Masoretiese Teks) wat klimaktiseer in die lofprysing van Nebukadnesar wat 'n "cluster" in die perikoop vorm (Dn. 4:34):  $k^{ec}an \textsuperscript{3}a n\grave{a}h n^{e}b\grave{u}kaden\grave{s}sar m^{e}y sabbah$   
 $um^{e}r\acute{o}mem um^{e}haddar l^{e}melek \textsuperscript{y}mayy\grave{a} \textsuperscript{d}i kol ma^{ca} b\grave{a}d\acute{o}h\grave{i} q^{e} \textsuperscript{v}sot w^{e} \textsuperscript{v}orh\grave{a}t\acute{e}h$   
 $d\grave{i}n w^{e} \textsuperscript{d}i mahl^{e}k\grave{i}n b^{e}gew\grave{a} y\acute{a}kil l^{e}h\textsuperscript{a}sp\grave{a}l\grave{a}$ .

44) Byvoorbeeld die woord *koinōnia* in die perikoop Flp. 1:3-11.

45) Vir 'n bespreking hiervan, kyk M.C.J. van Rensburg, "Die Sintaktiese Komponent", 9vv. en 20vv.

46) Vgl. in dié verband J.P. Louw, *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, 99vv

Daar moet twee vlakke in taal onderskei word. Die vlak wat ons hoor of in geskrewe vorm sien, is die oppervlaktestruktuur. Onder die oppervlakte lê daar die relasies en vervlegtinge van elemente wat die eintlike bedoe- ling van die segging te kenne gee. Dit is hierdie vlak wat as die diepte- struktuur bekend staan. Hoewel die semantiese gegewens uit die dieptestruk- tuur kom, kan dit egter nie los van die oppervlaktestruktuur geïnterpreteer word nie. 'n Taal bied meestal verskillende maniere om dieselfde saak te stel. Die keuse van 'n outeur waarom hy 'n bepaalde oppervlaktestruktuur gekies het, is semanties belangrik. 'n Belangrike nut van die analise van die oppervlaktestruktuur is dus om vas te stel waarom die outeur gereken het dat die bepaalde oppervlakte die beste representasie van die grondliggende dieptestruktuur is. Dit is 'n saak wat in die lig van die doel van hierdie studie later van groot belang kan wees. In die vorige afdeling is die teg- niek uiteengesit waarvolgens die oppervlaktestruktuur geanaliseer word. Ons is nou geïnteresseerd in hoe die dieptestruktuur agtergehaal kan word. Ons werk met 'n kleiner eenheid en volstaan met 'n voorbeeld van J.P. Louw oor Ef. 1:6<sup>47)</sup>:



Hierdie frase kan konkordant weergegee word met = *tot lof van die heerlikheid van sy guns*. Die konstruksie *heerlikheid van sy guns* word getransformeer tot *sy guns is heerlik*, en aangesien *guns* 'n gebeurewoord is, en die konteks aan- dui dat die onderwerp daarvan God is, transformeer dit verder as *God betoon*

47) *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, 109.

aan ons 'n heerlike (=wonderlike) guns. Die woord *epainon* is 'n gebeure wat die veronderstelde "ons" as onderwerp het met *eis* as relasie van doel. Die voorwerp van die *epainon* is duidelik die *charis*, en gevolglik kan die dieptestruktuur van die geheel weergegee word met *sodat ons die wonderlike guns wat hy ons betoon, kan prys*.

By die metodiese toepassing in hierdie studie ten opsigte van die makarisme=reeks in Mt. 5, sal die onderskeid tussen die oppervlaktestruktuur en die dieptestruktuur in 'n deurlopende stuk taal duideliker word. Om af te sluit kan opgemerk word dat dit belangrik is om te onthou dat hoe nader transformasies aan die kernsin (S→N+V) vlak is, hoe makliker is dit om die betekenis te snap, en dat konstruksies waarin twee selfstandige naamwoorde in die oppervlaktestruktuur voorkom waarvan een in die genitief staan, altyd baie duideliker word as ons die semantiese woordsoorte herlei tot die transformasies van hulle dieptestruktuur, byvoorbeeld: *thelēma theou* : die wil van God = God wil.

## 2. WAT IS GATTUNGSFORSCHUNG?

Die feit van die term *Gattungsforschung* <sup>48)</sup> in die verlede deur verskeie navorsers met verskillende inhoude gevul is, maak dit nodig om vooraf 'n begripsoriëntering ten opsigte van die term aan te bied. Dit sal in die lig van die studie in sy geheel verder ook sinvol wees om 'n oorsigtelike beeld van die historiese gang van hierdie ondersoeksmetode weer te gee. Omdat die oogmerke van hierdie ondersoeksmetode nie by ondersoeke in die Ou Testament ooreenstem met dié in die Nuwe Testament nie (hoewel dit by beide Testamente dieselfde vader het), sal die twee Testamente by só 'n begripsoriëntering afsonderlike behandeling moet geniet. Verder sal die nuwe benadering van *metodepluralie* krities bespreek word in soverre dit die onderhawige ondersoeksmetode raak. Die begripsoriëntering sal ten slotte moet lei na 'n uiteensetting van wat met die term *Gattungsforschung* in hierdie studie bedoel word, en na 'n uiteensetting van die kriteria wat hierdie ondersoeksmetode omgrens.

48) *Gattungsforschung* staan dikwels ook met die terme *Gattungskritik* of *Gattungsgeschichte* bekend. Dit is 'n term wat tradisioneel identies met die term *Formgeschichte* (of die Engelse *Form Criticism*) gebruik is, of die een as "Oberbegriff" ten opsigte van die ander. H. Barth en O.H. Steck. (*Exegese des Alten Testaments. Leitfaden der Methodik*, Neukirchen-Vluyn <sup>4</sup> 1973, 34) wil bv. die term *Form* as "Oberbegriff" gebruik, en *Gattung* as aanduiding van 'n bepaalde kunsvorm wat gekenmerk word deur onderskeidende elemente eie aan dié bepaalde tipe, bv. soos die parallelismus membrorum. Barth en Steck wys daarop dat hierdie onderskeiding reg sal laat geskied aan die term *Formgeschichte* wat in die algemene spraakgebruik as die algemene term vir hierdie ondersoeksmetode geld. Dit is interessant dat 'n navorser soos F. Crüsemann, *Studien zur Formgeschichte von Hymnus und Danklied in Israel*, Neukirchen 1969, die terme *Gattung* en *Form* egter presies omgekeerd in terme van die voorafgaande wil gebruik. (Vgl. in hierdie verband ook L. Markert, "Formen- und Gattungskritik", 84 nota 79). My voorkeur om die term *Gattungsforschung* te kies as aanduiding vir die metode van ondersoek na literêre tipes in Bybelse literatuur sal hopelik aan die einde van die begripsoriëntering duidelik spreek.

## 2.1 DIE OU TESTAMENT

### 2.1.1. HISTORIESE OORSIG

Hermann Gunkel (1862-1932), beïnvloed deur die Grimmbroers (Jakob en Wilhelm) se studie van Duitse volksoorleweringe en die klassifikasie daarvan deur hulle in sprokies, mites, sages en legendes, was die eerste geleerde wat *Gattungs=forschung* sistematies beoefen het.

*Gattungs=forschung* as 'n element in die histories-kritiese model van eksegesi van Ou-Testamentiese tekste, het sy ontstaan te danke aan die eensydigheid van die ou *literarkritische* <sup>49)</sup> metode (soos dit veral deur 'n tydgenoot van Gunkel, Julius Wellhausen, beoefen is). Dié kon nie 'n antwoord bied op vrae oor die pre-literêre geskiedenis van die geïdentifiseerde "bronne" en die eenhede binne die "bronne" nie. Met Wellhausen vind ons wel dié ontwikkeling dat die klem verskuif is van bloot die identifisering van "bronne" na die vrae oor die bepaalde sosio-kulturele situasie en daarmee saam die motivering wat aanleiding kon gegee het waarom bepaalde "bronne" die lig gesien het <sup>50)</sup>. Hy was veral daarin geïnteresseerd om op grond van die resultate van die sogenaamde "bronne-kritiek" die geskiedenis van Israel te rekonstrueer. Die "bronne" is egter hoofsaaklik as geskrewe geïnterpreteer.

Dit was Hermann Gunkel wat met sy ondersoek na die beïnvloeding van mondelinge oorlewering op die skriftelike vergestaltung van Ou-Testamentiese tekste, nuwe perspektiewe geopen het <sup>51)</sup>. Volgens hom is dit die eerste taak van die literêre kritikus om die verskillende literêre tipes (*Gattungen*) wat in die Ou Testament voorkom, te identifiseer, en om die formele kenmerke van elke tipe te

49) Soos later aangetoon sal word, verkry die term *Literarkritik* by Wolfgang Richter 'n ander inhoud.

50) Vir 'n oorsig oor hierdie ontwikkeling kyk o.a. bl. iv van die redakteurs= voorwoord van *Guides to Biblical Scholarship. Old Testament Series*, Philadelphia, in die dele waarvan J. Coert Rylaarsdam die redakteur is.

51) Vgl. in hierdie verband W.E. Rast, *Tradition History and the Old Testament*, Philadelphia 1972, 3.

beskryf; die styl daarvan te omlyn en die wyse van komposisie en retoriek te artikuleer, en dan om die geskiedenis daarvan terug te volg tot by sy pre-literêre stadium. Gunkel het verder die opinie gehuldig dat konvensie in 'n baie groot mate die voorkoms en bewoording van die verskillende literêre tipes bepaal. Hy wou daarom soveel voorbeelde as moontlik van elke literêre tipe in die Ou Testament en aanverwante literatuur versamel.

Gunkel het dus aangetoon dat die ondersoek na die situasie in die alledaagse lewe waarbinne 'n bepaalde literêre tipe sy lewendige konteks het, baie nou verwant is aan die identifisering van literêre tipes. Oorwinningsliedere is gesing by die terugkoms van die oorwinnaar, klaagliedere by 'n begrafnis, instruksies word deur die priester by die tempel afgekondig, ensovoorts <sup>52</sup>). Gunkel was beïndruk met die groot getalle ooreenkomste van literêre tipes tussen die godsdienstige literatuur van Mesopotamië, Egipte en die Ou Testament, en hy het waargeneem dat hierdie ooreenkomste veroorsaak is deurdat

52) Vgl. James Muilenburg, "The Gains of Form Criticism in Old Testament Studies", in *EXpT* 71 (1959/60), 229.

literêre tipes oor en oor gebruik is <sup>53</sup>). Hierdie ondersoek na die geskiedenis van literêre tipes het hy *Gattungs-forschung* of *Literaturgeschichte* genoem. Dit is in die algemene vaktaal al meer geïdentifiseer met die term *Formgeschichte* (Engels: *Form Criticism*), en s6 het Gunkel die grondslag gelê vir die latere *formgeschichtliche* ondersoeke wat sowel binne die Ou Testament as die Nuwe Testament gedoen is.

Gunkel se benadering kan ten slotte aan die hand van drie basiese beginsels opgesom word. Die eerste is dat ons moet aanvaar dat die meeste van die Ou-Testamentiese tekste 'n lang en dikwels gekompliseerde mondelingse geskiedenis het.

- 53) Vgl. Gene M. Tucker, *Form Criticism of the Old Testament*, in die reeks *Guides to Biblical Scholarship, Old Testament Series*, Philadelphia <sup>3</sup> 1975, 6. Gunkel se twee monumentale werke was veral sy kommentaar op die boek Genesis (*The Legends of Genesis. The Biblical Saga and History*, vertaal deur W.H. Carruth, New York <sup>2</sup> 1966, vir die eerste keer in Duits gepubliseer: 1901) en sy inleiding op die Psalms (*Einleitung in die Psalmen, Die Gattungen der religiösen Lyrik Israels*, Göttingen 1933). Vir 'n samevatting van sy bydrae in 'n afsonderlike publikasie, kyk *Die Israelitische Literatur*, (Herausg.) Darmstadt 1963. Wat die boek Genesis betref, het hy probeer aantoon dat dit in die loop van verskillende komplekse stadia ontwikkel het tot die vorm soos ons dit vandag het. Agter die finale stadium kan 'n vroeëre tydperk onderskei word waartydens die amalgamasie van verskillende onafhanklike *sages* plaasgevind het. Toe hierdie *sages* by die groter verhaal geïnkorporeer is, was dit gewoonlik reeds in prosa omgesit, terwyl dit op 'n vroeëre periode in 'n poëtiese vorm oorgelewer is, en wel by wyse van mondelingse oorleweringe. Wat die Psalms betref, het Gunkel vyf literêre hoof-tipes onderskei wat almal kulties van oorsprong is en ook algemeen voorkom in die wyer konteks van Israel se godsdienstige literatuur, nl. die *Hymnus*, die *Klagelieder des Volkes*, die *Königspalmen*, die *Klagelieder des Einzelnen*. Afgesien van bg. hoof-tipes, het hy verder nog vier ander kategorieë onderskei nl. die *Wallfahrtslieder*, die *Danklieder des Volkes*, die *Weisheitsdichtung* en die *Liturgie*; en ten slotte 'n kategorie op sy eie, die sogenaamde *Mischungen* of *Mischgedichte*.

Die tweede beginsel is dat wanneer literêre tipes ontstaan, hulle in die loop van hulle gebruik kan ontwikkel, en daarom kan verander, of met ander kan vermeng en selfs nuwes kan vorm, of ten slotte kan verdwyn. Die derde beginsel is dat elke tipe sy oorsprong in 'n spesifieke sosio-kulturele situasie het, aangedui met die tegniese term *Sitz im Leben*.

### 2.1.1. DIE TRADISIONELE FORMGESCHICHTE BINNE DIE OU-TESTAMENTIESE WETENSKAP

Die omskrywing van die *formgeschichtliche* metode soos dit tradisioneel binne die Ou-Testamentiese eksegeese beoefen is, word gedoen aan die hand van drie werke wat, reken ek, eksemplaries vir sowel die Duitse as die Anglosaksiese wêreld dien, naamlik die werk van Klaus Koch, *Was ist Formgeschichte? Neue Wege der Bibelexegese*, asook die werk van Hermann Barth en Odil H. Steck, *Exegese des Alten Testaments. Leitfaden der Methodik*, en dié van Gene M. Tucker, *Form Criticism of the Old Testament*.

Die *formgeschichtliche* metode van ondersoek is geïnteresseerd in die besondere literêre vorm (=Form), oftewel die struktuur (=Gestaltung), waarin 'n teks= eenheid uiteenval. Volgens H. Barth en O.H. Steck word met "struktuur" bedoel die karakteristieke wyse waarop die bepaalde tekseenheid opgebou is en wat veroorsaak dat die eenheid as 'n bepaalde literêre vorm (=Gattung) geïdentifiseer kan word. Die presiesheid en aanvoelingsvermoë waarmee die karakteristieke opbou van die tekseenheid waargeneem word, is baie belangrik<sup>54)</sup>. Dit word veral geleidelik deur die vroeë na aaneenskakelende elemente soos byvoorbeeld woorde wat 'n logiese verband aantoon (*lāken, kī*, ensovoorts), grammatikale fenomene soos byvoorbeeld sinsoorte (imperatiewe, kondisionele of kousale sinne, ensovoorts), asook vroeë na bepaalde formules (*d<sup>e</sup>bar yhw<sup>h</sup> 'ay<sup>y</sup>ser hāyā*)<sup>54)</sup> *el, kō 'āmar yhw<sup>h</sup>, 'ārūr hā*) *lā 'ay<sup>y</sup>ser*, ensovoorts). Hierdie vroeë word nou met behulp van 'n vergelykende ondersoek gekontroleer, gekorrigeer en gepresies-

54) H. Barth en O.H. Steck, *a.w.*, 57.



seer deur ook na ander voorbeelde van dieselfde literêre vorm te kyk. Dit bly egter twee afsonderlike stappe in die *formgeschichtliche* analise, hoewel die resultate van beide by mekaar in ag geneem word <sup>55)</sup>. Soos later by die afdeling 'N NUWERE BENADERING TOT GATTUNGSFORSCHUNG aangetoon sal word, is hierdie tradisionele kriteria wat by die identifisering van *Gattungen* moet geld, te subjektief van aard, en vereis dit daarom 'n baie meer objektiewe omgrensing en beskrywing.

Die vormgewing van literêre produkte word vanweë die lewendigheid van taal nie altyd eenvormig in 'n skematiese gelykvormigheid gegiet nie. Differensiering tussen afsonderlike voorbeelde en aanverwante vorme moet verwag word. Grotere afwykinge en omvorminge kan toegeskryf word aan 'n verandering wat in die loop van die geskiedenis van die literêre vorm self ingetree het, of dit kan aandui dat die besondere inhoud en/of die eienaardigheid van dit wat die skrywer wou sê, die afwyking of omvorming te weeg gebring het. 'n Bepaalde literêre vorm (=Rahmengattung) kon ook elemente van 'n ander opneem (Gliederung <sup>56)</sup>).

Wanneer differensiering dui op doelbewuste afwykinge van die karakteristieke opbou, of op 'n ontwikkeling en verandering in die loop van die lang gebruiksgeskiedenis van 'n bepaalde literêre vorm, kan 'n bepaalde "Überlieferungsstufe" van die betrokke eksemplaar van die literêre vorm onderskei word. Dit heet die *gattungsgeschichtliche* ondersoek <sup>57)</sup>, en dit word gedoen deur die betrokke teks met ander eksemplare van soortgelyke literêre vorms met me-

55) H. Barth en O.H. Steck, a.w. 58.

56) H. Barth en O.H. Steck, a.w. 59.

57) Die term *Gattungsgeschichte* word in hierdie verband nie identies met die term *Formgeschichte* gebruik nie, maar wel as 'n element van die *formgeschichtliche* ondersoek. Laasgenoemde is ook die inhoud wat ek in hierdie studie aan die term *Gattungsgeschichte* heg.

kaar te vergelyk. Enkele modifikasies wat eenmalig deur die skrywer aangebring is, is hier nie ter sake nie, behalwe as sulke modifikasies ook *gattungsgeschichtlich* werksaam word. Die materiaal vir 'n *gattungsgeschichtliche* ondersoek is geleë binne die Ou Testament en sy "Umwelt".

Hierdie stap in die tradisionele *Formgeschichte* is wesenlik diachronies van aard, en om "Geschichtlichkeit" as kriterium by die identifisering van *Gattungen* te gebruik, is een van die grootste swakhede in die tradisionele benadering (sien later).

'n Eksegeet kan egter nie net die literêre vorme en hulle geskiedenis bestuur nie, hy moet ook na hulle *Sitz im Leben* vra. Die *Sitz im Leben* is die resultaat van gewoontes wat in 'n bepaalde kultuur in 'n bepaalde tyd geheers het en wat so 'n belangrike rol aan die sprekers en hoorders of skrywers en lesers toegeken het, dat besondere literêre vorme nodig geag is as 'n middel vir die uitdrukking<sup>58)</sup>. So is daar byvoorbeeld die aktiwiteite van die kultus, wetlike instellings, gebruike en instellings van die koninklike hof, ensovoorts. Die beskrywing van die *Sitz im Leben* word op grond van tweërlei uitgangspunte bepaal, naamlik uitgaande van die literêre vorm self en tweedens uitgaande van die sosio-kulturele besonderhede. Wat die eerste betref, is die insig in die kenmerkende eienskappe van sowel die literêre vorm as van die breë konteks waarin dit voorkom, nodig om die *Sitz im Leben* te herken. Dit word gelei deur vrae soos: Wie is die skrywer? Wie is die lesers? Op watter geordende lewenssituasie wys die opbou, die sienswyse en inhoud van die betrokke literêre vorm? Wat die tweede betref, is kennis van Israel en dan ook van die Oudoosterse huishouding, sosiaal-kultiese en godsdiensgeskiedenis

58) K. Koch, *Was ist Formgeschichte? Neue Wege der Bibelexegese*, 35-36. Vgl. ook J. Annandale, "Wat is 'Formgeschichte?'" , 'n artikel gebaseer op die boek van Klaus Koch, *Th Evang 4* (1971), 18.

denis noodsaaklik. Die Oudisraelitiese lewenswyse was nou verbonde aan die instellings van die antieke wêreld. Hof en tempel, byvoorbeeld, het die daaglikse lewe van die Egiptenaar, Babiloniër en Assiriër net soos van die Israeliet bepaal <sup>59)</sup>.

Dit is 'n aspek van die tradisionele *Formgeschichte* wat swaar steun op buite-tekstuele gegewens en waar die onderskeid tussen sinchronie en diachronie feitlik glad nie in berekening gebring word nie (sien later).

Die *gattungsgeschichtliche* vraag het ook die kwessie na vore gebring dat 'n bepaalde literêre vorm buite sy oorspronklike *Sitz im Leben* gebruik kan word. Dit gebeur byvoorbeeld dat 'n bepaalde *Sitz im Leben* nie meer bestaan nie en die literêre vorm afgesny is van sy ontstaanplek, soos dit inderdaad op verskillende geleenthede in die geskiedenis van Israel die geval was. Gedurende byvoorbeeld die tydvak van Dawid en Salomo toe die instellings van die sogenaamde amfiktioniese samestelling plek moes maak vir dié van die monargie, is 'n groot aantal literêre vorme ontwortel en het 'n aantal nuwes ontstaan <sup>60)</sup>. Dit kan egter ook gebeur dat 'n literêre vorm voortbestaan (al het sy oorspronklike *Sitz im Leben* verdwyn) en dan oorgaan na 'n ander *Sitz im Leben*. Maar dit kan ook gebeur dat 'n *Sitz im Leben* in so 'n mate ontwikkel dat nuwe vorme benodig word, en dan word volledige literêre vorme van 'n ander *Sitz im Leben* oorgeneem of elemente daarvan. Dit beteken dan 'n verandering van literêre vorm, want daar kan in sulke gevalle dan nie meer van dieselfde literêre vorms sprake wees nie <sup>61)</sup>.

Die verband tussen die literêre vorm en sy *Sitz im Leben* is dus nie altyd

59) K. Koch, *a.w.*, 43; J. Annandale, *a.w.*, 22.

60) K. Koch, *a.w.*, 44.

61) H. Barth en O.H. Steck, *a.w.*, 63.

so eenvoudig nie; dit kan soms baie meer kompleks van aard wees, en dikwels sal dit nie moontlik wees om die *Sitz im Leben* te bepaal nie.

Ten slotte kan in verband met die *Sitz im Leben* opgemerk word dat dit nie 'n term is wat primêr na die datering of die historiese tydvak van die betrokke literêre vorm verwys nie. Dit gaan primêr om 'n sosio-kulturele *instelling*, hoewel datering ook 'n rol in hierdie verband speel <sup>62)</sup>.

Net soos elke literêre vorm in korrelasie met sy bepaalde *Sitz im Leben* ontstaan, so ontstaan dit ook om aan 'n bepaalde doel te voldoen; en dit bly voortbestaan solank dit funksioneel vir daardie bepaalde doel bly <sup>63)</sup>. Die *formgeschichtliche* ondersoek is dan ook daarin geïnteresseerd om agter te kom wat die *intensie* is van juis die bepaalde manier van sê ("Aussageintention"). Dit natuurlik met die voorveronderstelling dat daar 'n korrelasie tussen *inhoud* en *vorm* bestaan <sup>64)</sup>. In dié verband merk K. Koch in nasegging van Gunkel op: "Formgeschichte ist ein Form und Inhalt zugleich untersuchendes verfahren" <sup>65)</sup>. En verder: "So bestimmt die Gattung jeweils im voraus schon die Gültigkeit des Inhalts und grenzt ihn bestimmter Richtung ein. Kein Mensch würde z.B. auf den Gedanken kommen, in einem Reklamebrief nach tiefen Gedanken über Gott, Mensch und Welt zu forschen, wie andererseits ein religiöser Traktat in der Regel nicht über die Entwicklung der Marktpreise zu erkennen gibt. Durch die Form der Gattung wird also der "Inhalt" schon vorherbestimmt" <sup>66)</sup>. Die vraag na die "Aussageintention" moet egter nie as 'n poging opgeneem word om "the mind of the ancient writer or speaker" te lees nie; ... "it is rather an attempt to discern what function the genre served

62) Vgl. Gene M. Tucker, *a.w.*, 15.

63) Gene M. Tucker, *a.w.*, 16.

64) H. Barth en O.H. Steck, *a.w.*, 54.

65) K. Koch, *a.w.*, 5 nota 3.

66) K. Koch, *a.w.*, 5. (My kursivering).

or attempted to serve in its ancient setting"<sup>67)</sup>. Tucker maak in dié opsig die verdere verdienstelike opmerking: "We must focus attention both upon the intention of the genre in general and upon the specific intention of the particular example before us".

In die lig van die voorafgaande behoort daar dus tussen die *form* (=Aussage"), die *intensie* van die *form* ("aussageintention"), en laastens die *inhoud* self, 'n onderskeiding, maar nie 'n skeiding nie, getref te word. Hoewel daar dus 'n aanvoeling hiervoor by die eksponente van die tradisionele metode bestaan het vind ons ongelukkig nie 'n duidelike metodies gespesifiseerde toepassing daarvan by hulle nie - selfs sō dat W.S. Vorster die opmerking gemaak het dat *form* en *inhoud* konstant by die tradisionele *Formgeschichte* geskei is <sup>68)</sup>

Klaus Koch wil nog 'n verdere twee aspekte as deel van die *formgeschichtliche* ondersoek reken, naamlik die *Traditionsgeschichte* en die *Redaktionsgeschichte*. Barth en Steck is myns insiens oortuigend in hulle opvatting om nie dieselfde mening te huldig nie <sup>69)</sup>. Dit is twee metodefasette wat elk 'n afsonderlike behandeling verdien <sup>70)</sup>, hoewel aspekte van die *gattungsgeschichtliche* vraag raakpunte daarmee kan hê. Net so kan die kwessie van die mondelingse oorlewering wat veral by die *traditionsgeschichtliche* ondersoek ter sake is, miskien by die *gattungsgeschichtliche* vraag 'n rol speel soos dit inderdaad by Gunkel die geval is. Vandaar ook sy term *Literaturgeschichte* wat hy identies met *Gattungsforschung* gebruik.

## 2.2 DIE NUWE TESTAMENT

---

67) Gene M. Tucker, a.w., 16.

68) W.S. Vorster, 'n *Ou Boek in 'n Nuwe wêreld*, 13. (My kursivering).

69) H. Barth en O.H. Steck a.w., 56. So ook L. Markert, "Formen - und Gattungskritik", 85.

70) Vgl. J.A. Loader, "Gedagtes oor gekontroleerde eksegeese", 5.

### 2.2.1. HISTORIESE OORSIG

Hoewel dit die Nuwe-Testamentikus Martin Dibelius wat wat vir die eerste keer die term *Formgeschichte* gebruik het, was *Formgeschichte* aanvanklik nie soseer binne die Nuwe-Testamentiese wetenskap beoefen nie, maar wel binne die Ou-Testamentiese wetenskap — hoofsaaklik vanweë die arbeid van Hermann Gunkel. Net soos in die geval van die Ou-Testamentici, het Nuwe-Testamentiese eksegete vanweë die eensydigheid van die ou *literarkritische* metode en die invloed van Hermann Gunkel, hulle begin wend na die *formgeschichtliche* ondersoeksmetode. In die vroeë stadium het die belangstelling hierin hand aan hand met die sogenaamde *religiongeschichtliche* skool gegaan.

J.G. Herder (1744-1803) was aanvanklik geïnteresseerd in die ou volksliteratuur. Hy was die eerste om, met sy insigte in die betekenis en vorme van die oudste evangeliese oorlewerings, die probleme van die *formgeschichtliche* Evangelienforschung te verken <sup>71)</sup>. 'n Bykans honderd jaar later spreek F. Overbeck hom in 1882 ten gunste daarvan uit dat sodanige ondersoek op die "Christliche Urliteratur" toegepas word. Eers in die jaar 1908 vind ons dat J. Weiss dit begin toepas, maar ten spyte van die verskyning van die boek *Die urchristlichen Literaturformen* in 1912 deur P. Wendland was die belangstelling in literêre vorme by Nuwe-Testamentiese eksegete nog baie gering. In 1913 verskyn die boek *Agnostos Theos. Untersuchungen zur Formgeschichte religiöser Rede*, van E. Norden. In hierdie boek het hy hom besig gehou met 'n ondersoek na die Areopagusrede van die Handelingboek as "Typus einer Missionspredigt". Daarby het hy waardevolle inligting gebied ten opsigte van die "Stilgeschichte der

71) W.G. Kummel, *Das Neue Testament, Geschichte der Erforschung seiner Probleme*, Freiburg <sup>2</sup> 1969, 98. aangehaal deur Heinrich Zimmermann, *Neutestamentliche Methodenlehre. Darstellung der Historisch-Kritischen Methode*, Stuttgart <sup>4</sup> 1974, 130 nota 2.

Gebets- und Prädikationsformeln" in die Nuwe Testament. Die twee filoloë P. Wendland en E. Norden het kort voor die Eerste Wêreldoorlog met voorbeelde van "Form"-ondersoeke na vore gekom. Maar dit was eintlik eers na die einde van die Eerste Wêreldoorlog dat *formgeschiedlike* werke in Duitsland begin verskyn het waarvan die eerstes en grondleggers K.L. Schmidt (*Rahmen der Geschichte Jesu* 1919), Martin Dibelius (*Die Formgeschichte des Evangeliums* 1919) en Rudolf Bultmann (*Geschichte der synoptischen Tradition* 1921) was <sup>72)</sup>. Latere arbeid op hierdie terrein het in wese beperk gebly tot kommentaar op en variasies van die indelings van hierdie drie geleerdes.

#### 2.2.2. DIE TRADISIONELE FORMGESCHICHTE BINNE DIE NUWE-TESTAMENTIESE WETENSKAP.

Hierdie ondersoeksmetode wat aanvanklik hoofsaaklik ten opsigte van die sinoptiese evangelies toegepas is, gaan van die standpunt uit dat die evangelies as "populêre" literatuur, eerder as literêre werke in die klassieke sin, beskou moet word en dat ons moet aanvaar dat die tradisies oor Jesus eers mondeling oorgelewer is voordat dit op skrif gestel is. Gedurende die mondelinge stadium het hierdie tradisies sekere vorme aangeneem na gelang van die aard van die funksie wat dit binne die oer-Christelike gemeenskap gehad het. "Form

72) Dibelius se klassifikasie van literêre tipes in die evangelies word aan die hand van vyf kategorieë met hulle onderafdelings gedoen, nl. die sogenaamde paradigma, die novelle, legende, mite en paranese. (Hoewel Dibelius die "lydensverhaal" as 'n tipe op sy eie reken, kan wesenlike besware daarteen ingebring word dat hy dit hoegenaamd as 'n literêre tipe beskou). Bultmann varieër hierop en noem byvoorbeeld Dibelius se paradigma *apothegma* en neem die *Sitz im Leben* van hierdie literêre tipe ook baie wyer as Dibelius op. V. Taylor (*The Formation of the Gospel Tradition*, London 1933) noem hierdie bepaalde vorm weer "pronouncement-stories". Sō is Bultman se benadering ten opsigte van die *paraneses* ook baie breër as Dibelius s'n, en verstaan hy onder *mites* ook heeltemal iets anders as Dibelius.

critics recognize certain *forms* or categories in the gospel tradition and insist that these distinctive *forms* are no creation of accident or free invention, but are determined by *the setting* in which they arose and *the purpose* for which they were used<sup>73)</sup>. Die Engelse woord *setting* is die vertaalekwivalent van die tegniese term *Sitz im Leben*. "Umfassend kann man für die neutestamentliche Literatur die Verkündigung der Frohbotschaft, die christlichen Gottesdienst und die christliche Glaubensunterweisung als den *Sitz im Leben* der Urkirche angeben"<sup>74)</sup>. Baie geleerdes maak nog 'n verdere onderskeid, naamlik tussen die *Sitz im Leben der alten Kirche* en die *Sitz im Leben Jesu*. Sommige wil tussen hierdie twee onderskeidings by die evangelies nog 'n derde onderskeid, nl. dié van die evangelis self. Hierdie onderskeiding hou verband met die hele kwessie van die *ipsissima verba Jesu* en die *ipsissima vox Jesu*. Net soos in die geval van die Ou Testament, word by die Nuwe Testament dus ook aandag gegee aan die veranderinge wat vanaf die oorspronklike *Sitz im Leben* in die loop van die gebruik van 'n literêre vorm kon ingetree het.

Om op te som: Die doel van die *formgeschichtliche* metode is om te beskryf wat gebeur het toe die tradisies aangaande Jesus mondelings (van persoon tot persoon, en van gemeenskap tot gemeenskap) oorgelewer is, tot by die stadium toe dit skriftelik vergestalt is. Pogings is aangewend om aan te toon dat die gemeenskap waarbinne hierdie tradisies oorgelewer is, nie net 'n lewendige invloed op die *inhoud* van die tradisies gehad het nie, maar ook veroorsaak het dat die tradisies *formele eienskappe* vertoon na gelang van die funksie waar-

73) Stephen H. Travis, "Form Criticism", in I.H. Marshall (red.), *New Testament Interpretation. Essays in Principles and Methods*, Exeter 1977, 154. (My kursivering).

74) H. Zimmermann, *Neutestamentliche Methodenlehre*, 173.



voor dit gedien het "as occasion demanded" 75).

'n Goeie voorbeeld van 'n hierdie tradisionele *formgeschiedtelike* ondersoek is miskien dié van C.H. Dodd 76) met betrekking tot die makarismeperikope in die evangelies. Volgens Dodd vertoon die makarismeperikope in die Matheus- en Lukasevangelie *verskillende vorms* waarvan elkeen 'n eie onderskeiende en karakteristieke literêre produk is. Dié is verwant aan verskillende bestaande komposisionele *vorme* en elkeen staan, ten spyte van hul groot gemeenskaplikheid, op sy eie voet. Die *inhoud* van die *vorm* in die Lukas-perikope (makarismes teenoor wee-uitroepe) verkondig 'n ommekeer van toestande.

75) Dan O. Via, Jnr., redakteursvoorwoord: *Guides to Biblical Scholarship. New Testament Series*, Philadelphia, vi. In die Nuwe-Testamentiese teologie, op grond van die resultate van die historiese kritiek, het vrae oor die *ipsissima verba Jesu/ipsissima vox Jesu* aan die een kant, en vrae oor die invloed van die sg. "gemeenteteologie" aan die ander kant, tot heelwat diskussie met betrekking tot die vraagstuk oor die sg. "historiese Jesus" gelei. Vir 'n oorsig oor die standpunte van Dibelius en Bultmann hieroor, kyk Edgar V. McKnight, *What is Form Criticism?*, in die reeks *Guides to Biblical Scholarship. New Testament Series*, Philadelphia 5 1975, 33-37, en vir 'n oorsig oor meer resente ontwikkeling in hierdie verband, kyk Joachim Jeremias, *The Problem of the historical Jesus*, vertaal deur N. Perrin, Philadelphia 2 1972. Volgens hoofstuk 1 van McKnight se boek blyk dit dat 'n groot deel van die sg. "bronne-kritiek" m.b.t. die evangelies as studie voorwerp van die *formgeschiedtelike* metode geneem word. Dan. O. Via (redakteursvoorwoord) sowel as William A. Beardsly (*Literary Criticism of the New Testament*, Philadelphia 3 1975), daarenteen, beskou dit as voorwerp van die ou *literarkritiese* metode. Dit verklaar dan McKnight se interesse in die vraagstuk oor die historiese Jesus en ook waarom hy die geskiedenis van die *formgeschiedtelike* metode terugvoer na Reimarus, Streeter, Wrede, Schweitzer, Weiss en Wellhausen (bl. 3-10) - almal geleerdes wat in die "bronne-kritiek" ten opsigte van die evangelies geïnteresseerd was, en daarom ook in die vraagstuk oor die historiese Jesus. By Bultman het sy *formgeschiedtelike* ondersoek hom gelei tot sy sg. "ontmitologiseringsprogram" wat tot vandag groot invloed in die Nuwe-Testamentiese hermeneutiek het.

76) C.H. Dodd, "The Beatitudes: a form-critical study", in *More New Testament Studies*, Manchester 1968, 1-10.

Dodd noem hierdie verskynsel die *peripeteia* — 'n saak wat ook in ander perikope in die evangelies voorkom. Die inhoud van die Matteus-perikoop het weer 'n etiese strekking. Volgens Dodd bied hierdie bevindinge genoegsaam aanleiding tot die volgende vraag: Reflekteer hierdie twee onderskeie *forme*, wat albei as "primitive" gereken kan word, ook twee vorme wat Jesus self by verskillende geleenthede sou gebruik het, of het die *forme* ontwikkel na gelang die oergemeente in sy verkondigings of kategetiese aktiwiteite dit begin gebruik het?

Hierdie voorbeeld word spesifiek aangehaal om aan te toon dat die tradisionele *formgeschichtliche* metode in die Nuwe-Testamentiese wetenskap, net soos in die geval van die Ou-Testamentiese wetenskap, uitgegaan het van die standpunt dat daar 'n korrelasie tussen *form* en *inhoud* bestaan. Maar, net soos in die geval van die Ou-Testamentiese werkswyse is die *form* nie volgens vaste omlynde kriteria geïsoleer nie, en is die *Gattung* op die ou end feitlik slegs met behulp van inhoudelike norme bepaal.

Die indruk moet egter nie verkry word dat die evangelies die enigste literatuur binne die Nuwe Testament is wat die voorwerp van die Nuwe-Testamentiese *formgeschichtliche* ondersoek geword het nie. Heinrich Zimmerman byvoorbeeld, wil binne die deskriptiewe literatuur van die Nuwe Testament twee dominante vormsoorte onderskei, naamlik die liturgiese en die paranetiese. Onder die eersgenoemde kategorie deel hy literêre vorme in soos die himne, belydenisse en eucharistie-tekste. Onder laasgenoemde reken hy vorme soos die deug-ondeug-katalogusse, die sogenaamde huistafels en "pligte"-katalogusse <sup>77)</sup>. 'n Groot aantal monografieë en studies oor nuut geïdentifiseerde literêre vorms het in die loop van die tyd ook die lig gesien.

77) H. Zimmermann, *Neutestamentlichen Methodenlehre*, 160-8.

Hierdie klassifikasies vertoon in die algemeen gesien, groot gebreke. Die kriteria waarvolgens navorsers soos byvoorbeeld Dodd en Zimmermann hulle indelinge bepaal, berus op geen objektiewe en vaste grond nie. In die volgende afdeling van hierdie studie sal ek vervolgens die leemtes van die tradisionele benadering verder aantoon en die kriteria aanbied vir 'n nuwere en verfynde benadering.

### 2.3 'N NUWERE BENADERING TEN OPSIGTE VAN GATTUNGSFORSCHUNG

Die Bybelse literatuurwetenskap het vir 'n tyd lank nie van die resultate van die resente ontwikkeling op die gebied van die algemene linguistiek (soos beskryf onder die afdeling: *WAT IS SEMANTIEK?*) kennis geneem nie. Die situasie het vandag egter ietwat verander. Dit was James Barr wat met sy boek *The Semantics of Biblical Language* in 1961 aangetoon het dat die belang van die linguistiek vir die bestudering van Bybelse tale vanselfsprekend behoort te wees. Wat *Gattungsforschung* betref, was dit veral die Duitse Ou-Testamentikus Wolfgang Richter<sup>78)</sup> wat op grond van die nuwere insigte, met 'n ander bril na die tradisionele *formgeschichtliche* ondersoeksmetode begin kyk het. Veral twee insigte in hierdie verband is hier ter sake, naamlik Ferdinand de Saussure se onderskeid tussen *la langue* en *la parole*, en tweedens die onderskeid tussen diachronie en sinchronie. Die uitgangspunt vir hierdie studie in soverre dit die aspek van *Gattungsforschung* raak, is hoofsaaklik dié van Richter en eksponente van sy benaderingswyse. Die motivering hiervoor sal in die loop van die uiteensetting wat ek van hierdie werkswyse vervolgens gaan aanbied, meen ek, vanself blyk.

78) Sien sy reeds vermelde boek *Exegese als Literaturwissenschaft. Entwurf einer alttestamentlichen Literaturtheorie und Methodologie*, en veral die hoofstuk *Die Gattung*, 125-152. Kyk ook sy artikel "Formgeschichte und Sprachwissenschaft", in *ZAW*, 82 (1970), 216-224.

Richter se eksegetiese benaderingswyse staan bekend as die sogenaamde "metodepluralie". Dit is 'n eksegetiese benadering waarin verskeie metode= diese fasette almal hulle goeie reg en noodsaak het, soos *Literarkritiek*, tekstkritiek, struktuur, *Gattung*, inhoudsondersoek, historiese perspektiewe soos tradisiiekritiek en laastens redaksiiekritiek<sup>79)</sup>. Wat vir Richter se motief ten opsigte van sy benaderingswyse in die geheel geld, geld ook vir 'n afsonderlike faset daarvan, soos *Gattungsfor= schung*: Hy wil deur middel van kontroleerbare kriteria grense stel aan die vertrouwe van die kritikus op gevoel, fantasie en intüisie<sup>80)</sup> — iets waarop die tradisionele benadering nie eintlik kon roem nie. Richter het nie alleen die reeds bekende feit beklemtoon dat daar in die tradisionele *formgeschichtliche* benadering verskillende rigtings bestaan nie, maar hy is ook van mening dat daar sedert Gunkel nog nooit genoegsaam erns gemaak is met die kriteria van hierdie ondersoeksmetode nie<sup>81)</sup>. Dit geld nie alleen ten opsigte van die Ou Testament nie, maar ook ten opsigte van die Nuwe Testament. Navorsers het dikwels die term *Formgeschichte* met verskillende inhoude gevul<sup>82)</sup>. Richter bevraagteken die tradisionele benadering om die aspek van *Geschichtlichkeit* as kriterium te gebruik om *Gattungen* te identifiseer, en daarom neem hy ook nie genoeg met die term *Formgeschichte* nie. Hy reken dat die swakheid van die tradisionele benadering juis deur die samestelling van hierdie term weerspieël word<sup>83)</sup>. Hy wil onderskeid maak tussen wat hy noem *Formkritik* en *Gattungskritiek*. Die aspek van *Geschichtlichkeit* wat diachronies van aard is, bly 'n faset van *Gattungsfor= schung* met sy eie bepaalde metodiese plek. Hierin het hy ook by ander navorsers

79) Vgl. J.A. Loader as 'n eksponent van hierdie benadering, "Gedagtes oor gekontroleerde eksegeses", 5.

80) W. Richter, "Formgeschichte und Sprachwissenschaft", 219.

81) W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 126.

82) W. Richter, "Formgeschichte und Sprachwissenschaft", 216.

83) W. Richter, "Formgeschichte und Sprachwissenschaft". 216.

sers aanklank gevind<sup>84)</sup>. Hierdie onderskeid sal hopelik by 'n uiteen=  
setting wat nou volg, duideliker word.

Met behulp van die *literarkritiese* metodiese faset word perikope en teks=  
eenhede geïsoleer. Sō 'n perikoop vertoon 'n "ornamentele", 'n "uiterlike"  
en 'n "innerlike" vorm. Die "ornamentele" is die formele gegewens binne die  
perikoop wat verwerk word deur analise van rym, alliterasie, assonansie, rit=  
me ensovoorts<sup>85)</sup>. Die "uiterlike" is die genoemde *literarkritiese* afgren=  
sing, en dit word gedoen aan die hand van kriteria soos lekseemvoorkomste,  
lekseemgroepe, sinsoorte en stilistiese detail. Dit sluit ook kriteria in  
soos herhalinge en spanninge<sup>86)</sup>. Die bepaling van die "uiterlike vorm word  
gekontroleer deur die analise van die "innerlike" vorm. Laasgenoemde is die  
struktuur van die perikoop, en die analise hiervan word gedoen aan die hand  
van formele sintaktiese kategorieë. Hierdie gestruktureerde eenheid is wat  
Richter met die term *Form* aandui, en waarna ek voortaan met die term *vorm* of  
*struktuur* verwys.

Richter verstaan met ander woorde onder die term *Literarkritik* iets  
anders as die tradisionele "bronne-kritiek" soos dit veral deur die Well=  
hausen-skool toegepas is. Dit is 'n term wat in Duitsland egter ook  
gebruik word as aanduiding van literêre arbeid in sy omvattende raamwerk<sup>87)</sup>.

84) Vgl. G. Fohrer e.a. (red.) *Exegese des Alten Testaments. Einführung  
in die Methodik*; asook J.A. Loader, *Menslike mag in die Ou Testament*;  
J.A. Loader, "Gekontroleerde eksegeses"; H.W. Hoffmann, "Form-Funktion-  
Intention". in *ZAW* 82 (1970), 341-346 en A. Jørgen Bjørndalen, "Form  
und Inhalt des motivierenden Mahnspruches". in *ZAW* 82 (1970), 347-361.

85) Vgl. W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 80vv.

86) W. Richter, "Formgeschichte und Sprachwissenschaft", 22-3; asook sy  
*Exegese als Literaturwissenschaft*, 50-62; 80vv.; kyk ook J.A. Loader,  
*Menslike mag in die Ou Testament*, 16-17; asook die bespreking oor *SIN=  
SEMANTIEK*, afdeling 1.4 van hierdie hoofstuk.

87) Vgl. onder andere E. Sellin (neubearbeitet: G. Fohrer), *Einleitung in  
das Alte Testament*, Heidelberg" 1969, 30.

Die *strukturele* benaderingswyse van die sogenaamde Amerikaanse "literary criticism" gebruik op sy beurt die term weer baie enger<sup>88)</sup>. In die onderhawige studie word die term *Literarkritik* met dieselfde inhoud gevul as wat Richter daaraan heg. Vir die doel van die studie verkies ek egter om van *perikoopaafgrensing* te praat as aanduiding van die analise van die sogenaamde "uiterlike vorm". Die perikoopaafgrensing is binne die *Gattungsforschung* in wese niks anders nie as 'n voorlopige arbeid met betrekking tot die analise van die "innerlike vorm". Laasgenoemde noem ek *struktuuranalise*. Die tegniek wat in die studie hiervoor aangewend word, is dié van J.P. Louw soos dit in die onderafdeling *SINSEMANTIEK* by afdeling 1 uiteengesit is. Die analise van die sogenaamde "ornamentele vorm" reken ek nie as 'n afsonderlike metode= diese stap binne die *Gattungsforschung* nie. Die aspekte wat Richter onder hierdie term saamvat, is deel van die struktuuranalise.

Die *afgebakende tekseenhede* noem Richter en Markert *Formen*<sup>89)</sup>. Die vergelyking van die verskillende *Formen* met mekaar staan by hulle bekend as *Formenkritik* in onderskeid met die term *Formkritik*. Laasgenoemde is die ondersoek na die "ornamentele" die "uiterlike" en die "innerlike" vorm.

Die struktuur van elke tekseenheid is uniek. Maar wanneer verskeie sulke tekste met mekaar bepaalde formele ooreenkomste het, kan sulke verwante tekste saam tot 'n tipiese groep gereken word, en sō 'n tipiese groep word dan saamgevat onder die term *Gattung*<sup>90)</sup>. Wanneer die *vorm* van 'n eenheid vasgestel is,

88) Vgl. onder andere W.A. Beardsly, *Literary Criticism of the New Testament*.

89) W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 132 en L. Markert, "Formen- und Gattungskritik". 82.

90) W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 131. Vgl. ook J.A. Loader, "Gekontroleerde eksegeese", 9. Hierdie onderskeid tussen *vorm* en *Gattung* word reeds beredeneerd gevind by D. Greenwood, "Rhetorical Criticism and Formgeschichte: Some Methodological Considerations", in *JBL* 89 (1970) 420.

dan is dit nie sonder meer duidelik of hierdie vorm eenmalig en toevallig so gestruktureer is, of 'n manifestasie van 'n *Gattung* is nie. "Daraus erhellt, dass man erst dann von einer *Gattung* sprechen kann, wenn man wenigstens zwei literarisch unabhängige gleich oder verwandt strukturierte Einheiten nachgewiesen hat; erst danach ist es möglich, Die Frage der *Gattung*-bezeichnung zu erörtern"<sup>91)</sup>. Hoe meer ooreenkomste nodig is om aan die vereistes van 'n *Gattung* te voldoen, hoe kleiner is die *Gattung*, en hoe minder, hoe groter word die *Gattung*<sup>92)</sup>. Dit bring mee dat die term *Gattung* vir klein sowel as uitgebreide eenhede gebruik kan word, soos dit inderdaad ook die geval by die tradisionele *Formgeschichte* was<sup>93)</sup>. Heinrich Zimmermann het byvoorbeeld dié probleem soos volg die hoof probeer bied deur die term *Gattung* as die oorkoepelende begrip te beskou, en het daaronder, wat die Nuwe Testament betref, die Evangelie, die Acta, die Brief en die Apokalips verstaan. Kleinere eenhede soos die paradigma het hy *Formen* genoem, en dan het hy nog kort, vaste uitdrukkings onderskei en dit *Formeln* genoem. In navolging van J.A. Loader<sup>94)</sup> gebruik ek die term *Gattung* in hierdie studie vir sowel groot as kleinere eenhede, en die term *Makrogattung* vir die wyere eenhede soos die Evangelie, ensovoorts.

Waar die vorm van 'n eenheid aan die hand van formele sintaktiese kategorieë vasgestel word, word die *Gattung* geïdentifiseer deur die gemeenskaplike "struktuurmerkmale" van die struktureel-verwante, en literêr-onafhanklike vorme te bepaal, en deur sodoende die karakteristieke van die *Gattung* te beskryf<sup>95)</sup>. Dit is die rede waarom Richter die tradisionele werkswyse bevraagteken wat die aspek van "Geschiedlichkeit" as kriterium gebruik om *Gattungen* te isoleer. Die gemeenskaplike struktureienskappe kan nie op grond van 'n diachroniese vergelyking raakgesien word nie. "Das mag zutreffen", maar vele gevalle bewys egter die teen-

91) W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 138. (My kursivering).

92) L. Markert, "Formen- und Gattungskritik", 99. Vgl. ook J.A. Loader, *Gekontroleerde eksegeese*, 9-10.

93) Heinrich Zimmermann *Neutestamentliche Methodenlehre*, 135 vv.

94) *Menslike mag in die Ou Testament*, 19.

95) W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 133.

deel (bl. 129). Die vergelyking van die vorme van afsonderlike eenhede is uit die aard van die saak nodig om *Gattungen* te identifiseer. Maar hier geld ook die beginsel dat diachronie op sinchronie volg, en nie omgekeerd nie (bl. 131).

Richter onderskei derhalwe twee metodiese fasette in *Gattungsforschung*. Die eerste noem hy *Gattungskritik* waar struktureel-verwante vorme vergelyk, en *Gattungen* geïsoleer word. (Uit die aard van die saak is die reeks tekste wat vir die ondersoek ter sake is, eers *literarkritisch* afgegrens, en is die struktuur van elke eenheid afsonderlik geanaliseer). Die tweede is die vraag na die funksie van die *Gattung*, en daarmee saam die vraag na sy *Sitz im Leben*. 'n *Gattung* is dus 'n operasioneel-hipotetiese eenheid, ... "der erst mit seiner Funktion hinreichend umschrieben ist" (bl. 133). Maar voordat ons oorgaan tot die bespreking van die *Sitz im Leben* en die *Funktion* van die *Gattung* soos Richter (en navolgers) dit sien, eers 'n woord oor my metodologiese wysiging ten opsigte van Richter se benaderingswyse, naamlik die verhouding van vorm en inhoud by *Gattungsforschung* <sup>96</sup>).

Richter wys versigtig daarop dat hy *inhoud* "voorlopig" nie as konstitutief tot *Gattung* wil reken nie <sup>97</sup>). *Inhoud* kan slegs ten opsigte van 'n konkrete tekseenheid vasgestel word. En omdat *Gattung* vir hom 'n teoretiese abstraksie is, kan die "Texttypus" van 'n *Gattung* slegs op die groepering van afsonderlike *inhoude* (ooreenkomstig die verskillende afsonderlike konkrete tekseenhede) dui. Die "singuläre" *inhoud* van 'n afsonderlike tekseenheid wat op grond van objek-

96) Vir 'n oorsig oor standpunte in die algemene literatuurwetenskap ten opsigte van die verhouding vorm en inhoud van vaste formules, en teorieë oor die transformasionele generasie daarvan, kyk Susan Wittig, "Theories of Formulaic Narrative", in *Semeia* 5, (1976) 65-83.

97) W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 136.



tiewe sintaktiese reëls (in die lig van die moderne linguistiek) saam met ander tot 'n tipiese groep gereken word, is daarom as "Gattungsmerkmal" onbruikbaar; ... "weil man sonst soviele Gattungsuntergruppen wie sunguläre Inhalte in einer man sonst soviele Gattungsuntergruppen wie sunguläre Inhalte in einer Formengruppe annehmen muss. Das würde den Gattungsbegriff sinnlos machen".

Richter se standpunt in dié verband is myns insiens in die lig van wat tradisioneel gedoen is, wel begryplik, hoewel beslis te reaksionêr van aard (sien later). By die tradisionele benadering is daar dikwels onkontroleerbare kriteria by *Gattungsforschung* aangelê. Dit is 'n saak wat telkens navore kom, ten spyte van Barth en Steck se prysenswaardige bewering dat hulle met Richter saamstem dat daar tussen die aspekte *form* en *inhoud* onderskei moet word, maar dat die "Aussagegehalt" ook nie weer bepaal kan word sonder die vasstelling van die *form* nie<sup>98)</sup>. Om Gunkel as voorbeeld te neem: Hoewel hy (net soos in die geval van C.H. Dodd met betrekking tot die makarismeperikope in die Matteus- en Lukasevangelie, waarna ek reeds verwys het<sup>99)</sup>) enkele struktuurmerkende elemente uitgewys het<sup>100)</sup>, en derhalwe 'n aanvoeling daarvoor gehad het, het hy egter nie die identifikasie van *Gattungen* daarop gebou nie, maar suiwer op die inhoudelike gesigspunte. Sō is byvoorbeeld sy kategorie, die *Klagelieder des Volkes* van die kategorie *Danklieder des Volkes* op grond van die inhoudsmoment "dank" en "klagte" onderskei, terwyl die forme nie wesenlik as diagnostiese kriteria gedien het nie.

98) H. Barth en O.H. Steck, *Exegese des Alten Testaments*. Sien die appendiks *Nachtrage der 2. Auflage*, 99.

99) *Hoofstuk II*, afdeling 2.2.2. Vgl. ook afdeling 2.1.2. vir 'n bespreking oor die tradisionele benadering by die Ou Testament in dié verband.

100) Vgl. H. Gunkel, *Die israelistische Literatur*, aangehaal deur Gene M. Tucker, *Form Criticism of the Old Testament*, 5-6.

Richter se standpunt kom dus hierop neer dat hy *inhoud* by *alle* aspekte van *Gattungsforschung* buite rekening wil laat. Dit is egter 'n aangeleentheid waar die paaie van ondersoekers wat ver met Richter sal saamloop, begin uiteen gaan (myne inkluis) <sup>101)</sup>. *Vorm* en *inhoud* is nie twee entiteite wat toevallig saamgevoeg word nie, maar dit is eerder so dat *vorm* en *inhoud* 'n eenheid vorm wat saam betekeniskonstituerend is <sup>102)</sup>. By die bespreking van die vraag *WAT IS SEMANTIEK?* hierbo is die korrelasie tussen *vorm* en *inhoud* 'n die afdeling *OPPERVLAKTESTRUKTUUR EN DIEPTESTRUKTUUR* metodologies uitgewerk, en dit sal by 'n semantiese struktuuranalise van die makarismeperikoop in Mt. 5 geïllustreer word. Dit is daarom nie nodig om hier breedvoerig daarop in te gaan nie. As ons in gedagte hou dat die term "oppervlaktestruktuur" daar identies gebruik word met wat Richter hier *vorm* noem, en dat dieselfde van die term "dieptestruktuur" ten opsigte van sy term *inhoud* geld dan is dit duidelik waarom ek *vorm* en *inhoud* nie wil skei nie. In dié verband bly die opmerking van Barth en Steck <sup>103)</sup> waar: "Was ist Aufbauanalyse, eine Gattungbestimmung, was ist gattungsgeschichtliche Arbeit, wenn man von der inhaltlich-topischen Prägung und der thematischen Direktion sprachlicher Ausserungen absehen und sich allein an formalisierbare Phänomene halten soll"? *Gattungsforschung* kan hom nie tot die formele alleen beperk nie. Richter se gesigspunt bied egter wel die raamwerk vir verfyning van resultate.


Aan die hand van 'n skematiese skets wil ek vervolgens my standpunt in dié

101) Vgl. in dié verband veral L. Markert, "Formen- und Gattungskritik", 98vv. Barth en Steck, (*Exegese des Alten Testaments*, 99vv.) oefen in dié verband ook skerp kritiek op Richter uit, maar toon dat hulle anders as Markert, nie insig het in die bydrae wat die moderne linguistiek op die gebied van *Gattungsforschung* kan lewer nie.

102) W.S. Vorster, 'n *Ou Boek in 'n Nuwe Wereld*, 13. (My kursivering).

103) H. Barth en O.H. Steck, *Exegese des Alten Testaments*, 100.

verband uiteen sit, en terselfdertyd dien dit as 'n samevatting van die metodologiese stappe in *Gattungsforschung* soos dit in hierdie studie toegepas sal word. Hierdie skets is aan Markert <sup>104)</sup> ontleen, maar vir my doel aangepas.



Uit bovermelde skets is dit duidelik dat die aspekte *vorm* en *inhoud* by al die metodiese fasette van *Gattungsforschung* in berekening gebring word, en daarom is ek, nieteenstaande my simpatie vir Richter se standpunt in dié verband, van mening dat dit egter te eensydig is. Daar bestaan myns insiens in Richter se

104) L. Markert, "Formen- und Gattungskritik", 98.

werkswyse 'n kontradiksie. Want by die vasstelling van wat hy die "uiterlike" vorm noem, is 'n verskynsel soos "spanninge" (een van sy "literarkritiese" kriteria) niks anders as 'n *inhoudsmoment* <sup>105)</sup> nie. Maar ook by die analise van die "innerlike" vorm (= struktuuranalise) kan inhoudsmomente 'n rol speel. Ek wil dit kwalifiseer aan die hand van 'n struktuuranalise wat J.A. Loader ten opsigte van Pred. 3:1-9 gemaak het. In dié fyn en kunstig gestruktureerde perikoop het Loader opgemerk dat die woord in een hemistige telkens die antitese is van die woorde in die een langs hom, naamlik: (*lā*)*ledet*: (*lā*)*mūt*; (*lā*)*ta<sup>c</sup>at*: (*la*)<sup>ca</sup>*qōr nātūa<sup>c</sup>*; (*la*)*h<sup>a</sup>rōg*: (*li*)*rpō*<sup>→</sup>; (*li*)*prōs*: (*li*)*bnōt*, ensovoorts, terwyl elke stigepaar weer op hulle beurt 'n sinonieme parallelisme vorm. Loader maak in hierdie verband die opmerking: "Die belangrike waarneming wat ons hier gemaak het, is dat die bou of oppervlaktestruktuur van 'n perikoop ook met semantiese vrae te doen het <sup>106)</sup>". Die riglyn wat myns insiens ten opsigte van hierdie kwessie moet geld, is dat die *vorm* van 'n tekseenheid primêr aan die hand van formele sintaktiese kategorieë bepaal word, en waar semantiese aspekte 'n rol in dié verband kan spreek, en relevant kan wees, word die hulp van laasgenoemde ingeroep. Wat die identifisering van die *Gattung* betref, word die vergelyking van eenhede vereis wat nie net struktureel-verwant is nie, maar terselfdertyd ook betekenis-verwant is. Hier geld nie wat ons bostaande "inhoudsmomente" genoem het nie, maar *inhoud* in die sin van die semantiese betekenis van 'n tekseenheid wat onlosmaaklik met sy *vorm* verbind is.

105) Met die term "inhoudsmoment" bedoel ek nie *inhoud* in die sin van die semantiese *betekenis* wat op grond van 'n semantiese struktuuranalise (ontleding van diepte- en oppervlaktestruktuur) vasgestel is nie, maar slegs die raamwerk waarbinne sodanige semantiese betekenis funksioneer (vgl. ook J.A. Loader, "Gekontroleerde eksegeese", 9.

106) J.A. Loader, "Gekontroleerde eksegeese, 32. Vgl. ook sy "Qohelet 3 : 2-8 - A'Sonnet' in the Old Testament", in ZAW 81 (1969), 240-242.

Hierdie basiese, en belangrike uitgangspunt ten opsigte van *Gattungsfor-*  
*schung* in hierdie studie, word in die bovermelde skematiese skets aan die  
hand van die simbole *O* (oppervlaktestruktuur = *vorm*) en *D* (dieptestruktuur =  
*inhoud*) verduidelik. Net soos die *vorm* en *inhoud* by 'n semantiese analise  
van 'n bepaalde tekseenheid te onderskeie is, maar hoegenaamd nie geskei kan  
word nie omdat dit saam betekeniskonstituerend is, netso kan die aspekte *vorm*  
en *inhoud* by die vergelyking van dié eenhede wat tot 'n tipiese groep gereken  
kan word, nie uitmekaar gehaal word nie. Die benaming van 'n bepaalde *Gattung*  
sal ten slotte 'n weerspieëling wees van die *vorm-inhoudelike* analise van die  
verskillende eenhede wat die *Gattung* ten grondslag lê.

Die wins van bostaande uiteensetting (wat grootliks met dié van Markert oor=  
eenstem) is dat hier vir die eerste keer vaste omlynde kriteria geld waar dia=  
chronie (vergekyking van eenhede) op sinchronie (semantiese struktuuranalise)  
volg, en waar *Gattungen* nie slegs op *inhoud* alleen (tradisionele *Formgeschich-*  
*te*) gebaseer is nie, en ook nie willekeurig eers op *inhoud*, en dan op *vorm*  
nie 107).

107) Vgl. K. Berger, (*Exegese des Neuen Testaments. Neue Wege vom Text zur*  
*Auslegung*, 128 vv.) wat *Gattungen*, of anders gesê: "teksoorte" wil be=  
paal op grond van die rolle wat die aktante by die mededeling van die  
teks speel. Volgens Berger, wat steun op die "neueren Rezeptionstheorie  
und Kommunikationstheorie", moet ons van dié standpunt uitgaan - juis om=  
dat taal primêr tot doel het om te kommunikeer, dat alle "teksoorte"  
kommunikasie-gerigte kenmerke vertoon en daarom volgens die tipe gesprek=  
situasie onderskei moet word. Die onderskeiding is dus geleë in die rolle  
wat die *spreker* en die *hoorder* in die mededelingsaksie inneem. Die spre=  
ker bv. kondig sy rol eksplisiet aan met die sg. *illokutiewe* sinsoorte  
soos vraag, bewering, vermaning, ens. en op grond hiervan kan verskillende  
"teksoorte" onderskei word soos vrae, onderwysing, groet, vermaning, ver=  
telling ens. Ander "teksoorte" word weer bepaal op grond van die *betrok-*  
*ke deelnemers*, soos bv. die gebed waar God en die mens as deelnemers op=  
tree, en ander weer op grond van die *soort redetipe*, bv. 'n dialoog of

(vervolg)

54(a)/ ...

---

(voetnota vervolg)

'n monoloog. Op s6 'n wyse wil Berger sogenaamd deeglik rekening hou met wat hy noem "eine multilinearen Betrachtungsweise der Gattungen" Berger toon egter dat hy nie met vaste kriteria werk nie. Sommige "tekssoorte" isoleer hy op grond van die *vorm*, en sommige weer op grond van die *inhoud*. Sy definisie van wat *Gattung* is, vertoon groot gebreke, asook die benaminge wat hy aan sy onderskeie *Gattungen* gee. Die Emmausperikoop (Lk. 24:13-35) noem hy "Wiedererkennungsgeschichte"; die episode wat voor Pilatus afspeel (Mk. 15:1-5) word 'n "verhoor" genoem en Jh. 1:1-18 'n "proloog". Hy toon dat hy nie veel begrip het vir die problematiek van Wolfgang Richter met betrekking tot die onderskeid tussen *vorm* en *inhoud* nie, en derhalwe ook nie vir die strukturele benadering van die nuwere taal- en literatuurwetenskap nie. Berger maak ook geen erns met die beginsel van die *vergeljking van meerdereverwante tekste* om *Gattungen* te isoleer nie.

Bostaande kwessie van die verhouding van *vorm* en *inhoud* raak egter nog nie die probleemstelling van hierdie studie direk aan nie. Want dit gaan in die verhouding van *vorm* en *inhoud* by die isolering van *Gattungen* nie om die vraag na die relevansie van *Gattung* by die vasstelling van die *betekenis* van die teks wat 'n manifestasie van die betrokke *Gattung* is nie. Wat dit betref is Richter self, wat so sterk daarop staan dat *vorm* en *inhoud* by die isolering van *Gattungen* geskei moet word, van mening dat daar tussen *vorm* en *inhoud* in die sin van die relevansie van *Gattung* vir *betekenis*, een of ander verband moet bestaan <sup>108)</sup>. Die groot vraag is egter: Wat is hierdie korrelasie? Dat hierdie vraag nog nie bevredigend beantwoord is nie, is baie duidelik. Die oplossing is myns insiens by die kwessie van die *Sitz im Leben* en die *funksie* van die *Gattung* geleë.

Die *Gattung* as 'n operasionele kategorie ontstaan ooreenkomstig sy *Sitz im Leben*. Die *Sitz im Leben* is herkenbaar vanuit die *struktuur* van dié tekseenhede wat tot 'n tipiese groep gereken word, asook van dié se *inhoud*. Hierdie standpunt van Richter ten opsigte van die herkenbaarheid van die *Sitz im Leben* is 'n radikale breuk met die tradisionele benadering. By laasgenoemde is kriteria in dié verband aangelê wat gebaseer is op "sachfremden Daten", en wat teruggaan na Gunkel se vrae soos: Wie is die skrywer? Wie is die leser? ensovoorts - almal buitetekstuele gegewens <sup>109)</sup>. Richter se benadering steun nie op sodanige buitetekstuele gegewens nie, ..."sondern aus der Literatur selbst, was durch Erkenntnis ihrer Strukturregeln und ihrer Intentionalität geschieht <sup>110)</sup>".

108) W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 137.

109) Vgl. Hoofstuk II, afdeling 2.1.2. L. Markert ("Formen- und Gattungskritik", 94), voortbouend op die nuwere benadering soos deur Richter ontwerp, maak vreemd steeds van hierdie tradisionele kriteria gebruik.

110) W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 145.

Ooreenstemmend met die onderskeid tussen *la langue* en *la parole* maak Richter die opmerking: "Die Gattung is also ein operationaler Begriff, der erst mit seiner Funktion hinreichend umschrieben ist <sup>111)</sup>". Wat is die funksie van die Gattung? Die vraag na die funksie van die Gattung is, soos Markert dit tereg uitdruk, die vraag na die verhouding tussen die *Sitz in der Literatur* van 'n konkrete tekseenheid as manifestasie van 'n bepaalde Gattung, en die tipiese *Sitz im Leben* van dié Gattung <sup>112)</sup>. Is die Gattung "funktionstypisch" gebruik (dit wil sê ooreenkomstig die tipiese *Sitz im Leben*), of is die Gattung "funktionsatypisch" gebruik <sup>113)</sup>? Markert (en so ook Hoffmann <sup>114)</sup>) maak ter verduideliking hiervan van Amos 5: 1-3 gebruik:

Vs. 2      nāp<sup>e</sup>lā lō' tōsīp qūm  
             b<sup>e</sup>tūlat yisrā'el  
             nitt<sup>e</sup>sā    al 'admātāh  
             'ēn m<sup>e</sup>qāmāh

Amos 5:2 is 'n manifestasie van die Gattung "lyksrede" wat sy tipiese *Sitz im Leben* het by die begrafnis van 'n mens. Weliswaar het dit hier op die ondergang van 'n volk betrekking. Die dood van 'n mens en die ondergang van 'n volk dui egter gemeenskaplik op dieselfde, soos die referensie van b<sup>e</sup>tūlā inderdaad hier ook aantoon. In dié sin kan daar dus volgens Hoffmann se terminologie van 'n "funktionstypische" gebruik van die Gattung gepraat word, omdat ons nie 'n verandering van *Sitz im Leben* het nie, maar wel 'n veralgemeening. As die konteks egter in ag geneem word, asook die feit dat dit Amos se woorde is, dan verander die prentjie heeltemal. Israel was in die tyd van Amos nie op die punt van ondergang nie, maar van politieke hoogbloei. Met dit in ag-genome, is die Gattung van die "lyksrede" hier dus eintlik "funktion=

111) W. Richter, *a.w.*, 133. (My kursivering).

112) L. Markert, "Formen- und Gattungskritik", 95.

113) Vir hierdie terminologie, kyk veral H.W. Hoffmann, "Form-Funktion-Intention", 344 vv.

114) L. Markert, "Formen- und Gattungskritik", 95 vv.; H.W. Hoffmann, "Form-Funktion-Intention", 344 vv.



satypisch" gebruik. Die vraag na die funksie van die *Gattung* is daarom dus hier: Waarom het Amos die bepaalde *Gattung* van die "lyksrede" hier doelmatig, dit wil sê: funksioneel vir die konteks geag <sup>115)</sup>?

Net soos Tucker <sup>116)</sup> wys Richter ook daarop dat die *Sitz im Leben* nie 'n historiese grootheid is in die sin dat daar vir elke *Sitz im Leben* 'n noue vaslegbare historiese datum gestel kan word nie. Dit is eerder sô dat die *Sitz im Leben* aan 'n bepaalde historiese tydvak gebonde is. Dit is besonderlik die geval wanneer een of ander "instelling", soos byvoorbeeld die monargie, die *Sitz im Leben* uitmaak. Om die voorbeeld van die monargie verder te voer: Dit het sy wortels by die *nāgīd*, sy begin by Saul, sy eiesoortige karakter onder Dawid en Salamo, sy selfstandige realisering in die Noord- en Suidryk, en ten slotte sy ondergang by beide Ryke. En sô kan daar ook ten opsigte van byvoorbeeld die profetedom en die priesterdom dwarsnitte gemaak word. Elke sodanige snit omgrens 'n bepaalde periode. Volgens Richter kan hieruit afgelei word dat die aktuele manifestasie van 'n *Gattung* slegs op 'n bepaalde *Sitz im Leben* betrekking kan hê, en dat daar in die loop van die *Sitze im Leben* veranderinge by 'n *Gattung* kan intrêë <sup>117)</sup>. 'n Bepaalde "instelling" is gewoonlik die draer van meer as een *Gattung*. Die profete het byvoorbeeld verskillende spreuksoortes ontwikkel, en by die priesterdom kan weer verskillende ritusse en instruksies gevind word. Om sulke en soortgelyke verskynsels te bestudeer en dit in verband te bring met die vraag na die verandering van die funksie van die *Gattung*, word deur Markert, net soos in die geval van die tradisionele benadering (vergelyk afdeling 2.1.2.), as die taak van die *gattungs=*

115) H.W. Hoffmann, a.w., 346.

116) G.M. Tucker, *Form Criticism*, 15, Vgl. ook Hoofstuk II, afdeling 2.1.2.

117) W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 147.

*geschichtliche* faset van *Gattungsforschung* gereken <sup>118)</sup>.

Die verdienste van die nuwere benadering in dié verband is dat die *gattungsgeschichtliche* faset voortvloei uit die teorie met betrekking tot die onderskeid tussen die *Sitz im Leben* en die *Sitz in der Literatur*, wat weer op sy beurt 'n konsekwensie is van Ferdinand de Saussure se onderskeid tussen *la langue* en *la parole* <sup>119)</sup> (hoewel dit deur die eksponente hiervan nie eksplisiet vermeld word nie). Die term *Sitz im Leben* is net soos die term *Gattung*, 'n operasionele kategorie wat te doen het met die verskynsel taal (*la langue*). Eers by die aanwending van die betrokke *Gattung* op individuele vlak binne aktuele taalgebruik (*la parole*), kan die vraag na dit *Sitz in der Literatur* gevra word. In die lig hiervan verkry Markert sy bydrae ten opsigte van sy gebruik van die term *Sitz in der Literatur*, reliëf. Ons vind naamlik dat daar hiermee in *Gattungsforschung* weggedoen word aan die tradisionele opvatting van *Gattung* as 'n buite literêre grootheid. 'n Verdere verdienste van die nuwere benadering in dié verband is die noodsaaklike onderskeiding tussen die sinchroniese en diachroniese metodiese fasette, en die feit dat sinchronie diachronie vooraf gaan, en nie omgekeerd nie.

Hierdie hele aangeleentheid van die *gattungsgeschichtliche* vraag hou verband met die problematiek van die mondelingse oorlewering wat tot vandag toe baie aandag binne die tradisionele *formgeschichtliche* ondersoeke veral ten opsigte van die evangelies kry. Volgens Markert <sup>120)</sup> moet dit egter eerder as werp van die *Überlieferungskritik* (oftewel dan, die *Traditionsgeschichte*)

118) L. Markert, "Formen- und Gattungskritik", 97.

119) Vgl. Hoofstuk I, afdeling 1.1.

120) "Formen- und Gattungskritik", 98. Markert maak in dié verband die onderskeid tussen "originärer" en "nachgeahmter" *Gattung*. Eg. moet meestal as 'n mondelingse gegewenheid opgeneem word, terwyl lg. in die reël literêr vergestalt is. Richter (*Exegese als Literaturwissenschaft*, 139,

(vervolg)

gereken word, en nie soos Klaus Koch<sup>121)</sup> as deel van *Gattungsforschung* nie. Markert huldig egter ook die opinie dat *traditionsgeschichtliche* kwessies nie altyd binne *Gattungsforschung* die aandag kry wat dit soms verdien nie. Wat die onderhawige studie betref, sal daar aan die kwessie van die mondelingse oorlewering, net soos in die geval van die *gattungsgeschichtliche* vraag soos dit hierbo uiteengesit is, aandag gegee word in soverre dit 'n bydrae kan lewer tot die vasstelling van die funksie van die *Gattung*.

Die vraag na die funksie van die *Gattung* blyk in die lig van die voorafgaande dus baie relevant vir die primêre doel van hierdie studie te wees. Want wanneer ons oor die funksie van die *Gattung* praat, en derhalwe oor die kwessie van die *Sitz im Leben* en die *Sitz in der Literatur*, dan is ons direk by die vraagstuk oor die relevansie van *Gattungsforschung* by die vasstelling van *betekenis*.

My voorkeur om vir die term *Gattungsforschung* te kies as aanduiding vir die ondersoek na literêre tipes in Bybelse literatuur, behoef myns insiens in die lig van die terminologiese swakhede en verwarring van terme soos *Formgeschichte*, *Gattungsgeschichte*, *Formkritik*, *Formenkritik* en *Gattungskritik*<sup>122)</sup>, soos dit in die loop van hierdie afdeling van die studie duidelik geblyk het, nie 'n verdere betoog nie.

voetnota vervolg/

143, 148) praat weer van "primärer" en "konstruierter" *Gattungen*. Erhardt Gütgemanns (*Offene Fragen zur Formgeschichte des Evangeliums*, München 1970) bring hierdie kwessie met De Saussure se onderskeid tussen *la langue* en *la parole* in verband. Vir 'n bespreking hieroor, kyk A.C. Thiselton, "Semantics and New Testament Interpretation", 89.

121) K. Koch, *Was ist Formgeschichte?* 49 vv.

122) Richter en Markert (vgl. L. Markerck, "Formen- und Gattungskritik", 90.) gebruik die term *Gattungskritik* as aanduiding van slegs die eerste faset van *Gattungsforschung*, nl. die identifisering van *Gattungen*.

60/ ...

### HOOFSTUK III

#### 'N SEMANTIESE ONDERSOEK NA DIE MAKARISMEREKES IN MT. 5

Die semantiese ondersoek na die makarismerekes in Mt. 5 word gedoen by wyse van twee aspekte, naamlik (1) 'n bespreking van die *oppervlaktestruktuur* en (2) 'n bespreking van die *dieptestruktuur*. Dit word in hierdie volgorde gedoen omdat die ontleding van die dieptestruktuur grootliks steun op die analise van die oppervlakte. Met dit in gedagte wat reeds by die begripsoriëntering ten opsigte van die vraag *wat is semantiek?* gesê is, bring ons die kwessies met betrekking tot die *sinsemantiek* (hoofstuk II, afdeling 1.4) by die bespreking van die oppervlaktestruktuur ter sprake, en dié met betrekking tot die *woordsemantiek* (hoofstuk II, afdeling 1.3) by die bespreking van die dieptestruktuur. Die ontleding van die dieptestruktuur is inderwaarheid niks anders as die bespreking van die semantiese betekenis van die tersaaklike perikoop nie.

#### 1. DIE OPPERVLAKTESTRUKTUUR

In hierdie afdeling van die studie maak ons eers enkele opmerkinge oor die struktuur van die evangelie in sy geheel. Daarna word die perikoop afgebaken en 'n struktuuranalise daarvan gedoen. Vervolgens word die posisie van die betrokke perikoop in sy nouer en breër konteks geplaas.

By die bespreking van die struktuuranalise van die nouer en breër konteks sal noodwendigerwys aan inhoudelike aspekte aandag gegee word om sodoende die posisie van die perikoop onder bespreking in reliëf te plaas.

## 1.1 DIE STRUKTUUR VAN DIE EVANGELIE VAN MATTEUS

Pogings om 'n uiteensetting van die struktuur van die Matteusevangelie te bied is legio <sup>1)</sup>. Elkeen van hierdie pogings reflekteer in 'n groot mate die onderskeie navorsers se eie siening oor die aard en doel van die evangelie. Sulke "struktuuranalises" moet egter nie verwar word met 'n semantiese struktuuranalise op die voetspoort van TGG - beginsels soos dit in die hoofstuk *sinsemantiek* by die begripsoriëntering uiteengesit is nie. Eersgenoemde pogings is wat J.P. Louw "inhoudsanalises" ("content analyses") noem, en is gewoonlik gebaseer bloot op die inhoud soos dit die ondersoeker subjektief opval. Dit is dan ook die rede waarom dit meestal van persoon tot persoon verskil <sup>2)</sup> (sien ekskurs onder). 'n Semantiese struktuuranalise van die Eerste Evangelie is, sover my kennis strek, nog nie gedoen nie <sup>3)</sup>.

Die struktuuranalise van 'n hele boek (afgesien daarvan of dit semanties reg of verkeerd gedoen is) is afhanklik van die struktuuranalise van die afsonderlike perikope in die boek. Dit behoort dus streng gesproke eers aandag geniet nadat die afsonderlike eenhede geanaliseer is. Vanweë die ruimtespek van 'n verhandeling soos hierdie, sal daar egter nie 'n poging aangewend kan word om 'n struktuuranalise van al agt-en-twintig hoofstukke aan te bied nie.

- 1) Vir verwysings na sodanige analises, kyk veral die resente publikasie van J.D. Kingsbury, *Matthew: Structure, Christology, Kingdom*, Philadelphia 1975, 1 vv.
- 2) Vir 'n meer breedvoerige kritiese bespreking met illustrasies van sodanige "inhoudsanalises", kyk J.P. Louw, "ATW en Griekse Teksontleding", in *TAALFASETTE*, (red.) C. van Schalkwyk, Universiteit van Suid-Afrika, 18 (1974), 1-14.
- 3) Dit is egter bekend dat 'n sub-werkgroep van die Nuwe-Testamentiese Werksgemeenskap van Suid-Afrika wat o.a. die bydrae van die algemene linguistiek vir die Nuwe-Testamentiese Wetenskap ondersoek, huidiglik met só 'n semantiese struktuuranalise van die Matteusevangelie besig is, en die resultaat daarvan sal volgens beplanning in die loop van die volgende jare in die publikasie *Neotestamentica* bekend gemaak word.

Om die makarismereeks vir die doel van hierdie studie in die reliëf van sy wyer verband te plaas, sal daar dus volstaan moet by die analise van 'n meer onmiddellike nouer en breër konteks, en die aanstip van die motief waarmee Matteus sy evangelie sou geskryf het.

Ten opsigte van laasgenoemde, bestaan daar feitlik konsensus onder ondersoekers dat die inhoud en strekking van die evangelie in sy geheel onder die volgende gesigspunt saamgevat kan word: Dit gaan om die verkondiging van die Messias, en in Hom, om die *basileia*, die koningsheerskappy van God <sup>4)</sup>. Julius Schniewind formuleer hierdie Messias-verkondiging van Matteus soos volg: "Das Matthäusevangelium zeichnet Jesus als den König Israels, den Erfüller aller Verheissungen Gottes, die im Alten Testament gegeben sind; zugleich aber ist er der, den sein eigenes Volk durchweg verwirft, und der ein neues Gottesvolk, die Kirche, schafft, Jesus ist die Erfüllung des Alten Testaments und der Schöpfer der neuen Gemeinde: dies ist das Evangelium, die freudenbotschaft, nach Matthäus <sup>5)</sup>".

Ekskurs: "Inhoudsanalises" van die Mateusevangelie.

Om aan te toon hoe afhanklik "inhoudsanalises" van die navorser se eie siening is, bied ek nou drie voorbeelde van raamwerke van "inhoudsanalises" van die Matteusevangelie. Al die leemtes van sodanige analises word nie breedvoerig bespreek nie. Ek bied egter wel baie kortliks die ondersoeker se eie opvatting van hoe die "struktuur" van die evangelie met die "aard en "doel" daar=

4) Vgl. onder andere J.T. Nielsen, *Het Evangelie naar Mattheüs I* (PNT), Nijkerk 1971, 13vv.; A.M. Brouwer, *De Bergrede*, Zeist 1930, 19 vv.; H.N. Ridderbos, *Het Evangelie naar Mattheüs*, Kampen 1965, 17; A.H. McNeilie, *The Gospel According to St. Matthew*, Londen 1965, XVIII; W.G. Kümmel, *Einleitung in das Neue Testament*, Heidelberg <sup>15</sup> 1967, 65.

5) J. Schniewind, *Das Evangelium nach Matthäus* (NTD), Göttingen <sup>12</sup> 1968, 1.

van korreleer. Hierdie afdeling moet derhalwe as 'n tipe ekskurs beskou word, aangesien dit vir die doel van ons studie slegs 'n indirekte bydrae lewer.

(a) Eerstens die analise van W.D. Davies <sup>6)</sup>:

Preamble or Prologue:	1-2 The birth narrative.
Book I:	(a) 3:1 - 4:25 Narrative material.
	(b) 5:1 - 7:27 The Sermon on the Mount.
Formula:	7:28-29 <i>kai egeneto hote etelesen ho Iēsous tous logous.</i>
Book II:	(a) 8:1 - 9:35 Narrative material.
	(b) 9:36 - 10:42 Discourse on mission and martyrdom.
Formula:	11:1 <i>kai egeneto hote etelesen ho Iēsous diatasson tois dōdeka mathētais autou ...</i>
Book III:	(a) 11:2 - 12:50 Narrative and debate material.
	(b) 13:1 - 52 Teaching on the Kingdom of Heaven.
Formula:	13:53 <i>kai egeneto hote etelesen ho Iēsous tas parabolās ...</i>
Book IV:	(a) 13:54 - 17:21 Narrative and debate material.
	(b) 17:22 - 18:35 Discourse on church administration.
Formula:	19:1 <i>kai egeneto hote etelesen ho Iēsous tous logous toutous ...</i>
Book V:	(a) 19:2 - 22:46 Narrative and debate material.
	(b) 23:1 - 25:46 Discourse on eschatology: farewell address.
Formula:	26:1 <i>kai egeneto hote etelesen ho Iēsous pantas tous logous toutous ...</i>
Epilogue:	26:2 - 28:20 From the Last Supper to the Resurrection.

Hierdie analise gaan van die standpunt uit dat die evangelis 'n bekeerde rabbi was, 'n Christelike legalis, wat in apologie teenoor die dwaling van "wette=loosheid" van sy tyd 'n sistematiese uiteensetting van Jesus se geboorte in vyf versamelinge volgens die patroon van die Mosaiëse Pentateug gegee het.

6) *The Setting of the Sermon on the Mount*, Cambridge <sup>3</sup> 1966, 15.

Motivering vir hierdie analise word onder andere gevind in die stereotipe formule, *kai egeneto hote etelesen ho Iēsous ...*, wat aan die slot van elke versameling voorkom. Ons vind hierdie vyf-delige analise vir die eerste keer by B.W. Bacon <sup>7)</sup>, en dit is verreweg die mees populêre soos die lys van die talle ondersoekers kan getuig wat dit netso, of (soos onder andere Davies) gewysig oorgeneem het.

(b) Vervolgens die indeling van C.H. Lohr <sup>8)</sup>.

1-4	Narrative: Birth and beginnings	
5-7	SERMON: BLESSINGS, ENTERING KINGDOM	
8-9	Narrative: Authority and invitation	}
10	SERMON: MISSION DISCOURSE	
11-12	Narrative: Rejection by this generation	}
13	SERMON: PARABLES OF THE KINGDOM	
14-17	Narrative: Acknowledgment by disciples	}
18	SERMON: COMMUNITY DISCOURSE	
19-22	Narrative: Authority and invitation	}
23-25	SERMON: WOES, COMING OF KINGDOM	
26-28	Narrative: Death and rebirth	

In die lig van Papias se opmerking dat die evangelis Markus die tradisies aangaande Jesus nie *ou mentoi taxei* gerangskik het nie <sup>9)</sup>, wil Lohr met bogenoemde simmetriese "struktuur" aantoon dat Matteus wel sý stof gerangskik het, en boonop op 'n tradisionele styl wat vir hom en sy "gemeente"-lesers bekend was, en wat sy "gemeente"-lesers juis van hom verwag het, aangesien dit een van die funksies van 'n *ḥākām* was om logia en spreuke te versamel (Pred. 12:9).

7) *Studies in Matthew*, Londen 1930; asook sy "The 'Five Books' of Matthew against the Jews", in *The Expositor*, 15 (1918), 56-66.

8) "Oral Techniques in the Gospel of Matthew". in *CBQ* 23 (1961), 427.

9) Eusebius, *Historia ecclesiastica*, II 39, 14.



(c) Laastens, J.D. Kingsbury<sup>10)</sup>,

- A. The Person of Jesus Messiah (1:1-4:16).
- B. The Proclamation of Jesus Messiah (4:17-16:20).
- C. The Suffering, Death, and Resurrection of Jesus Messiah (16:21-28:20).

Die saak wat Kingsbury met hierdie analise wil bewys is dat Matteus sy evangelie in drie blokke indeel volgens 'n christologiese motief binne die kontemporêre Judaïstiese begrip van die *basileia tōn ouranōn*, naamlik dat Jesus Messias wat "toe" *huios tou anthrōpou* was, "nou" ook die aardse en kosmiese *huios tou theou* geword het, en dat dit die doel van die proklamasie van die *basileia tōn ouranōn* is om alle nasies *huioi* van God te maak. Hierdie christologiese motief is gebaseer op 'n "struktuur" wat getuig van 'n progressiewe chronologiese heils-historiese skema wat uiteenval rondom die temporele uitdrukkinge *apo tote ērxato ho Iēsous ... en kai egeneto hote etelesen ho Iēsous..*

By al drie hierdie raamwerke het wel een of ander kriterium by die analise gegeld. Soms was die kriterium nie alleen inhoudelik bepaal nie, maar het bepaalde sintaktiese formules ook as "struktuurmerkers" gedien. Dit mag so wees dat hierdie formules in die struktuur van die evangelie inderdaad as merkers kan optree. Die analise bly egter subjektief, omdat geen objektiewe sintaktiese reëls gegeld het nie en die analise ten slotte nog steeds 'n weerspieëling is van hoe die doel van die evangelie die navorser subjektief opval. Die semantiese struktuuranalises wat later in die hoofstuk volg, moet as die korrekte alternatief ten opsigte van hierdie "inhoudsanalises" gesien word.

10) *Matthew: Structure, Christology, Kingdom*, 9; 36 vv. 161 vv.


## 1.2 PERIKOOPAFGRENSING

In Mt. 5:3-10 het ons 'n reeks van nege uitsprake wat begin met die woord *makarioi*. Die eerste agt is gevorm op 'n identiese patroon. Die makarisme is in die derde persoon, gevolg deur 'n *hoti*-bysin. Elke bysin is bondig en die eerste en agtste is presies dieselfde, naamlik *hoti autōn estin hē basileia tōn ouranōn*. Die negende uitspraak is anders. Hierdie makarisme is in die tweede persoon meervoud geformuleer. Verder vind ons hier, in teenstelling tot die ander, meer gegewens in 'n temporele bysin, gevolg deur wat oënskynlik 'n herhaling van die makarisme is, net in 'n ander vorm, naamlik *chairete kai agalliasite*. Dan volg daar 'n *hoti*-bysin wat op sy beurt verder ondersteun en uitgewerk word deur 'n addisionele *gar*-bysin. Die feit dat die negende uitspraak in die tweede persoon geformuleer is, in teenstelling met die derde persoon van die eerste agt, maak hierdie uitspraak reeds los van die eerste agt. En as dit verder ook nie inpas by die parallelistiese patroon van die eerste agt nie, laat dit ons baie sterk vermoed dat ons 'n wending in die perikoop van vs. 11 af kry. Dit blyk dat vs. 3-10 'n eenheid is en vs. 11-12 'n oorgang na die volgende deel van die Bergrede.

## 1.3 DIE STRUKTUUR VAN MT. 5:2-10 (EN VS. 11-16)<sup>11)</sup>.

- 
- 11) Met betrekking tot die semantiese struktuuranalises wat gaan volg, steun ek sterk op die tot nog toe ongepubliseerde referate wat gelewer is by die jaarlikse kongres van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, Julie 1977, en wel dié van A.B. du Toit, "The Structure of Matthew 4:23-5:48"; P.J. Maartens, "Die Kolastruur van Mattheus 6"; W. Nicol, "The Structure of Matthew 7" en J.P. Louw, "The Structure of Matthew 8-9". My aanbieding verskil slegs ten opsigte van enkele "cluster"-bindinge.

kai anoixas to stoma autou edikasken autous legōn



12) Die gar in subkolon . 11 funksioneer as 'n "attention prompter", en derhalwe paratakties. Dit kan in Afrikaans weergegee word met "ja...", of "immers".

Streng gesproke moet Mt. 5:2-7:27 as een kolon opgeneem word waarin 5:3-7:27 die direkte rede na die semantiese eenheid *kai anoixas to stoma autou edi= dasken autous legōn* vorm. Vir die doel van ons analise word die parataktiese sinskonstruksies binne die direkte rede subkola genoem, en dit word numeries aangedui met .1, .2, .3, ensovoorts. Die struktuur vertoon die eenskappe soos dit tipies binne narratiewe materiaal voorkom. Die relasies van die verskillende kola tot mekaar is naamlik liniêr van aard, en dit is dus nie nodig om dié relasies hier met verbindingslyne aan te toon, of om die kommata af te merk nie. Slegs die relasies van die verskillende kolongroepe ("clusters") en groter eenhede word aangetoon.

Die struktuuranalise bevestig die breuk tussen subkolon .8 en subkolon .9. (Vergelyk die vorige afdeling *PERIKOOPAFGRENSING* waar met kriteria soos lekseemvoorkomste, die herhaling van woorde en frases en grammatiese verskynsels gewerk is). Behalwe die wisseling van die derde na die tweede persoon, wat alreeds 'n breuk aandui, is die herhaling van die bysin van subkolon .1 in subkolon .8 inklusief. Dit bevestig die breuk. Daarbenewens word die skeiding tussen subkola .8 en .9 ook duidelik vanweë die stilistiese verskille tussen .1 tot .8 en .9 vv.

Die eerste wat opval, is die anaforiese patroon binne die eerste agt subkola, bestaande uit *makarioi* plus 'n substantief of 'n adjektief met die artikel *hoi*. Verskeie navorsers<sup>13)</sup> het die aandag op bepaalde rymklank binne die onderhawige konteks gevestig. Dit is die tweede saak wat opval, naamlik dat daar 'n alliterasie - assonansie - paronomasia skema binne die anaforiese passasie bestaan (vergeelyk hierbo waar die alliterasie, assonansie en paronomasia

13) Vgl. in dié verband veral A.B. du Toit, "The Structure of Matthew 4:23 - 5:48".

in die struktuuranalise onderstreep is). Alliterasie, assonansie en paronomasia is veral karakteristieke elemente van die Semitiese poësie <sup>14)</sup>. Dit beklemtoon Matteus se Grieks-Semitiese skryfstyl wat later in die loop van die verhandeling al hoe meer na vore kom.

Omdat 'n anafoor egter in homself 'n natuurlike fonetiese alliterasie of assonansie bevat <sup>15)</sup>, moet ons versigtig wees om nie rymklank wat eiendomlik aan die anafoor gebonde is, as struktuurmerkende argumente te gebruik nie. Dit laat dus die alliterende *m* van *makarioi* en die assonerende *hoi* in die daaropvolgende artikel as merkers buite rekening. Die *p*-alliterasie in die eerste vier subkola kan egter nouliks toevallig wees (vergelyk *ptōchoi*, *penthountes*, *praeis* en *peinōntes*). Dit geld inderdaad ook vir die skema binne die individuele subkola self, naamlik die dubbel *p* in subkolon .1 en subkolon .4 <sup>16)</sup>, die dubbel *d* in subkolon .4 sodat ons in hierdie subkolon die parallelisme het van *p ... d ... p ... d* <sup>17)</sup>, die dubbel *e* in subkolon .5, die dubbel *k* in subkolon .6, en die dubbel *d* in subkolon .8. Binne die orige subkola van die anafoor vind ons verdere aanduidinge van só 'n skema. Die *k* van *klēronomēsousin* en die *g* van *gen* in subkolon .3 is albei velêre plosiewe (eersgenoemde stemloos, en laasgenoemde stemhebbend), en daarom kan ons hier ten minste van semi-alliterasie praat <sup>18)</sup>. In Subkolon .7 het ons in die *ei* van *eirēnopoioi* en die *hui*

14) Vgl. M. Black, *An Aramaic Approach to the Gospels and Acts*, Oxford <sup>3</sup> 1967, 160 vv.

15) Vgl. byvoorbeeld die <sup>c</sup>*et*, gevolg deur 'n *infinitivus constructus*, in die meeste gevalle met <sup>e</sup>*l*, wat in Pred. 3:1-9 in sestien versreëls keer op keer voorkom. Vir 'n analise hiervan, kyk J.A. Loader, "Qohelet 3: 2-8 — A 'Sonnet' in the Old Testament", 240 vv; asook sy "Gedagtes oor gekontroleerde eksegesi", 31 vv.

16) Vgl. die *p* van *peinōntes* en die *ps* van *dipsōntes*.

17) Volgens A.B. du Toit, *a.w.*, is die woord *dipsōntes* in subkolon .4 wat by Lukas nie voorkom nie, en ook nie essensieel in hierdie konteks is nie, juis deur Matteus ter wille van die alliterasieskema ingevoeg.

18) Du Toit wys daarop dat die *kappa* en die *gamma* in die papiri dikwels uitruilbaar gebruik is.

van *huioi* gelykluidende diftonge wat ons semi-assonansie kan noem. In hierdie selfde subkolon vind ons ook nog 'n verdere assonansie, naamlik die *oi* wat twee keer in *eirēnopoioi* <sup>19)</sup> voorkom, sowel as in *huioi*. In die gebruik van die woorde *eleēmōnes* en *eleēthēsontai* in subkolon .5 is die verskynsel paronomasia teenwoordig.

Sō vind ons dus bo en behalwe die allitererende *p* in die eerste vier subkola, 'n verdere alliterasie - assonansie - paronomasia skema binne die individuele subkola wat boonop 'n anaforiese oktaaf vorm (aangedui met die Romeinse syfer I in die struktuuranalise). Vanaf subkolon .9 verderaan in die onmiddellike konteks vind ons nie meer aanduidinge van sō 'n skema nie. Dit bevestig derhalwe die breuk tussen subkolon .8 en .9. Afgesien van die estetiese van hierdie klank - en woordspel, lewer dit dus ook 'n bydrae om die "clusters" in die struktuur van die onmiddellike konteks af te merk.

Die negende makarisme (subkolon .9) wat saam met subkola .10 en .11 in 'n kolongroep verbind (aangedui met die hoofletter C), neem sy eie unieke posisie binne die onmiddellike konteks in. Dit dien naamlik as die skarnier tussen die makarismereeks (subkola .1-8) en die volgende deel van die Bergrede (subkola .12-21). Hierdie verbinding word formeel aangedui deur morfologiese elemente van beide te bevat, naamlik die woord *makarioi* wat na agter met die makarismereeks verbind, en die tweede persoon meervoud pronomens met sy gepaardgaande vervoegde vorm van *eimi*, wat vorentoe verbind <sup>20)</sup>.

19) Die assonansie in *eirenopoioi* is des te meer opvallend wanneer in gedagte gehou word dat dit 'n woord is wat 'n *hapax legomenon* in Bybelse Grieks is. Dit is waarskynlik ook die rede waarom Matteus die woord hier gebruik het.

20) Hiermee is dit wat onder andere deur A.M. Brouwer (*De Bergrede*, 123), H.N. Ridderbos (*De Strekking der Bergrede naar Mattheüs*, Kampen 1936, 92). en C.H. Dodd (vervolg)

---

(voetnota vervolg)

("The Beatitudes: a form-critical study", 2) op grond van 'n "inhouds-analise" vermoed is, formeel bewys (nl. dat vs. 11-12 as 'n oorgang dien). Terselfdertyd word 'n standpunt soos die van Walter Grundmann (*Das Evangelium nach Matthäus* (ThHK), Berlyn 1968, 119) oor die formele funksie van die negende makarisme, as ongeldig bewys. Vir Grundmann vorm al nege makarismes 'n "kunstvolle Komposition". Hy verdeel dit ook in drie dele (vs. 2-6; 7-10; 11-12). Die eerste twee word gekenmerk deur die "Stichwort" *dikaiosounē*. Die derde deel is vir hom slegs die herhaling van die tweede deel. Rudolf Bultman (*Die Geschichte der syoptische Tradition*, Göttingen <sup>7</sup> 1967, 115 vv.) se standpunt hou ook nie met die fyn komposisie van Matteus rekening soos dit duidelik op grond van die struktuuranalise na vore kom nie. Hy meen nl. dat vs. 11-12, vanweë die stilistiese andersheid daarvan, as 'n latere tradisie vanuit die vroeë Hellenistiese gemeente beskou moet word. Dit bevestig my opmerkinge hierbo t.o.v. die waarde van 'n semantiese struktuuranalise bo die sg. "inhoudsanalise" (Vgl. die ekskurs hierbo).

Subkola .12-.21 vorm saam 'n eenheid (aangedui met die Romeinse syfer, II) wat duidelik in twee kolongroepe verdeel is, naamlik .12-.14 (aangedui met D) en .15-.21 (aangedui met E.).

Sodoende is eenhede I en II struktureel verbind, en is formeel aangetoon dat die makarismereeks (eenheid I) as 'n komposisionele eenheid funksioneer.

Die makarismereeks verdeel verder in twee kwatryne, naamlik .1-.4 (aangedui met A) en .5-.8 (aangedui met B). Drie formele faktore is hiervoor 'n aanduiding:

(a) As ons die lesing *autoi* in subkolon .7 aanvaar, soos dit inderdaad by die Nestle-Aland en die UBS-teks die geval is <sup>21)</sup>, dan vind ons dat die somtotaal van die woorde in beide kwatryne presies dieselfde is, naamlik ses-en-dertig. "The mathematical chance that this is purely accidental, is absolutely minimal <sup>22)</sup>".

(b) Die alliterasie-asonansie skema verskil opmerklik tussen die twee kwatryne. In subkola .1-.4 vind ons 'n alliterende skema, terwyl daar by die subkola .5-.8 'n skema bestaan waar alliterasie om die beurt die assonansie afwissel (sien hierbo) — waarskynlik om stilistiese oorkarakterisering te vermy. (c) Die laaste subkolon van beide kwatryne (.4 en .8) bevat beide aan die einde van die matriks-sin dieselfde geaksentueerde woord, naamlik *dikaiousounē* — 'n woord wat nie net in die makarismereeks en in die breër konteks 'n belangrike rol speel nie, maar ook in die hele Matteaanse teologie.

Binne Mt. 5: 3-10 is daar dus drie woorde wat struktuurmerkend prominent funksio=

- 21) Die kodeks *Sinaiticus*, die kodeks *Ephraemi* en 'n paar minder belangrike teksgetuïenisse laat die lesing *autoi* weg, terwyl die meeste, die kodeks *Vaticanus* en die kodeks *Koridethi* onder andere, wel *autoi* lees (vgl. Nestle-Aland, *Novum Testamentum Graece*, Stuttgart <sup>25</sup> 1967, ad loc.) Bruce M. Metzger e.a. *A Textual Commentary on the Greek New Testament*, Londen UBS 1971) ag die getuïenisse wat die *autoi* weglaat, blykbaar van so min tekskritiese belang dat hy dit glad nie bespreek nie.
- 22) A.B. du Toit, "The Structure of Matthew 4:23-5:48".



neer, naamlik die anaforiese *makarioi*, die uitdrukking *basileia tōn ouranōn* wat aan die begin en einde van die oktaaf voorkom, en laastens die geaksentueerde *dikaiousounē* wat aan die einde van die laaste kolon van beide kwatryne aangetrof word.

Hiermee is wat die oppervlaktestruktuur van die onmiddellike konteks betref, 'n analise gedoen van wat Wolfgang Richter die "ornamentele", die "uiterlike" en die "innerlike" vorm noem <sup>23)</sup>. In hoofstuk II, afdeling 2.3 het ek betoog dat dit moontlik is dat inhoudelike momente wel 'n rol by die sintaktiese analise van die oppervlaktestruktuur kan speel. In Mt. 5:3-10 was dit egter nie nodig om inhoudelike momente by die sintaktiese analise in berekening te bring nie. Vir die doel van hierdie studie bepaal ons ons nou by die makarismereeks in Mt. 5:3-10 (subkola .1-.8).

By die ontleding van die dieptestruktuur wat hom op die makarismereeks sal toespits, sal aangetoon word dat die inhoud met bostaande struktuur korreleer. Maar eers is dit nodig om die makarismereeks teen die perspektief van die struktuur van sy wyere konteks te plaas.

#### 1.4 DIE STRUKTUUR VAN DIE WYERE KONTEKS


Die makarismereeks vorm baie duidelik 'n element van 'n groter geheel wat tradisioneel as die Bergrede bekend staan (Mt. 4:25-7:27). Die Bergrede maak op sy beurt weer deel uit van 'n groter geheel binne die Matteusevangelie, naamlik Mt. 4:23-9:35. Die breër konteks word eerste behandel, en daarna die nouer konteks. Uit die aard van die saak sal daar nie op al die sintaktiese, stilistiese en inhoudelike eienskappe van só 'n wyere konteks ingegaan kan word nie. Alleen die

23) Vgl. die afdeling 'N NUWERE BENADERING TOT GATTUNGSFORSCHUNG by die begripsoriëntering.

resultate wat vir hierdie studie relevant is, word aangebied.

1.4.1. MT. 4:23 - 9:35

Behalwe vir 4:23 en 9:35 word die verskillende kola vanweë woord-ekonomiese oorwegings nie een-vir-een uitgeskryf of genommer nie. Ons werk slegs met kolongroepe (in die struktuuranalise met Romeinse syfers aangedui). Sommige van die eenhede wat as kolongroepe aangedui word, bestaan slegs uit een kolon (4:23; 4:24 en 9:35) , maar beklee binne die struktuur van die konteks dieselfde funksie as die ander kolongroepe. Ander kolongroepe bestaan weer uit kleiner kolongroeperinge, en dit word aangedui met die hoofletters A, B, C, ensovoorts. Teenoor elke kolongroep word 'n baie kort parafrase van die inhoud van die betrokke kolongroep aangebied. Die Bergrede (Mt. 4:25 - 7:27) met die afsluitende formule *kai egeneto hote etelesen ho Iēsous tous logous toutous ...*(Mt. 7:28-29) vorm 'n komposisionele eenheid wat vir die doel van ons bespreking van Mt. 4:23 - 9:35 dieselfde funksie as die ander kolongroepe beklee, en dit word daarom met die Romeinse syfer III aangedui. Ter wille van verwysingsdoeleindes word die versnommers waaruit die verskillende kolongroepe bestaan, en soos dit in die Bybel aangebring is, aangetoon.



Mt. 4:23 - 9:35 vorm 'n ringskomposisionele eenheid wat met nagenoeg identiese bewoording begin en eindig (seksies I en IX)<sup>24)</sup>. A.B. du Toit wys daarop dat die ringskomposisie hier nie as 'n statiese argument gebruik word nie, maar dat dit tipies van Matteus se komposisionele metode soos 'n spiraal in 'n progressiewe sirkelbeweging funksioneer. Seksie I funksioneer soos 'n sleutel as die programmatiese inleiding vir dit wat gaan kom, en seksie IX as 'n opsomming van dit wat gesê is; maar terselfdertyd dien seksie IX as die skarnier vir die gedeelte wat daarop volg en waarin die parallelisme tussen Jesus se bediening met dié van sy dissipels uitgebou word.

In die identiese inleiding en slot van seksies I en IX vind ons by wyse van die drie partisipiale kōmmata (*didaskōn ...; kerussōn ...; therapeuōn ...*) verwysings na dit wat binne hierdie ringskomposisionele eenheid gesê word. Die genesingsmotief word onmiddellik opgeneem deur in seksie II 'n algemene beskrywing van Jesus se genesende bediening aan te bied, en dit word daarna weer opgeneem en breedvoerig in hoofstukke agt en nege by wyse van individuele beskrywings aan aandag gegee, naamlik in seksies IV, VI en VIII. In die Bergrede funksioneer die didaktiese motief dominant. Dit kom egter ook voor in hoofstukke agt en nege waar die individuele beskrywings van Jesus se genesende bediening in vertellings van drie-drie gegroeper word. Seksies IV en VI bestaan uit eenhede A, B en C<sup>25)</sup>.

- 24) J.T. Nielsen (*Het Evangelie naar Mattheüs I*, 88) maak ook in sy kommentaar 'n verwysing na hierdie ringskomposisie. Vgl. ook A.B. du Toit, "The Structure of Matthew 4:23 - 5:48"; en J.P. Louw, "The Structure of Matthew 8-9".
- 25) Die kolongroepering A in seksie VI is die enigste wat binne hierdie kategorie nie na 'n genesingswonder verwys nie. "As such it naturally acquires some degree of emphasis: Jesus can satisfy any need. Not only infirmities, even the danger of a storm is within his authority to calm". (J.P. Louw, "The Structure of Matthew 8-9").

So bestaan seksie VIII ook uit eenhede A, B en C <sup>26)</sup>. In albei gevalle word die triologiese groepering deur vertellings oor onderwysings van Jesus onderbreek (naamlik IV ABC deur V en VI ABC deur VII, waarna VIII ABC volg). Volgens J.P. Louw moet ons hierdie onderbrekings nie net as stilistiese onderbrekings opneem nie, maar as eggo van die onderrig in seksie III. Dit plaas die onderrig van die Bergrede sterk op die voorgrond. Die relasies van dié eenhede waarin die didaktiese motief domineer, word in die struktuuranalise aan die regterkant by wyse van gebroke verbindingslyne aangetoon, terwyl die relasies van die eenhede waarin die genesingsmotief domineer, aan die linkerkant by wyse van ononderbroke verbindingslyne aangetoon word.

Hoewel die woord *kērussein* binne die bovermelde ringskomposisionele eenheid nie weer op die oppervlaktestruktuur voorkom nie, figureer die motief van die proklamasie van die *basileia tou theou*, soos later aangetoon sal word, wel sterk binne die dieptestruktuur, en dan veral met betrekking tot die makarismereeks. Maar voordat ons daaraan aandag gee, is dit nodig om eers die strekking van die Bergrede te bepaal.

---


- 26) Kolongroepering A in seksie VIII funksioneer in die dieptestruktuur as twee afsonderlike genesingswonders, en daarom as twee vertellings. Op die oppervlaktestruktuur struktureer die twee vertellings egter sintakties en komposisioneel geïntegreerd, en daarom word dit in die struktuuranalise as een vertelling weergegee. In die dieptestruktuur word eers berig gegee van 'n "gewone" genesing (die vrou wat aan bloedvloeing gely het), en dan 'n "geïntensiverende genesing" (die opwekking van Jaiřrus se dogtertjie uit die dood). Op sō 'n wyse word die genesingsmag van Jesus beklemtoon, en blyk dit ook die rede te wees waarom hierdie twee vertellings in die oppervlaktestruktuur geïntegreer is. Kolongroepering A van die triologiese seksie VIII korreleer dus met A van die triologiese seksie VI. Beide die kolongroeperinge A in hierdie twee seksies het o.a. 'n emfatiese funksie.

1.4.2. MT. 4:25 - 7:27 (DIE BERGREDE)


Die Bergrede wat in Mt. 4:25 - 7:27 opgeneem is, word deur die evangelis aangebied as 'n rede wat Jesus tydens sy eerste optredes op aarde teenoor sy dissipels en ander in die heuwelagtige streke van Galilea uitgespreek het. In vroeër tye is die Bergrede beskou as 'n enkele rede wat Jesus op 'n spesifieke historiese geleentheid sou gelewer het, en dit is inderdaad die indruk wat Matteus ons in sy evangelie gee. Vandag egter is baie Nuwe-Testamentici van mening dat Matteus — in aansluiting by 'n opelugtoespraak van Jesus wat met die makarismes begin en met die vergelyking van die bou van die twee huise eindig — self die Bergrede uit verskillende logia van Jesus wat op verskillende tye en geleenthede uitgespreek is, in een komposisionele eenheid versamel het <sup>27)</sup>. 'n Semantiese struktuuranalise van die Bergrede dui bevestigend ook hierop.

Net soos in die geval van die struktuuranalise van die breër konteks (Mt. 4:23 - 9:35) word die afsonderlike kola by die semantiese struktuuranalise van die Bergrede ook nie hieronder een-vir-een uitgeskryf of genommer nie; ons werk ook met kolongroepe (aangedui met Romeinse syfers) waarvan sommige ook slegs uit een kolon bestaan en ander weer uit kleiner kolongroeperinge. Bybelversnommers teenoor dié groeperinge, en parafrases van die inhoud word ook soos in die geval van Mt. 4:23 - 9:35 aangebied. Ná die struktuuranalise volg 'n meer gedetailleerde bespreking van die inhoud as wat hierbo in die geval van die breër konteks gebied is. Die inhoudelike raamwerk van die Bergrede wat op grond van 'n semantiese struktuuranalise vasgestel is, sien dan soos volg daaruit:

- 27) Vgl. o.a. A.M. Brouwer, *De Bergrede*, 138 vv.; C.W. Votaw, "The Sermon on the Mount", in J. Hastings (red.), *A Dictionary of the Bible. Extra Volume*, Edinburgh 1909, 3 vv. R.H. Mounce, "The Sermon of the Mount", in J.D. Douglas (red.) *The New Bible Dictionary*, Michigan 1971, 1162.



Die struktuur van die Bergrede wat uit veertien kolongroepe (seksies) bestaan, vertoon 'n vyfvoudige konsentriese ringskomposisie wat net soos in die geval van die breë konteks (4:23 - 9:35) soos 'n spiraal funksioneer. Die inhoud van die seksies wat saam 'n sirkel vorm, funksioneer naamlik in 'n progressiewe sirkelbeweging. Telkens vind daar vanaf elke sirkel 'n verdere vernouing vorentoe plaas totdat daar by 'n middelpunt uitgekóm word. Die middelpunt self is egter soos 'n atoom wat weer tot 'n kern opsplits, sodat ons inderdaad ses konsentriese sirkels het waarvan dié in die middelpunt egter nie 'n formulêre "ring" vorm nie. Binne hierdie konsentriese ringskomposisie speel die drietal (net soos in die breër konteks van 4:23 - 9:35, en altans soos in die hele brief) 'n belangrike rol. Die struktuur van die Bergrede wat op die vorige bladsy aangebied is, kan aan die hand van die volgende diagram verduidelik word:



Seksie I en XIV vorm die buitenste sirkel. Eersgenoemde seksie voorsien die "setting" van die Bergrede. Jesus neem naamlik 'n sittende posisie soos 'n rabbi in om sy volgelinge te leer. 'n Dissipelkring omring Hom, en in 'n



wyer sirkel, die skare. Laasgenoemde seksie vorm op sy beurt die afsluiting van die hele diskoers by wyse van die bekende formule *kai egeneto hote etelezen tēsous tous logous toutous...*

Seksies II - IV vorm saam met seksie XIII die vierde sirkel. Die vasstelling van die funksionele posisie van seksie II (die makarismereeks) is die primêre doel van ons analise. Die struktuursamehang van seksies II - IV is reeds by die afdeling *DIE STRUKTUUR VAN MT. 5: 2-10 (EN VS. 11-16)* aangetoon. Daar het ons vasgestel dat seksie II skarnier via III met die triptiek van IV wat weer vorentoe verbind met die *driemalige* triptiek van die sentrale deel (seksies V - XII). Die ontleding van die dieptestruktuur sal hom in die volgende afdeling op die makarismereeks toespits, en daarom word daar nie nou aan die inhoudelike aspekte van seksie II aandag gegee nie. Wat seksie IV betref, kan opgemerk word dat dit 'n gedeelte is wat hom fokus op die sleutelposisie van die dissipels in die wêreld en die groot verantwoordelikheid wat hierdie posisie op hulle skouers geplaas het. Binne seksie XIII vind ons in vier perikope by wyse van 'n progressiewe styl van 'n vae tot 'n baie duidelike aanduiding, 'n eenheid wat ons die epiloog van die Bergrede kan noem.

Seksies V en XI - XII vorm die derde sirkel. Seksie V dien as die inleiding tot die sentrale deel van die Bergrede wat met seksie XII afgesluit word, en terselfdertyd dien dit as 'n oorgang na die sogenaamde ses antiteses van seksie VI. In 'n sekere sin is Joachim Jeremias <sup>28)</sup> reg as hy sê dat die frase *he dikai= osounē pleion tōn grammateōn kai farisaion* in seksie V (Mt. 5:20) die tema

28) *The Sermon on the Mount*, Londen <sup>4</sup> 1972, 23.

van die Bergrede vorm. Hierdie selfde tema van "onderskeidingsvermoë" vind ons ook in die middelpunt van die konsentriese ringskomposisie (sien later). Seksie XI vorm die laaste stuk van die Bergrede se sentrale deel. In hierdie seksie word daar aangetoon hoe dit moontlik is om die "imperatief" van die Bergrede te gehoorsaam. Die Vader in die hemel sal daarvoor krag gee. Vanweë die frase *houtos gar estin ho nomos kai hoi profētai* in seksie XII (wat by Lukas nie voorkom nie) wat met Mt. 5:17 ooreenstem, lyk dit baie waarskynlik dat die sogenaamde "Goue Reël" van seksie XII die afsluiting van die sentrale deel van die Bergrede vorm. Die *oun* van Mt. 7:12 het 'n konkluderende mag met betrekking tot die sentrale deel in sy geheel. Die *ho nomos kai hoi profētai* wat in die inleiding en slot van die sentrale deel voorkom, dui in die rigting dat Matteus binne hierdie sentrale deel van die Bergrede 'n aanduiding wil gee van die ware etiek van die Skrifte.

Seksies VI en X vorm die tweede sirkel. Die antiteses in seksie VI moet nie as kontradiksies tot die Mosaiëse Wet opgeneem word nie. Jesus is besig om sy dissipels te leer wat dit beteken om die Wet volkome te vervul. Seksie X vorm die laaste deel van die lang etiese instruksie voordat die konklusie in seksies XI - XIII daarop begin. "The reason for such a position lies at hand: after having told the believers how good they should live, Jesus finally warns them that this does not mean they should judge others who appear not to be good <sup>29)</sup>". Vs. 6 vorm binne hierdie seksie 'n "counterbalance" teenoor vs. 1-5. "You must nog judge others but this does not mean that you must continually bring the gospel to anyone; some discretion must be used <sup>30)</sup>".

29) W. Nicol, "The Structure of Matthew 7".

30) W. Nicol, *a.w.*

Die triologiese seksies VII en IX vorm die eerste sirkel en seksie VIII (self triologies) die middelpunt van die konsentriese ringskomposisie. Hfst. 6:22-23 ("onderskeidingsvermoë") vorm op sy beurt weer die kern van hierdie middelpunt. Dit word deur feitlik dieselfde tema aan weerskante deur die ander twee lede van die triptiek omsluit, naamlik die alternatief "skatte op die aarde / skatte in die hemel" (6:19-21) en die alternatief "diens aan God / diens aan Mammon" (6:24). Seksie VIII kan dus as 'n sesde sirkel in die konsentriese ringskomposisie opgeneem word. Dit is inhoudelik onlosmaaklik met die omarmde triologiese seksies VII en IX verbind. In sy geheel weerspieël die triptiek van seksie VII Jesus se beroep op die geloofsintegriteit van die dissipels <sup>31)</sup>. In die triptiek van seksie IX word die opregtheid van die gelowige vanuit sy totale afhanklikheid van God belig. In seksie VII was die woord *místhon* 'n sentrale tema. Die aard van hierdie *místhon* word nou in seksie IX gepresiseer. Waar die kwessie van "waardeoordele" in seksie VIII ter sprake kom en die gelowige dissipels gemaan word om skatte *en ouranō* te versamel, word hierdie "skatte" nou in seksie IX nader bepaal.

Voordat ons vervolgens ten slotte kyk na my resultaat ten opsigte van die funksionele posisie van die makarismereeks (seksie II) binne die struktuur van sy breër en nouer konteks, eers 'n woord oor die breë karakteristieke van die Bergrede:

In die Bergrede bied Matteus ons 'n indrukwekkende beeld van Jesus as *didaskōn*. Die didaktiese motief is dus dominerend in die Bergrede. Dit is nie alleen die woord *didaskein* (4:23; 5:2; 5:19; 7:29) wat in hierdie opsig daarop dui nie;

31) Vgl. P.J. Maartens, "Die Kolastruktuur van Mattheus 6".

ook die partisipium *kathisantos* (5:1) gee die beeld weer van Jesus in die posisie van 'n rabbi, besig om sy volgelinge te onderrig. Die didaktiese motief is ook onderliggend aan die uitdrukking *anoixas to stoma autou* (5:2) wat volgens A.B. du Toit 'n beklemtoning daarvan is dat 'n plegtige verklaring gaan volg<sup>32)</sup>. Dit is verder ook die neiging dwarsdeur die Bergrede (in die besonder hoofstukke ses en sewe) dat die uitdrukkings *amēn legō humin; legō humin; egō de legō humin*, en soortgelyke segginge<sup>33)</sup> (5:18; 5:20; 5:22, ensovoorts), asook die talle imperatiewe (struktureel met die didaktiese motief verbind), die beklemtoning van dié motief verder onderstreep. Dit is veral in Mt. 7:28-29 (waar die diskoers met die bekende formule *kai egeneto hote etelesen ho Iēsous tous logous toutous...* afgesluit word) dat die didaktiese motief sterk beklemtoon word. Ons vind hier vir die eerste keer by Matteus die substantief *didachē*. Dit word in die betrokke kolon met die partisipium *didaskōn* opgevolg, en so kry ons 'n ringskomposisie waar die Bergrede in sy "setting" (Mt. 4:25 - 5:2), asook in sy afsluiting (Mt. 7:28-29) met dieselfde motief geaksentueer word, naamlik die motief van die *didachē*.

### 1.5 GEVOLGTREKKING

Vanuit die analise van die oppervlaktestruktuur het ek aangetoon dat die makarismereeks in Mt. 5:3-10 (seksie II in die struktuur van die Bergrede) 'n kunstige komposisionele eenheid is met sy fokuspunte op die drie terme *makarioi, basileia tōn ouranōn en dikaiosounē*.

32) "The Structure of Matthew 4:23 - 5:48". Du Toit verwys in dié verband na Job 3:1; Ps. 78:2 en Hnd. 10:34.

33) Die term "segging" word in die studie gebruik (sien veral later hoofstuk IV) in gevalle waar dit vir die doel van die verhandeling nie van belang is of die frase onder bespreking 'n "kolon" of 'n "kernsin" of 'n "uiting" vorm nie. (Vir 'n bespreking oor lg. drie terme, vgl. hoofstuk II, afdeling 1.4).

Ons het gesien dat die makarismereeks via seksie III (die negende en tiende makarisme in die tweede persoon) met die triptiek van seksie IV (die sout van die aarde, die lig vir die wêreld en die stad op die berg) skarnier. Seksies II - IV vorm saam met die epiloog in seksie XIII 'n sirkel wat respektiewelik in 'n progressiewe en regressiewe beweging met die driemaalige triptiek van die sentrale deel van die Bergrede verbind. Die Bergrede self as eenheid (wat as die *exemplum classicum* van die vroeg- Christelike *didachē* beskou kan word) maak op sy beurt deel uit van 'n wyere ringskomposisie (4:23 - 9:35). In hierdie wyere konteks word die didaktiese met die genesingsmotief afgewissel. In die lig van hierdie struktuur word dit glashelder dat die makarismereeks as die *exordium* van die didaktiese Bergrede funksioneer <sup>34)</sup>, asook van die breër konteks waar die genesingsmotief dominant is ( afgewissel met die didaktiese). Die posisie van die makarismereeks binne die struktuur van sy nouer konteks (4:25 - 7:29) en breër konteks (4:23 - 9:35) moet dus verstaan word in die lig van dié twee motiewe wat binne hierdie wyere struktuur domineer, naamlik die didaktiese en die genesingsmotief.

In my analise het ons egter opgemerk dat afgesien van bogenoemde twee motiewe daar nog 'n derde in die ringskomposisionele raamwerk van die wyere struktuur voorkom, naamlik die *kerugmatiese*. Laasgenoemde, anders as die didaktiese en genesingsmotief, word nie in die oppervlaktestruktuur geartikuleer nie. As ons nou op grond van 'n dieptestruktuuranalise kan bewys dat die makarismereeks kerugmaties funksioneer, dan sal dit daarop dui dat die verswëe kerugmatiese motief sy plek binne die makarismereeks kry. Op grond van die posisionele aspek van die makarismereeks as die *exordium* van die konteks, sal bogenoemde

34) Hiermee is wat deur navorsers op grond van "inhoudsanalises" (vgl. die ekskurs vroeër in hierdie hoofstuk) "vermoed" is, formeel bewys. Vir sodanige "vermoede" vgl. J. Jeremias, *The Sermon on the Mount*, 23.

bevinding dus verder 'n baie belangrike gevolg meebring: Die kerugmatiese motief sal naamlik as die draende fondament beskou moet word vir die verstaan van sowel die didaktiese as die genesingselemente in die konteks.

## 2. DIE DIEPTESTRUKTUUR

Die dieptestruktuur word ontleed deur die semantiese funksies van die kola en woorde binne die perikoop te bepaal en te omskryf. Binne die onderhawige perikoop het ek vasgestel dat daar drie terme is wat struktuurmerkend prominent funksioneer, naamlik *makarioi*, *basileia tōn ouranōn* en *dikaiosounē*. Hierin vind ons alreeds 'n aanduiding dat die *denotata* waarna hierdie drie terme binne die konteks verwys, bepalend vir die semantiese betekenis van die perikoop in sy geheel kan wees. Dit is dus drie terme wat vir die doel van die studie, nadere beligting vereis. Vanweë die poliseme karakter van woorde word daar vanuit die konteks en die analise van die oppervlaktestruktuur bepaal watter noempotensie van 'n betrokke woord die aktuele gebruiksgeval binne die konteks is. Dit veronderstel uit die aard van die saak 'n insig in die betekenisvelde van die drie bovermelde woorde, maar vanselfsprekend ook van al die ander woorde wat in die perikoop voorkom. Om die betekenisveld van 'n woord af te baken, vereis weer op sy beurt die isolering van die semantiese woordvelde waarbinne die betrokke woord mag figureer. Dit word met behulp van die sogenaamde komponente-analise bepaal (vergelyk die bespreking by die begripsoriëntering in hoofstuk II, afdeling 1.3). Vanweë die komplekse aard van die tegniek om die betekenis-komponente van 'n woord vas te stel, beperk ek my in hierdie studie tot slegs 'n ondersoek na die betekenisassosiasies in die Nuwe Testament van dié woord wat die mees prominente skyn te wees, naamlik *makarioi* en sy stamverwante derivate. Wat die woord *dikaiosounē* betref, het

J.P. Louw<sup>35)</sup> 'n deurtastende semantiese ondersoek na die betekenis en gebruik daarvan in die Bergrede gedoen. Daarom is 'n herhaling daarvan hier onnodig en maak ek slegs van sy resultate gebruik. Wat die uitdrukking *hē basi=leia tōn ouranōn* betref, volstaan ek by 'n aantal opmerkinge oor die betekenis en gebruik van dié uitdrukking in die Nuwe Testament. Ek steun in dié verband sterk op 'n ondersoek van Rudolf Kassühlke.<sup>36)</sup> Wat die ontleding van die semantiese funksies van die res van die woorde in die perikoop betref, volg ons die tegniek wat E.A. Nida en C.R. Taber in hulle boek *The Theory and Practice of Translation* met die oog op 'n dinamiese Bybelvertaling ontwerp het. Dit word gedoen met behulp van die universele semantiese kategorieë objekte, gebeure en abstrakte, soos dit by die begripsoriëntering uiteengesit is. Die tegniek om die relasies van woorde in hulle groepsinhoud binne die afsonderlike kola te bepaal, die sogenaamde konstituente-analise (IC-analise), word kolongsewys met die dieptestruktuurontleding gekombineer. Ten slotte word al die gegewens vanuit sowel die dieptestruktuur as die analise van die oppervlaktestruktuur van die onderhawige perikoop en sy nouer en breër konteks, in berekening gebring om 'n samevattende oorsig van die semantiese ondersoek na die makarismereeks in Mt. 5 te gee.

## 2.1 DIE WOORDGROEP MAKARIOS, -IA, -ION; MAKARIZŌ/MAKARIŌ; MAKARISMOS .

Die woord *makarios*, *-ia*, *-ion* en die stamverwante derivate (*makarizō* / *makariō*; *makarismos*) kom vyf-en-vyftig keer in agt-en-dertig perikope in die Nuwe Testament voor. Met die oog daarop om die betekenisassosiasies van hierdie woord=

35) "DIKAIOSOUNĒ in the Sermon on the Mount", in *Neotestamentica*, 1 (1967), 35-41.

36) "An attempt at a dynamic equivalent translation of *BASILEIA TOU THEOU*", in *BTr*, 25 (1974), 236-238.

groep in die Nuwe Testament vas te stel, is elke gebruiksgeval in sy spesifieke konteks nagegaan. Nou volg 'n tabel wat die verskillende betekenisassosiasies met hulle ooreenkomstige kontekste aandui.

A. Religieuse heilsaankondiging.

- (a) eksplisiet in terme van die *hē basileia tou theou / tōn ouranōn*.  
Mt. 5:3; Mt. 5:10; Lk. 6:20; Lk. 14:15; Mt. 13:16;
- (b) op grond van die geloof van die aangesprokene. Mt. 16:17; Lk. 1:45;  
Jn. 20:29; Mt. 11:6; Lk. 7:23; Rm. 4:6-9;
- (c) vanweë die psigologiese ingesteldheid van die aangesprokene.  
Mt. 5:3; Mt. 5:4; Mt. 5:5; Mt. 5:7; Mt. 5:8; Lk. 6:20; Lk. 6:21;
- (d) in terme van die eskatologiese voleinding. Mt. 5:4; Mt. 5:5;  
Mt. 5:6; Mt. 5:7 (vir hierdie vier gevalle, kyk veral na die futurum van die verbale vorme); Lk. 6:21; Lk. 14:15; Lk. 23:29;  
Opb. 1:3 (let op die frase *ho gar kairos engus*); Opb. 14:13;  
Opb. 16:15; Opb. 19:19; Opb. 20:6; Opb. 22:7; Opb. 22:14;  
Mt. 24:46; Lk. 12:37, 38, 43; Jk. 1:12;
- (e) vanweë die waaksaamheid van die aangesprokene met die oog op die eskatologiese voleinding. Mt. 24:46; Lk. 12:37, 38, 43; Opb. 16:15;
- (f) vanweë die etiese besig wees voor die voleinding. Jn. 13:17; Hnd. 20:35; 1 Kor. 7:40; Rm. 14:22; Mt. 5:10; Opb. 1:3; Opb. 22:7;  
Opb. 22:14; Jk. 5:11; Jk. 1:12; Jk. 1:25;
- (g) op grond van wat "vyandiges" die aangesprokenes aandoen. Mt. 5:10,11;  
Lk. 6:22; 1 Pet. 3:14; 1 Pet. 4:14;
- (h) vanweë die aangesprokene se aanskoue en gelowige deelname aan die



"gebeure" van die "nuwe tyd" wat met Christus aangebreek het.

Mt. 13:16; Mt. 11:6; Lk. 7:23; Lk. 10:23; Lk. 11:28; Lk. 1:48;

(i) op grond daarvan dat die aangesprokene die moeder van Jesus is.

Lk. 11:27. (Jesus wys daarop dat dit nie grond vir *makarios* is nie; vergelyk Lk. 11:28.)

B. Non-religieuse psigologiese ingesteldheid. Hnd. 26:2; Gl. 4:5.

C. Predikaat van God. 1 Tm. 1:11; 1 Tm. 6:15<sup>37)</sup>.

D. Predikaat van 'n onpersoonlike religieuse objek (=eskatologiese gawe van God). Tt. 2:13<sup>38)</sup>.

Wanneer ons nou die kontekste in ons tabel met mekaar vergelyk, dan word dit duidelik dat, met die uitsondering van vyf gevalle, al die ander kontekste na 'n religieuse heilsaankondiging van 'n soort blydschap verwys wat op een of


37) Vgl. verder ook Philo Spec. leg. 3:1 *ton kalon kai peripothēton kai makarion ontōs noun ekarpoumenē*; Philo Deus imm. 26 *ho afthartos kai makarios*; Josefus Ap. 2:190 *ho theos echei ta sumpanta panteleēs kai makarios*.

38) Vgl. verder ook 1 Klem 35:1 *makaria dōra*; Maxim. Tyr. 41:51 *eudaimōn kai makaria psuchē*; Dit. Or. 519, 9 *en tois makariotatois humōn kairois*. Volgens W. Bauer se leksikon (vertaal deur W.F. Arndt en F.W. Gingrich, *A Greek-Englisch Lexicon of the New Testament and other early Christian Literature*, Chicago<sup>15</sup> 1975, 488) verwys die *makarioi* van Mt. 13:16 (*humōn de makarioi hoi ofthalmoi hoti blepousin, kai ta ōta humōn hoti akousin*) en Lk. 10:23 (*Makarion hoi ofthalmoi hoi blepountes ha blepete*) en die *makaria* van Lk. 11:27 (... *tis gunē ... eipen autō, Makaria hē koilia hē bastasasa se kai mastoi hous ethēlasas*) ook na onpersoonlike dinge. Betekenis en referensie is egter nie dieselfde nie (vgl. J.P. Louw *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, 57 vv.). Die "oë" en "ore" van Mt. 13:16 en Lk. 10:23 verwys na die dissipels. Die "skoot" en die "borste" van Lk. 11:27 is 'n verwysing na die moeder van Jesus.

ander wyse deelname aan die Christelike eskatologie impliseer, maar 'n heilsaankondiging nie in die sin van kommunikasie soos *legein* en *kerussein* nie. Van die orige vyf gevalle verwys twee na 'n nie-religieuse tipe blydskap; een geval dien as 'n predikaatomskrywing van God ('n hele paar ander voorbeelde van dieselfde tipe kom ook in buite-Bybelse vroeë religieuse literatuur voor), en die laaste geval dien as 'n predikaatomskrywing van 'n eskatologiese gawe van God (waarvan ook meer as een voorbeeld van dieselfde tipe uit buite-Bybelse vroeë Christelike literatuur aan te wys is). Die eerste twee groeperinge kan onder die een hoof geklassifiseer word, naamlik *psigologiese gebeure*, en die onderskeiding tussen dié twee kan getipeer word as *religieus* en *non-religieus*. Dit is 'n groepering wat dus aangedui kan word as AG (= abstrak-gebeure), omdat dit 'n *kwalitatiewe toestand* uitdruk, en tog ook 'n *proses* aandui.) Die laaste twee groeperinge kan ook onder een hoof geklassifiseer word wat ek 'n suiwer *abstrak* sal noem. Die onderskeiding tussen hulle bestaan daarin dat die een 'n *eienskap van God* aandui en die ander 'n *eienskap van 'n onpersoonlike gawe van God*.

Terwille van 'n woord-ekonomiese beskrywing gee ek nou 'n boomdiagram waarvan een been die een groepering verteenwoordig, en die ander been die tweede groepering verteenwoordig.

makarios, ia, ion; makarizō / makariō; makarismos



## 2.2 DIKAIOSOUNĒ

Die betekenis van die woord *dikaiosounē* in die Bergrede kan soos volg omskryf word: "In the Sermon on the Mount *dikaiosounē* means religious virtue resulting in a way of life emphasizing correctness before God <sup>39)</sup>". (Let op dat die betekenis van 'n woord nie dieselfde is as die gebruik van 'n woord nie. Laasgenoemde het te doen met die kontekstuele begrip, die kontekstuele referensie en die

39) J.P. Louw, "DIKAIOSOUNĒ in the Sermon on the Mount", 36. Vgl. ook byvoorbeeld die vertaling van Mt. 5:6 in *DIE BLYE BOODSKAP* (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad 1975): "Gelukkig is die wat honger en dors na *wat reg is ...*", asook die parafraiserende vertaling in *DIE LEWENDE NUWE TESTAMENT* (Christelike Uitgewersmaatskappy, Roodepoort, 1978): "Mense wat 'n brandende begeerte het om te doen wat God wil he ...". Dit wat kursief gedruk is, is die vertaling van die Griekse *dikaiosounē*.

kontekstuele implikasie <sup>40)</sup>). Met verwysing na die ooreenkoms en onderskeid in die gebruik van die woord *dikaïosounē* in die Judaïstiese literatuur en dié in die Bergrede, kom Louw tot die volgende gevolgtrekking: "In Judaic literature the content of meaning is applied to religious contexts and is realized by fulfilment of the Mosaic Law. The Sermon on the Mount shows the same trends although on a different plane. Righteousness is a reward by God of those who fulfil the Law in consequence of a personal relation to the Heavenly Father <sup>41)</sup>.

### 2.3 HĒ BASILEIA TŌN OURANŌN

Die uitdrukking *hē basileia tōn ouranōn* kom as ons die tekskrities-twyfelagtige Jh. 3:5 buite rekening laat, slegs by Matteus voor. Op drie ander plekke gebruik Matteus die alternatiewe uitdrukking wat ons by Markus, Lukas en elders aantref, naamlik *hē basileia tou theou* <sup>42)</sup>. Die *tōn ouranōn* moet in die lig van die kontemporêre laat-Judaïstiese gebruik as 'n substituut vir God opge= neem word. Woorde soos byvoorbeeld *mēmra*, *šēkīnā*, *yēqārā* en *šēmayyā* word dikwels onder andere in die Targums as substitute vir God gebruik wat naamlik verklaar moet word as 'n eerbiedige vermyding van God se naam <sup>43)</sup>. Die meervoudsvorm van *tōn ouranōn* moet as 'n Semitisme beskou word. Wat die betekenis van die woord *basileia* betref, kan opgemerk word dat dit 'n gebeur= woord is wat 'n interpersoonlike aksie van *om te regeer* aandui, en wat in Afri= kaans weergegee kan word met "koningsheerskappy". Vanweë sy verbinding met die subjektiewe genitiefkonstruksie *tōn ouranōn/tou theou* is dit duidelik dat dit 'n koningsheerskappy is waar God in regeer, maar dat mense in dié heerskappy

40) Vir 'n volledige uiteensetting hiervan, kyk J.P. Louw, *Semantiek van die Nuwe Testamentiese Grieks*, 56-61.

41) J.P. Louw, "DIKAIOSOUNĒ in the Sermon on the Mount", 40.

42) Twee onsekere gevalle kan miskien by hierdie drie gevoeg word, nl. Mt. 6:33 waar dit tekskrities ook nie duidelik is of *tōn ouranōn* of *tou theou* gelees moet word nie.

43) Vgl. in dié verband o.a. M. McNamara, *Targum and Testament*, Grand Rapids 1972, 93 vv., en 98 vv.

kan deel (vergelyk Mt. 5:3 en 5:10). Dit is 'n begrip wat by die kontem=  
porêre Jodedom reeds bekend moes gewees het, want in die proklamasie daarvan  
deur Johannes die Doper en Jesus lê die implikasie opgesluit dat dit 'n be=  
kende begrip was. "The basis of the Greek phrase was the corresponding He=  
brew *malkut Jahveh*, which appears in this form only in rabbinical literature,  
and not in the Old Testament ... The basis of the rabbinical phrase is a  
proclamation in the Old Testament, which appears with particular frequency in  
deutero-Isaiah: 'Jahweh has become King'". En verder: "For a Jew at the  
time of Jesus the short phrase *basileia tou theou* expressed everything good  
which he hoped for from God <sup>44)</sup>".

Rudolf Kassühlke het in sy ondersoek na die betekenisassosiasies van die  
uitdrukking *basileia tou theou* in die Nuwe Testament bevind dat al die kon=  
tekste waarin die uitdrukking voorkom, in nege areas verdeel, naamlik:

- (a) "God establishes his rule"
- (b) "God destroys his enemies"
- (c) "God eliminates sin, disease, suffering and death"
- (d) "God completes his work (as creator and redeemer)"
- (e) "God calls men into fellowship with himself"
- (f) "God renews the world"
- (g) "Men submit themselves to God's rule"
- (h) "Men have complete fellowship with God"
- (i) "Men live in the renewed world".

By 'n nadere ondersoek blyk dit egter dat area (b) en (c) by (a) ingesluit is,  
en (c) en (e) by (d). Area (e) kan ook by (f) ingesluit word, terwyl (g),  
(h) en (i) die menslike antwoord is op respektiewelik (a), (d) en (f). Areas

44) R. Kassühlke, "An attempt at a dynamic equivalent translation of *BASILEIA  
TOU THEOU*", 236.

(a) en (f) kan dus as dié twee fundamentele areas beskou word waarbinne die uitdrukking *he basileia tou theou* in die Nuwe Testament gebruik word.


Dit is 'n "koningsheerskappy" wat in Jesus Christus gerealiseer het (vergelyk Mt. 3:2, 4:7; 10:7 en 12:28), maar wat ook 'n eskatologiese eindvervulling te= gemoet gaan (vergelyk onder andere die sogenaamde sinoptiese apokalips in Mk. 13). Ten slotte kan opgemerk word dat die proklamasie daarvan onderliggend aan die realisering en die deelname aan hierdie koningsheerskappy lê. Telkens word die uitdrukking *basileia tou theou* in die Nuwe Testament met woorde soos onder andere *kērussein* en *euangelizesthai* verbind. Soos elders in hierdie studie reeds daarop gewys is, kan die hoofskopus van die Matteusevangelie ook onder hierdie gesigspunt saamgevat word, naamlik dat dit gaan om die proklama= sie van Jesus as die Messias, en in Hom, om die koningsheerskappy van God.

2.4 'N KONSTITUENTE-ANALISE VAN DIE PERIKOOP MET BESPREKING AAN DIE HAND VAN DIE KATEGORIEË OBJEKTE, GEBEURE EN ABSTRAKTE <sup>45)</sup>.

---

- 45) In die skema wat van die IC-analise by elke subkolon gebied word, word die woorde in die subkolon suiwer semanties as O (objekte), G (gebeure) of A (abstrakte) geklassifiseer. Dikwels gebeur dit egter dat byvoor= beeld 'n objek in die konteks as verwysend na byvoorbeeld 'n abstrak ge= bruik word. Sodanige gevalle sal in die bespreking aangedui word. Vir 'n dinamiese vertaling (en bespreking) van die afsonderlike makarismes in die reeks, vgl. B.M. Newman, "Some Translational Notes on the Beatitudes", in *BT*, 26 (1975), 106-20.

Subkolon .1 *Makarioi hoi ptōchoi tō pneumati, hoti autōn estin hē basileia tōn ouranōn*



Dit is 'n kolon wat net soos die ander in die perikoop duidelik uit twee dele uiteenval, naamlik in 'n matriks en 'n redegewende uitbreiding ingelei deur *hoti*. In die uitbreiding kan die verbinding van die objek *autōn* met die abstrak *estin* <sup>46)</sup> transformeer na: "hulle het deel aan". Die verbinding *hē basileia tōn ouranōn* vorm in die dieptestruktuur die direkte voorwerp van die nominale frase "hulle het deel aan". Dit is 'n verbinding wat in die lig van die bespreking in die voorafgaande afdeling transformeer na: "die heerskappy waar God as koning regeer". Barclay M. Newman, wys daarop dat die fokus in die perikoop geleë is "on the benefits or blessings shared by those persons who experience the rule of God in their lives <sup>47)</sup>". Die vertaling wat Newman op grond hiervan voorstaan, is: "they enjoy the blessings of God's rule". Hierdie "heerskappy van God" moet egter in die konteks verstaan word teen die

46) *estin* dui op 'n statiewe toestand, en is daarom 'n abstrak.

47) "Some Translational Notes" 114. (My kursivering).

agtergrond van die koms van die Messias wat in Jesus gerealiseer het. In die matriks word mense wat *ptōchoi tō pneumati* is, deur Jesus *makarioi* genoem. In die lig van my bespreking in afdeling 2.1 vroeër in die hoofstuk èn vanuit die konteks, kan ons *makarioi* se toepaslike noempotensie hier omskryf as 'n psigologiese gebeurewoord wat as 'n religieuse heilsaankondiging met 'n eskatologiese strekking vir mense gebruik word wat 'n bepaalde gesindheid openbaar, te wete dan hier die gesindheid om *ptōchos tō pneumati* te wees. Die konstituente verbinding van die abstrak *hoi ptōchoi* met die objek *to pneumati* kan korkondant weergegee word met "mense wat arm in die gees is". Vele kommentatore is dit eens dat hierdie eerste makarisme (soos ons later sal sien, geld dit ook ander in die reeks) 'n implisiete toespeling is op Jes. 61:1 vv. <sup>48)</sup>, en dan in die besonder op die tweede hemistige van die eerste stige in vs. 1:

*riwah* <sup>a</sup>*donāy* *yhwh* *ālāy*  
*ya*<sup>c</sup>*an māšah* *yhwh* *otī* *l'baššer* *ca*<sup>a</sup>*nāwīm*.

Hierdie toespeling dring hom soos ons later sal sien, al hoe sterker na vore <sup>49)</sup>. Die *ca*<sup>a</sup>*nāwīm* wat met die *ptōchoi tō pneumati* geïdentifiseer word, is die toespeling op die kontemporêre *cam hā'ares* wat in die oë van die Fari-seërs en die skrifgeleerdes die veragtes was, en daarom as buite die verbond gereken is <sup>50)</sup>. Die *ca*<sup>a</sup>*nāwīm* wat as die sorglose en die reglose by Yahweh beskerming soek teen hulle vyande en ook die privilege geniet om by Hom toevlug en redding te ontvang, word deur Tritto-Jesaja gebruik vir die volk in ballingskap wat smag na die herstel van die gemeenskap met Yahweh. Dit word geherinterpretéer asof dit op die kontemporêre *cam hā'ares* van toepassing sou wees.

48) Vgl. onder andere *Str.-B* I, München <sup>5</sup> 1926, 190; K. Koch, *Was ist Formgeschichte?*, 52; A.M. Brouwer, *De Bergrede*, 18 vv.; S.P.J.J. van Rensburg, "Die Messias in die Saligsprekinge", 6.

49) In Lk. 4:18 kry ons 'n eksplisiete verwysing van Lukas dat Jesus die woorde van Jes. 61:1 vv. op Homself betrek het.

50) Vgl. *Str.-B*, 190 vv.



Soos dit aan die einde van die bespreking oor die makarismereeks sal blyk, maar ook vanuit die konteks in die Bergrede as geheel, is daar 'n duidelike ooreenstemming tussen die toestand wat onder die *am hā'ares* heers en dié wat in die makarismereeks beskryf word. Soos vroeër reeds daarop gewys is, moet die betekenis van 'n woord egter altyd van sy gebruik onderskei word. In die lig van die *midraš* wat ons dus hier aantref, kan ons wat die gebruik van die uitdrukking *hoi ptōchoi tō pneumati* betref, saam met G. Eichholz<sup>51)</sup> die *tō pneumati* as 'n tipe *dativus relationis* beskou. "Geist meint hier nicht Verstand oder Vernunft, sondern dass Innere des Menschen, zein Herz<sup>52)</sup>". *tō pneumati* wat suiwer semanties gesien, 'n objek is wat aan gebeure of prosesse kan deelneem (vergelyk die skema hierbo), verwys in die konteks na 'n psigologiese gesteldheid. Dit is dus wat sy gebruik hier betref, 'n abstrak. Ons kan derhalwe "arm in die gees" soos volg verstaan: "Menschen sind gemeint, deren äussere Lage, sie dahin treibt, dass sie alles von Gott erwarten<sup>53)</sup>". Die makarisme moet dus nie sō opgeneem word as sou almal wat lid is van 'n bepaalde sosiale laag — in dié geval die *am hā'ares*, die ontvangers wees van die eskatologiese heil wat hier aangekondig word nie. Dit is die *gesindheid* wat kenmerkend van die *am hā'ares* is, wat hier eksemplaries geïnterpreteer word.

Om saam te vat: Iemand wat *ptochos tō pneumati* is, het niks om uit homself vir sy saligheid by te dra nie. Soos 'n geestelike bedelaar staan hy voor God, volkome afhanklik van wat God in sy goedheid gee. En God skenk in Jesus Christus hom deelname aan die *basileia tōn ouranōn*. Vanweë Jes. 61:1 wat in hierdie subkolon 'n belangrike rol speel, bring die gebruik van die woorde en frases


51) *Auslegung der Bergpredigt*, Neukirchen-Vluyne<sup>2</sup> 1970, 34. Vgl. ook W. Grundmann, *Das Evangelium nach Matthäus*, 121.

52) W. Grundmann, *a.w.*, 121.

53) J. Schniewind, *Das Evangelium nach Matthäus*, 41.

in die subkolon (soos ook in al die ander subkola in die reeks) die Messiaanse motief sterk na vore.

subkolon .2 *makarioi hoi penthountes, hoti autoi paraklēthēsontai.*



Die passiewe konstruksie van die redegewende uitbreiding kan transformeer na "*aliquis* sal hulle troos". Die subjek *aliquis* slaan op God. 'n Eerbiedige vermyding van God se naam word dikwels by die Jode deur middel van 'n passiewe konstruksie bewerkstellig. Sô 'n konstruksie is deel van Matteus se Semities-Griekse skryfstyl <sup>54)</sup>.

Hierdie makarisme lyk baie waarskynlik na 'n implisiete toespeling op die *l<sup>e</sup>nahem kol <sup>a</sup>belim* in Jes. 61:2. Die Septuaginta vertaal hierdie uitdrukking met *parakalesai pantas tous penthountas*. Net soos in die eerste makarisme, sowel as ook in ander in die reeks, vind ons in hierdie subkolon 'n tipe *midras*<sup>v</sup> op Jes. 61:2. In die aanbod van troos vir hulle wat treur, kondig Jesus Homself aan as die Messias wat in Jes. 61 beloof is. Want al het Jes. 61 tyds-histories betrekking op die volk in ballingskap, het die Joodse tradisie in die vertroosting van Israel 'n aanduiding begin sien van die verwagting van die Messias. In Luk. 2:25 en 26 vind ons onder andere spore

54) Vgl. B.M. Newman, "Some Translational Notes", 115.


van só 'n tradisie. En só het die woord *m<sup>e</sup>nahem* inderdaad 'n Joodse Messiasnaam geword <sup>55)</sup>. *Tröstung der Trauernden ist messianisches Handeln* <sup>56)</sup>.

Die *penthountes* moet dus nie spesifiek betrek word op dié wat dan berou sou hê oor hulle sonde nie; ook nie op dié wat dan sou ly vanweë die mag van die Bose in die wêreld en in hulle eie lewens nie <sup>57)</sup>. Die *penthountes* is net soos in die geval van die *ᵃabelim* wat in Jes. 61 'n verdere toeligting is op die *ᶜanāwīm*, 'n toeligting op die *hoi ptōchoi tō pneumatī*. Die *hoi penthountes* wat suiwer semanties 'n objek-gebeurewoord is, dui dus in die konteks (net soos in die geval van *hoi ptōchoi tō pneumatī*) op 'n psigologiese gesteldheid, en is daarom wat sy *gebruik* betref, 'n abstrak.


Wat daardeur geïmpliseer word, is afgesien van die *Messiaanse handeling* en die toespeling op die toestand wat onder die *ᶜam hā'āres* heers, nie vanuit die konteks duidelik nie. "Most likely the idea is simply intended to contrast the mourning of the present age with the 'comfort' of the coming age; at least this is highly probable in light of its connection with the words from Isaiah <sup>58)</sup>".

- 
- 55) Vir toeligting vanuit die Joodse literatuur, kyk *Str.-B*, 195 vv. Sien ook S.P.J.J. van Rensburg, "Die Messias in die Saligsprekinge", 7 en W. Grundmann, *Das Evangelium nach Matthäus*, 124. Strack en Billerbeck wys op 'n ander tradisie wat "redaktionsgeschichtlich" op hierdie makarisme kon ingewerk het, nl. dié van die Messiaanse vertroosting van die "treuerendes" ná die val van Jerusalem in 70 n.C. Vgl. ook in dié verband W. Grundmann, *a.w.*, 123 nota 21.
- 56) W. Grundman, *a.w.*, 124. (My kursivering).
- 57) Sien die menings van Th. Zahn, Th. Soirin en A. Schlatter soos deur W. Grundmann, *a.w.*, 123, aangehaal.
- 58) B.M. Newmann, "Some Translational Notes", 115. (My kursivering).

subkolon .3 makarioi hoi praeis hoti autoi klēronomēsousin tēn gēn.



Dit is 'n subkolon waarvan die matriks in die dieptestruktuur na twee kern= sinne teruggaan, en die redegewende uitbreiding na een, naamlik:



Die *praeis* is 'n abstrak-gebeurewoord wat ons iets vertel van 'n bepaalde gedrag en dit gaan inhoudelik terug na dit waarna die *ptōchoi tō pneumati* van die eerste makarisme verwys het. Volgens Klaus Koch <sup>59)</sup> is hierdie

59) *Was ist Formgeschichte*, 52-52.

derde makarisme 'n implisiete korrigering van die laaste stige in Jes. 61: 6 (*hēl gōyim to'kelū ubik<sup>e</sup>bōdām tityammārū*), en 'n direkte toespeling op die eerst hemistige van Ps. 37:11 (*wa<sup>ca</sup>nāwīm yīr<sup>e</sup>sū 'āreš*). Wat die implisiete korrigering van Jes. 61 betref, reken Koch dat die gedagte van die oorheersing van Israel oor die volkere en die geniëting van hulle rykdom in die makarismereeks vervang word met dié van die toekomstige ongebroke gemeenskap met God. Dat die derde makarisme ten minste teen die agtergrond van Ps. 37:11 verstaan moet word, is die oortuiging van al die geraadpleegde kommentare. Die ooreenkoms word ook opvallender as daarop gelet word dat die betrokke hemistige in Ps. 37:11 in die Septuaginta vertaal word met *præis klēronomēsousin gēn*. Vanuit die verwysings uit *Str.-B* <sup>60)</sup> kan gesien word dat die metafoor "die land beërwe", in die Jodedom 'n element geword het van Israel se heilsverwagting, naamlik dat die volk eenmaal ongestoord sal mag woon in die beloofde land as erfenis <sup>61)</sup>. Die verwagting van hierdie erfenis was met ander woorde vir Israel verbode aan die aardse beloofde land, Israel se nasionale bestaan. Maar in die laat-Jodedom, en meer nog in die Apokaliptiek <sup>62)</sup>, is hierdie verwagting van die aardse losgemaak en aan die *aiōn mel= lōn* verbind.

As 'n verdere toeligting op die eerste twee makarismes vind ons in die lig van die *bestaande Joodse tradisie* in die derde makarisme 'n *Messiaanse heilsaankondiging* van 'n eskatologiese blydschap vir diegene wat hulle eie wil gebuig het en met 'n bepaalde gesindheid voor God staan, naamlik as mense wat geen aansprake voor God het nie. Sulkes sal die hemelse vaderland beërwe.


60) *Str.-B*, 197-200.

61) Vgl. in dié verband ook die opmerkinge van S.P.J.J. van Rensburg, "Die Messias in die Saligsprekinge". 7. W. Grundmann (*Das Evangelium nach Matthäus*, 125) wys daarop dat daar op grond van die *Qumran-pešer* op Ps. 37 afgelei kan word dat die Qumrangemeenskap hulleself as die "gemeente van die <sup>ca</sup>nāwīm gereken het wat wag op die redding (IVQp Ps. 37).


62) Vgl. onder andere Henog 5:7 en Jubiléë 32:18 vv.

"They shall receive *what God has promised* <sup>63)</sup>.

subkolon .4 *makarioi hoi peinōntes kai dipsōntes tēn dikaiosunēn, hoti autoi chortasthēsontai.*



Die dieptestruktuur van hierdie subkolon is soos die konstituente-analise reeds aangedui, semanties gekompliseerd— met behulp van 'n boomdiagram sien die dieptestruktuur soos volg daarna uit:



63) TEV (The Bible Society of South Africa), Kaapstad <sup>3</sup> 1971, *ad loc.* (My kursivering).

Hierdie makarisme vat die kern saam van dit waarom dit in die Bergrede in sy geheel gaan, naamlik om die doen van *dikaiousounē*. Want soos ek reeds daarop gewys het, moet die woord *dikaiousounē* verstaan word in die lig van sy gebruik binne die Jodedom, en wat Jesus in teenstelling daarmee van sy volgelinge verwag het. Jesus verlang naamlik van hulle 'n *dikaiousounēn pleion* (vergelyk Mt. 5:20 *legō gar humin hoti ean mē perisseusē humōn hē dikaiousounē pleion ton grammateōn kai Farisaion, ou mē eiselthēte eis tēn basileian tōn ouranōn*, asook die tema "onderskeidingsvermoë" wat ons in die middelpunt van die konsentriese ringskomposisie van die Bergrede vind — hoofstuk III, afdeling 1.4.2.). "Honger" en "dors" druk 'n toestand uit wat op 'n psigologiese proses dui. Dit is daarom abstrak-gebeurewoorde wat gebruik word as beeld <sup>64)</sup> van die verlange na God (vergelyk Jes. 55:1; Ps. 42:2; Barug 2:18; Jh. 4:13 vv.; 7:37; Op. 21:6; 22:17 <sup>65)</sup>). Letterlik opgeneem laat dit egter ook 'n ander aspek van die <sup>c</sup>*am hā'āres* sien. Soos honger en dors 'n elementêre nood van die <sup>ca</sup>*nāwū* is (Jes. 61), so is hulle "versadiging" die *Messiaanse* vervulling van hulle eskatologiese hoop. "Again, in keeping with Semitic language usage, which has influenced the Greek style of Matthew, the passive construction ('shall be satisfied') should be transformed into an active construction with God as the subject: 'God will satisfy them' <sup>66)</sup>". "Das 'Gesattigtwerden' meint Gottes eschatologische Tat, die eins ist mit dem kommen seines Reiches <sup>67)</sup>". Om saam

64) Die term "beeld" beklemtoon die belangrikheid van die gebruik van woorde en frases in die makarismereeks. Hierdie gebruik geskied telkens teen die agtergrond van die Ou Testament en die Judaïca. Dit korreleer dus met Matteus se grammatiese Grieks-Semitiese skryfstyl.


65) Sien in dié verband. J. Schniewind, *Das Evangelium nach Matthäus*, 44; G. Eichholz, *Auslegung der Bergpredigt*, 41 en S.P.J.J. van Rensburg, "Die Messias in die Saligsprekinge", 8.

66) B.M. Newman, "Some Translational Notes", 117-8. (My kursivering).

67) G. Eichholz, *a.w.*, 43.

te vat, sien die vertaling van TEV: "Happy are those whose greatest desire is to do what God requires; God will satisfy them fully!"

subkolon .5 *makarioi hoi eleēmones, hoti autoi eleēsthēsontai*



Die vyfde makarisme gaan op 'n redelike ongekompliseerde dieptestruktuur terug. Wat die gebruik van die woord *eleēin* betref, kan opgemerk word dat dit vir die Jodedom onder andere die gee van aalmoese ingesluit het, en dat "barmhartigheid" as 'n groot deug beskou is. Dit was egter verbode aan om die *ḥam ḥā'āres* barmhartigheid te bewys <sup>68)</sup>. "Für Jesus ist nach Matthäus demgegenüber das Tun der Barmherzigkeit der Wille Gottes, der über alle gesetzliche Vorschrift und alles kultische Tun hinausreicht <sup>69)</sup>" (vergelyk Mt. 9:13 en 12:7). Myns insiens vind ons in aansluiting by die strekking van die res van die makarismes in hierdie reeks, binne die vyfde makarisme 'n eksplisiete aanklag teen die eksklusiewe partikularisme van die rabbyne. Nielsen is daarom korrek om in die daad van barmhartigheid "een uiting van gerechtigheid" te sien <sup>70)</sup>.

68) Vgl. *Str.-B*, 203-5.

69) W. Grundman, *Das Evangelium nach Matthäus*, 128.


70) *Het Evangelie naar Mattheüs*, I, 95.



Jes. 61:2 speel onmiskenbaar 'n rol in die vyfde makarisme — met 'n *Messiaanse* heilsimplikasie. In die herhaling van dieselfde woord in die matriks en in die redegewende uitbreiding (*eleēmōnes* en *eleēthēsontai*), vind ons die gedagte van voorwaarde (nie in die sin van "verdienste" nie <sup>71)</sup> en vergelding. In die gebruik van die woorde *rāsōn* ("welbehae") en *nāqām* ("vergelding") respektiewelik in die eerste en tweede hemistige van Jes. 61:2, word eersgenoemde aan die <sup>ca</sup>*nāwīm* toegesê. Die *Messiaanse* heilsimplikasie, en die teendeel van "vergelding", spreek dus in die vyfde makarisme vanself. Dit is inderdaad moontlik om in die passiewe futurum van die werkwoord *eleēthēsontai* (soos wat dit in sekere opsigte ook vir die passiewe konstruksies van die tweede, vierde en sewende makarismes geld) 'n daad van God se "barmhartigheid" te sien wat betrekking het op die laaste oordeel <sup>72)</sup>.

"The meaning of this verse then is that whoever shows mercy towards others will receive mercy from God <sup>73)</sup>".

subkolon .6 *makarioi hoi katharoi tē kardia, hoti autoi ton theon opsontai.*



71) Vgl. G. Eichholz, *Auslegung der Bergpredigt*, 45: "Er (der Makarismus der Barmherzigen) sagt Gottes Barmherzigkeit ... allen Barmherzigen zu, wiewohl Gottes Barmherzigkeit mit menschlicher Barmherzigkeit unvergleichbar ist und mit menschlicher Barmherzigkeit nicht verdient werden kann".

72) Sien J. Schniewind, *a.w.*, 46 en J.T. Nielsen, *a.w.*, 96.

73) B.M. Newman, "Some Translational Notes", 118.

Die woord *hoi katharoi* wat 'n abstrak vorm ten opsigte van *tē kardia* (wat "letterlik" gesien, 'n objek is), dui net soos in die geval van die *hoi ptōchoi* (abstrak) *tō pneumatī* ("letterlik": objek) van die eerste makarisme, op 'n bepaalde gedrag. *Kardia* is dus wat sy gebruik hier betref 'n abstrak. Soos deurgaans in hierdie makarismereeks, staan die gebruik van die woorde en frases binne die sesde makarisme inderdaad dus meer op die voorgrond as die suiwer semantiek daarvan en bied dit dus addisionele semantiese gegewens. Die algemene Bybelse gebruik van die woord "hart" dui die middelpunt van die persoonlikheid, die sentrum van die menslike wese aan <sup>74</sup>).

"Herz (*kardia*) ist parallel mit dem anthropologisch gebrauchten Geist (*pneuma*) in 5:3, und *kardia* setzt das hebräische Äquivalent *leb* voraus <sup>75</sup>". Dit is verder opvallend dat die Targum op die Psalms die uitdrukking *bar lebāb* ("suiwer van hart") in Ps. 24:4 weergegee met *b<sup>e</sup>nīr ra<sup>c</sup>yōnā* ("suiwer/rein van gedagte") en die *bārē lebāb* van Ps. 73:1 met *b<sup>e</sup>nīr lebāb* <sup>76</sup>). Verskeie navorsers sien in hierdie sesde makarisme 'n implisiete aanknoping by Ps. 24:4-6 <sup>77</sup>) (LXX, hfst. 23):

LXX:

Masoretiese teks:

<i>athōos chersin kai katharōs tē kardia</i>	<i>n<sup>e</sup>qā kappayīm ubar lebāb</i>
<i>hos ouk elaben epi mataiō tēn psuchēn autou</i>	<i>ʾāšer loʾ nāšā laššaw</i>
<i>kai ouk ōmosen epi dolō tō plēsion autou</i>	<i>w<sup>e</sup>loʾ nišbaʾ l<sup>e</sup>mirmā</i>
<i>houtos lēmpsetai eulogian para kuriou</i>	<i>yīšša b<sup>e</sup>rākā meʾ et yhw̄h</i>
<i>kai eleēmosounēn para theou sōtēros autou</i>	<i>uš<sup>e</sup>dāqā meʾ lohē yīš<sup>c</sup>ū</i>
<i>hautē hē genea zētountōn auton</i>	<i>zeh dōr doršē yhw̄h</i>
<i><u>zētountōn to prosopōn tou theou Iakōb.</u></i>	<i>m<sup>e</sup>baqq<sup>e</sup>šē pānēkā ya<sup>c</sup>aqob.</i>

74) Vgl. W. Grundmann, a.w., 129.

75) G. Eichholz, a.w., 46.

76) Str.-B, 205.

 77) Vgl. onder andere K. Koch, *Was ist Formgeschichte?* 53; G. Eichholz, a.w. 47; W. Grundmann, a.w., 129; J.T. Nielsen, a.w., 96.

As die parallel met *katharos tē kardia* in ag geneem word en die feit dat *eleēmosounē* die vertaling is van die Hebreeuse  $\delta^e dāqā$  — 'n woord waarvan die ander Griekse vertaalekwiwalent *dikaiousounē* binne die makarismereeks prominent figureer, is die voorgestelde aanknoping by Ps. 24:4-6 seker 'n moontlikheid wat nie buite rekening gelaat kan word nie. Daar bestaan ook 'n verdere parallel tussen die *ton theon opsontai* van die redegewende uitbreiding met die *zētountōn to prosōpon tou theou* van Ps. 24:6. Die uitdrukking "om God te sien" word naamlik in die Rabbinica onder andere weergegee met *ra)awwā p<sup>e</sup>nē ḡkīnā* ("die aanskoue van die aangesig van die  $\delta^e kīnā$ ") wat in 'n oordragtelike sin met die Ou-Testamentiese uitdrukkinge "voor God verskyn", "voor God te staan" vergelyk kan word <sup>78)</sup>.

Myns insiens moet hierdie makarisme (net soos die ander in die reeks) as 'n indirekte aanklag teenoor die rabbynse ekslusiwisme opgeneem word. Die "reinheid van hart" wat hier ter sprake is, gebruik Jesus hier as teenstelling met die "äusserlich kultischen Reinheit" waaraan die rabbynse Jodedom soveel waarde geheg het <sup>79)</sup>, maar waarby die *am hā'āreṣ* uitgesluit was <sup>80)</sup>. Dit word verbind met die redegewende uitbreiding *hoti autoi ton theon opsontai* — 'n uitdrukking wat in die Rabbinica op alle mense sonder onderskeid betrekking het, maar wat slegs vir die wat volgens die fariseïstiese reinheidswette lewe, *Messiaanse eskatologiese heilsimplikasies inhou* <sup>81)</sup>. In Ps. 24 word "geregtigheid", "seën" en "heil" vir die "reines van hart" deur Yahweh die *Koning* geskenk. In die sesde makarisme word Ps. 24 geherinterpreteer en is dit Jesus, die Messias-Koning wat die gewer is.

78) *Str.-B*, 206.


79) Vgl. J. Schniewind, *a.w.*, 46; J.T. Nielsen, *a.w.*, 97; *Str.-B*, 205 vv.

80) *Str.-B*, 205.

81) *Str.-B*, 207-8.

Ons vind dus in hierdie makarisme 'n Messiaanse heilsaankondiging vir diegene wie se leefswyse rein is van onsuiverheid, maar ook van dubbelhartigheid. "The ultimate goal of the religious life is that of experiencing the Divine, and so those who are undivided in their hearts are guaranteed the vision of God <sup>82)</sup>.

subkolon .7 *makarioi hoi eirēnopoioi, hoti autoi huiōi theou klēthēsontai*



Die dieptestruktuur van die sewende makarisme is ook ongekompliseerd. Dit gaan naamlik terug na drie kernsinne waarvan twee die matriks in die bobou vorm en een die redegewende uitbreiding. Die passiewe konstruksie waarin laasgenoemde gegiet is, kan net soos die ander in die reeks, transformeer na 'n aktiewe konstruksie waarin God die handelende subjek is, naamlik: "God sal hulle kinders van God noem <sup>83)</sup>".

Die woord *eirēnopoioi* is, soos ons reeds by die bespreking van die oppervlak=

82) B.M. Newman, "Some Translational Notes", 118.

83) Afgesien van die pasiewe konstruksie, is die gebruik van *huiōi* ook Semities van aard. Net soos die Hebreeuse/Aramese  $b^e n\bar{e}$  word "seuns" generies vir "kinders" gebruik.

testruktuur vermeld het, 'n *hapax legomenon* in Bybelse Grieks wat deur Matteus waarskynlik ter wille van assonansie hier gebruik is (vergelyk afdeling 1.3 van hierdie hoofstuk). Die semantiese "letterlike" betekenis blyk ongekompliseerd, en dit word in Afrikaans gewoonlik vertaal met "vrede-makers". Dit is weer eens die gebruik van die woord (maar ook van die ander frases binne die makarisme) wat ons aandag verdien, en wat ons in hierdie geval egter nie tot klinkklare konklusies lei nie.

Die inhoudelike waarna die woord *eirēnopoioi* verwys, was in die kontemporêre Jodedom goed bekend. Dit is weergegee met die Aramese  $ca\bar{s}ā \bar{s}e\bar{l}āmā$  84). Hieronder is sowel 'n "versoening" tussen mens en God, as tussen mens en mens verstaan. Sō 'n vredemakery is deur die rabbyne baie hoog geag. Nêrens vind ons egter binne die Rabbinica 'n tradisie waar die  $ca\bar{s}ā \bar{s}e\bar{l}āmā$  met die belofte van om "seuns van God genoem te word" verbind is nie. Dit is egter 'n vraag of die *huioi theou* in die sin van die Psalms van Salomo (vergelyk onder andere hfst. 2:13; 2:18; 9:4; 9:7; 18:13; asook 2 Makk. 7:34 vv.; Henog 101:1 85) verstaan moet word as die "vromes", of as 'n ekwiwalent vir die sesde makarisme se *ton theou opsontai* wat in 'n eskatologiese sin as "Engelgheicheit" opgeneem moet word 86). Dit lyk of daar meriete in Grundmann se standpunt is, naamlik dat ons die sewende makarisme teen die agtergrond van onder andere 1 Kron. 22: 9-10 moet verstaan. Daar vind ons dat daar in 'n belofte van God aan Dawid 'n verbinding gemaak word tussen Salomo se "Friedensregiment" en sy "Gottessohnschaft". "Diese Verbindung steht der altorientalischen Hoffnung auf ein grosses Friedensreich der Menschheit nahe, dessen

84) In 2 slaw. Henog (gedateer in ongeveer dieselfde tyd as die Matteusevangelie) waar ons in hfst. 52: 1-16 'n reeks van makarismes teenoor wee-uitroepe kry, lees die sesde paar (vs. 11-12) soos volg: "Blessed is he who troubles those who are at peace". (Vgl. B.M. Newman, "Some Translational Notes", 118).

85) *Str.-B*, 219.

86) Vgl. W. Grundmann, *a.w.*, 131.


Herrscher Gottes Sohn ist; aus ihr lebt seit Alexander dem Grossen jener hellenistische Herrschergedanke, der die Gottessohnschaft des Herrschers und sein Friedenstiften miteinander verbindet. Auf diesem Hintergrund steht die Seligpreisung der Friedenstifter. Indem Jesus die Armen Galiläas zum Friedenstiften aufruft, wird deutlich, dass auch die kleinste versöhnende Tat zwischen Menschen, die an einer unscheinbaren Stelle möglich wird, Gottes grosse Verheissung in sich trägt". In hierdie opsig bevat ook hierdie makarisme Messiaanse eskatologiese heilsimplikasies vir mense wie se lewens van 'n dikaiosounen pleion getuig. "Friedenstiftung und Sohnschaft ... sind Werk und Würde des Messias und Seliggepriesenen wirken mit am Werk des Messias und teilen darum seine Würde <sup>87)</sup>". Myns insiens bestaan daar binne hierdie makarisme ook die aanklag teenoor die dubbelhartigheid van die rabbyne. Hulle wat só 'n groot waarde aan <sup>ca</sup>šā š<sup>e</sup>lāmā heg, se lewe getuig van 'n ewe groot tweespalt tussen denke en daed. Hoewel Klaus Koch <sup>88)</sup> se "traditionsgeschichtliche" opmerking dat ons binne die sewende makarisme 'n toespeling het op die eerste stige van Jes. 61:6 (<sup>w</sup>attem koh<sup>a</sup>nē yhw h tiqqāre<sup>e</sup> ū m<sup>e</sup>šar<sup>e</sup>tē š<sup>e</sup>lohēnu ye<sup>š</sup>āmer lākem) myns insiens nie bo alle twyfel kan bewys word nie, sit daar tog meriete in. Dit is moontlik dat die algemene strekking van Jes. 61:1 vv. (waar die term š<sup>e</sup>dāqā net soos in die geval van die term dikaiosounē binne die makarismereeks, 'n sleutelposisie bekleed), en die Messiaanse midraš<sup>v</sup> daarop in die Jodedom en die Nuwe Testament, 'n aanduiding is dat dieselfde klanke as dié van Jes. 61:1 vv. in die geheel van die makarismereeks weerklink. Verder kan daar 'n element van waarheid in die standpunt van Julius Schniewind wees wat van mening is dat Jes. 52:7 in hierdie makarisme weerklink vind. Schniewind

87) W. Grundmann, a.w., 132.

88) *Was ist Formgeschichte?* 53.

wys daarop dat die woorde van Jes. 52:7 ("die vredeboe wat vrede laat hoor") in die tyd van Jesus op die Messias van toepassing gemaak is. Volgens hom vind ons in die sewende makarisme weerklank van hierdie Ou-Testamentiese teksvers, en is Jesus die "Vredevors" self in woord en daad teenwoordig <sup>89)</sup>. Hierdie standpunt kan egter nie genoegsaam beredeneerd bewys word nie. In die lig van dit alles wat ons oor hierdie makarisme opgemerk het, wil ek dus voorkeur gee aan W. Grundmann se standpunt met die oortuiging dat dit die beste met die algemene strekking van die reeks korreleer.

subkolon .8 *makarioi hoi dediōgmenoi heneken dikaiosounēs, hoti autōn estin hē basileia tōn ouranōn.*



Omdat die redegewende uitbreiding die presiese herhaling is van dié van subkolon .1, en derhalwe reeds bespreek is, bepaal ons ons slegs by die matriks met sy drietal kernsinne. Daar is die psigologiese gebeurewoord *makarioi*, die passiewe perfektum partisipium van die interpersoonlike gebeurewoord *dediōg=*

89) J. Schniewind, *a.w.*, 48.

*menoi*, en laastens *dikaiousounē* wat net soos *makarioi*, reeds bespreek is. Dit is nie uit die konteks aanwysbaar wie as die handelende subjek by *dediōg=menoi* opgeneem moet word nie. Daar is geen rede om soos Klaus Koch te vermoed dat hierdie makarisme in die loop van die tyd vanweë die druk van gemeentevervolginge tot die reeks toegevoeg is nie <sup>90)</sup>. Ook nie om soos J. Schniewind <sup>91)</sup> en S.P.J.J. van Rensburg <sup>92)</sup> te meen dat Jesus sy eie dood en lyding met hierdie makarisme in die oog gehad het nie. Dit moet myns insiens eerder omvattend teen die agtergrond van die kontemporêre Jodedom verstaan word wat ook die vervolging van die *dikaioi* ken <sup>93)</sup>. "Jesus spricht ihnen als Gottes Geschenk das Himmelreich zu, wie er es den Armen am Anfang zugesprochen hatte. Damit nimmt er auf, was auch das Judentum wusste: 'Immer sucht Gott den Verfolgten' Lev. Rabba 27 (123 c) <sup>94)</sup>". Al die ander makarismes in die reeks, behalwe die sesde en agtste vind op een of ander wyse 'n aanknopning by Jes. 61. Die agtste en laaste dien as die samevatting van die reeks, en dui dus op 'n verdere aspek van die *ptōchoi tō pneumati*, die *penthountes*, die *praeis*, ensovoorts <sup>95)</sup>. Die Messiaanse vervullingsmotief is met ander woorde net so sterk in hierdie makarisme teenwoordig as in al die ander.

## 2.5. GEVOLGTREKKING

Op die vraag of daar 'n differensiasie tussen die betekenis van die twee baie

90) *Was ist Formgeschichte?*, 76. Koch wys op die bekende parallel met 1 Pt. 4:14.

91) *a.w.*, 49.

92) *a.w.*, 9.

93) Vgl. *Str.-B*, 220 vv. en W. Grundmann, *a.w.*, 132.

94) W. Grundmann, *a.w.*, 132.

95) Vgl. W. Grundmann, *a.w.*, 132 en J.T. Nielsen, *a.w.*, 98.



goed afgegrensde kwatryne in die reeks bestaan <sup>96)</sup>, en of daar inhoudelike redes is vir die volgorde van posisie van die verskillende makarismes tot mekaar in die reeks <sup>97)</sup>, moet daar myns insiens op grond van ons ondersoek negatief geantwoord word. Die oppervlaktestruktuur met sy anaforiese oktaaf en twee kwatryne is slegs funksioneel vir die aksentuering van die drie sleutelsterme, *makarioi, basileia tōn ouranōn en dikaiosounē*. "Das ist in der zweiten Strophe nicht anders als in der ersten ... <sup>98)</sup>".

Dit het geblyk dat die algemene strekking van die gebruik van die woorde en frases hulle reliëf teen die agtergrond van die gebruik van die drie sleutelsterme verkry. Dwarsdeur het dit dan geblyk dat ons hierdie algemene strekking moet verstaan teen die agtergrond van die kontemporêre Jodedom. Dit geld die toestand en gesindheid wat onder en ten opsigte van 'n bepaalde sosiale laag daarvan geheers het, naamlik die *ʿam hāʾāres*. Ons het gesien dat dit wat in die eerste makarisme uitgespreek is, telkens in die ander makarismes met nuwe uitsprake verder tot 'n groter eenheid uitgebou is. In al die gevalle dui die gebruik van die drie sleutelsterme (net soos die ander woorde en frases in die reeks), in hulle tradisie-interpretasie teen die agtergrond van veral Jes. 61, onmiskenbaar op 'n Messiaanse heilsgerigte, eskatologiese strekking. Maar dan 'n eskatologiese strekking wat op grond van veral die gebruik van die woord *dikaiosounē* (en op grond van die "kwaliteite" van die "saliggesprokenes" wat

96) Vgl. A.B. du Toit, "The Structure of Matthew 4:23 - 9:35", wat wel sōdanig van mening is. "... it means that the first four beatitudes are bound together by the fact that they reflect an attitude in which the subjects in all four instances realize their need and lowliness before God. In the second four beatitudes attention is focussed more on ethical behavior and quality".

97) Vgl. W. Grundmann, a.w., wat deurgaans in sy kommentaar op die reeks sodanige inhoudelike verhoudinge aantoon.

98) J. Schniewind, a.w., 49.

telkens 'n bepaalde optrede veronderstel) etiese implikasies bevat. Dit gaan in die makarismereeks om euangelion, om kerugma, om die aanbod deur die Messias self dat die beloofde *basileia tōn ouranōn* daar is. Die *makarioi* - uitsprake is in feite niks anders nie as die proklamasie van die aangebreekte eskatologiese *basileia tōn ouranōn*. En hierdie heilsaankondiging van 'n eskatologiese blydschap geld vir mense met 'n gesindheid-plus-optrede ten opsigte waarvan teen die rabbynse Jodedom gepolemiseer word. Want in die makarismereeks word mense op 'n paradoksale wyse gelukkig geprys. Ernst von Dobschütz <sup>99)</sup> het tereg opgemerk dat die wese van die Christendom 'n religieuse paradoks vorm waar die heilige God Hom wend tot die sondige en verlore mens om hom te red. Daarom is die *kerugmatiese* en die *didaktiese* motief waarna ons by die bespreking van die wyere konteks verwys het, in die makarismereeks ineen verstrengel. Georg Strecker het dit reeds al opgemerk toe hy verwys het na die "sachliche Identität der Gesetzelehre und Gottesreichpredigt" in die Matteusevangelie <sup>100)</sup>.

Deur nie alleen te let op die "betekenis" van woorde nie, maar ook op die gebruik, het ons vasgestel dat die Joods- eskatologiese Messias-heil in die makarismereeks funksioneer. Dit gee aan dié eties- didaktiese passasie 'n *kerugmatiese* dimensie sodat didaktiek en kerugma geïntegreer word. Die makarismereeks is dan juis die posisie binne die struktuur van sy wyere konteks waar die versweë *kerugmatiese* motief waarna ek vroeër verwys het, sy plek kry.

Dit het aanmerklike konsekwensies vir wat ek by die bespreking van die nouere en breë konteks aangedui het: Die makarismereeks is die *exordium* van die hele

99) Aangehaal deur A.M. Brouwer, *De Bergrede*, 227. Vgl. ook F. Hauck, s.v. *makarios ktl.*, in *ThWNT* IV, 370 vv.

100) G. Strecker, *Die Weg der Gerechtigkeit*, 128, aangehaal deur A.B. du Toit, "The Structure of Matthew 4:23 - 5:48".

Bergrede. As sodanig verleen sy kerugmatiese kwaliteit (wat in die didaktiese element vervat is) ook kerugmatiese gehalte aan die res van die didaktiek in die Bergrede. En omdat die didaktiese passasies in die breër konteks (waarvan die Bergrede die eerste is) reëlmatig met die triologiese wonderverhale (veral genesings) alterneer, moet hierdie didaktiese passasies ook kerugmaties bepaald wees op grond van die inleidingsdidaktiek in die Bergrede. Dit geld daarom ook vir die triologiese wonderverhale wat reëlmatig daarmee alterneer.

Die posisionele aspek van die makarismereeks korreleer dus ragfyn met sy inhoudelike funksie.

#### HOOFSTUK IV

### DIE ONDERSOEK NA DIE MAKARISMEREEKS AS GATTUNG.

Die feit dat Paulus in Rm. 4:6 en 9 die substantief *ho makarismos* gebruik as aanduiding vir die twee betrokke segginge wat tussen hierdie twee verse voorkom — segginge wat met mekaar bepaalde formele eienskappe in gemeen het en wat ook met die eerste oogopslag ooreenkomste met dié in Mt. 5:3-10 vertoon, laat ons vermoed dat ons met 'n vaste tipe uitspraak in Mt. 5:3-10 te doen het. Verskeie navorsers het in hulle ondersoeke hierna reeds opgemerk dat hierdie uitspraak een van die mees algemene formele uitdrukkings in die Griekse taal is <sup>1)</sup>. In die lig van ons bespreking by die begripsoriëntering oor die vraag *WAT IS GATTUNGSFORSCHUNG?* is dit duidelik dat ons egter nie van 'n *Gattung* sal kan praat slegs wanneer daar op die oog af bepaalde formele ooreenkomste blyk te bestaan nie. Daar kan eers van 'n *Gattung* sprake wees as daar ten minste twee onafhanklike literêre eenhede bestaan wat in struktuur en inhoud karakteristieke verwantskap toon. Aangesien 'n sodanige ondersoek, sover my kennis strek, nog nie ten opsigte van die Nuwe-Testamen-

1. Vgl. onder andere C.W. Votaw, "The Sermon on the Mount", 14(b) en F. Hauck, s.v. *makarios ktl*, in *ThWNT* IV, 369-370.

tiese makarisme gedoen is nie <sup>2)</sup> sal daar in hierdie afdeling van die studie eers kortliks aangetoon moet word of daar wel sō 'n bepaalde *Gattung* in die Nuwe Testament bestaan, en indien wel, of die makarismereeks in Mt. 5:3-10 'n representant daarvan is.

Soos dit in die metodologiese besinning by die begripsoriëntering uiteengesit is, sal 'n ondersoek na die makarismereeks as *Gattung* hoofsaaklik in twee dele moet uiteenval, naamlik die identifisering van die *Gattung* en tweedens die bepaling van sy *Sitz im Leben* en funksie. Die "gattungsgeschichtliche" en "überlieferungsgeschichtliche" vraag ten opsigte van die makarisme het reeds in die bestaande "formgeschichtliche" ondersoeke heelwat aandag gekry. Die *Gattungsgeschichte* en *Überlieferungsgeschichte* sal daarom met die oog op die doel van die studie kortliks te berde gebring word.

#### 1. DIE IDENTIFISERING VAN DIE GATTUNG "MAKARISME".

Omdat die bepaalde literêre eenheid waarin ons hier geïnteresseerd is, altyd 'n kort vaste konstruksie vertoon, is 'n perikoopafbakening en 'n struktuur=analise, soos in die geval van groter eenhede, nie nodig nie. Ons maak slegs

2) Verskeie tradisionele "formgeschichtliche" ondersoeke het onder my aandag gekom waarvan sommige vir die afhandeling van hierdie studie ongelukkig nie betyds in Suid-Afrika verkry kon word nie, (vgl. die lys van geraadpleegde literatuur). Die mees vooropstaande werk is sekerlik die drie bande van Jacques Dupont, *Les Béatitudes*, Parys 1969-. Vgl. veral Dupont, I 274-282; asook sy uitgebreide bibliografielys, 355-358; Vgl. verder F. Hauck en G. Bertram, s.v. *makarios*, *kthl. ThWNT* IV, 365, 373; C.W. Votaw, "The Sermon on the Mount", 14; L. Mowry, "Beatitudes," in *The Interpreter's Dictionary of the Bible* I, New York/Nashville 1962, 369-371; C.H. Dodd, "The Beatitudes; a form-critical study"; K. Koch, *Was ist Formgeschichte?* 6-9; Christoph Käbler, "Zur Form- und Traditionsgeschichte von Matt. XVI 17-19", in *NTS* 23 (1976), 36-58; Christoph Käbler, *Studien zur Form- und Traditionsgeschichte der biblischen Makarismen*, Diss. Jena 1974; Charles Maahs, *Formgeschichte der Makarismen*, Diss. Tübingen 1966; George Eichholz, *Auslegung der Bergpredigt*, 30-33.

'n ontleding van die grammatiese en sintaktiese konstruksie. Met die oog op 'n vergelykende ondersoek volg hier 'n tabel van al die wyses waarop die woord *makarios*, *-ia*, *-ion* en die ander derivate formeel (grammaties en sintakties) binne die Nuwe Testament gekonstrueer word. Dit sal die isolering van 'n tipiese groep moontlik maak.

Wanneer ons die verskillende vorme met mekaar vergelyk, kan ons 'n baie breë verdeling maak tussen die adjektiewe, die substantiewe en die werkwoordelike vorme. Die adjektiewe konstruksie kom in die oorgrote meerderheid van die gevalle voor. Omdat die vorm van die verskillende segginge van die reeks in Mt. 5:3-10 'n adjektiewe konstruksie vertoon, laat ons vir die doel van ons ondersoek die substantiewe en die werkwoordelike vorme voortaan buite bespreking. Ter wille van 'n volledige tabellering sal die gevalle wat hulleself elimineer met betrekking tot die tipiese groep waarmee Mt. 5:3-10 ooreenstem, egter wel aangehaal word.

A. Substantiewe vorm:

Rm. 4:6 *kathaper kai David legei ton makarison tou anthrōpou...*

Rm. 4:9 *ho makarismos oun houtos epi tēn peritomēn ē kai epi tēn akrobustian;*

Gl. 4:15 *pou oun ho makarismos humōn;*

B. Werkwoordelike vorm:

Lk. 1:48 *idou gar apo tou nun makariou sin me pasai hai geneai.*

Jk. 5:11 *idou makarizomen tous hupomeinantes.*

C. Die adjektiewe vorm verdeel in 'n predikatiewe en attributiewe gebruik.

Van laasgenoemde bestaan daar in die hele Nuwe Testament slegs vier voor-

beelde wat sintakties ook nog met mekaar verskil.

(a) **Attributiewe adjektief:**

Hnd. 26:2 *peri pantōn hōn egkaloumai hupo Ioudaiōn, basileu  
Agrippa, hēgēmai emouton makarion epi sou mellōn sēmeron  
apologeisthai...*

1 Tm. 1:11 *... kata to euangelion tēs doxēs tou makariou theou ...*

1 Tm. 6:15 *... hēn kai pois idiois deixei ho makarios kai monos dun=  
astēs ...*

Tt. 2:13 *... prosdechomenoi tēn makarian elpida ...*

(b) **Predikatiewe adjektief:**

In hierdie groepering bestaan daar 'n opvallende sintaktiese onder=  
skeid tussen twee tipes. In die een groep funksioneer die *makarios*,  
*-ia*, *-ion* altyd sintakties as die logiese mikpunt in die segging, en  
in die ander groep as die *uitgangspunt* van die segging.

(i) **Predikatiewe adjektief wat funksioneer as die logiese mikpunt  
in die segging:**

Lk. 12:38 *kan en tē deutera kan en tē tritē fulakē elthē kai  
heure houtos, makarioi eisin ekeinoi.*

Jh. 13:17 *ei tauta oidate, makarioi este ean poiēte auta.*

Hnd. 20:35(b) *... mnēmoneuein te tōn logōn tou kuriou Iēsou hoti  
autos eipen, Makarion estin mallon didonai ē lamba=  
nein.*

Jk. 1:25 *ho de parakupsas eis nomon teleion ton tēs eleuthe=  
rias houtos makarios en tē poiēsei autou estai.*

1 Pt. 3:14 *all' ei kai paschoite dia dikaiosounēn, makarioi.*

119/ ...

1 Pt. 4:14 *ei oneideizes<sup>thē</sup> en onomati Christou, makarioi,  
hoti to tēs doxēs kai to tou theou pneuma e<sup>st</sup> humas  
anapa<sup>u</sup>etai.*

- (ii) Wat die laaste groepering betref (waar die predikatiewe adjektief *makarios*, *-ia*, *-ion* sintakties as die uitgangspunt van die segging funksioneer) kan ons die volgende verdere grammatiese en sintaktiese opmerkinge maak: Die modus van die adjektief is uit die aard van die saak altyd die nominatief. Die geslag en die getal word bepaal in terme van die substantief (of die partisipiale frase wat in die plek van 'n substantief funksioneer) wat predikatief deur die adjektief omskryf word. Soms is die subjek waarna die *makarios*, *-ia*, *-ion* verwys, versweë. Dit is egter altyd vanuit die konteks duidelik bepaalbaar. Dikwels word die subjek met 'n partisipiale frase uitgebrei, en in baie gevalle vind daar delesie van die koppelwerkwoord plaas. In die meeste gevalle word die matrikssin uitgebrei met 'n motiverende bysin wat ingelei word met of 'n *hoti*-bysin, of 'n *gar*-bysin, of 'n *hina*-bysin, of 'n relatiewe bysin, of 'n temporele bysin. Slegs in een geval is die adjektief in die komparatiewe trap; die res kom in die stellende trap voor. Om die sintaktiese en grammatiese beskrywing van hierdie groepering op te som: Ons vind in hierdie groepering 'n vaste sintaktiese konstruksie waarin die predikatiewe *makarios*, *-ia*, *-ion*, altyd as die uitgangspunt van die segging funksioneer, maar waar die res wat daarop volg, sintakties en grammaties varieer. Vervolgens gee ek 'n tabel van hierdie groepering. Eers word dié segginge sonder die motiverende bysin vermeld, en dan daarna,



diē met die motiverende bysin.

Sonder die motiverende bysin:

- Lk. 11:27 ... Makaria hē koilia hē bastasasa se kai mas=  
toi hous ethēlasas.
- Lk. 11:28 ... Menoun makarioi hoi akouontes ton logon tou  
theou kai fulassontes.
- Lk. 10:23 makarioi hoi ofthalmoi hoi blepontes ha blepete.  
Jh. 20:29 makarioi hoi mē idontes kai pisteusantes.
- Op. 14:13 Makarioi hoi nekroi hoi en kuriō apothnēkontes  
ap<sup>o</sup>arti.
- Op. 19:9 Makarioi hoi eis to deipnon tou gamou tou arniou  
keklēmenoi.
- Op. 20:6 makarios kai hagios ho echōn meros en tē anastasei  
tē protē.
- Op. 22:7 makarios ho tēron tous logous tēs profeteias tou  
bibliou toutou.

Met 'n motiverende hina-bysin:

- Op. 16:15 makarios ho grēgorōn kai tērōn ta himatia autou,  
hina mē gumnos peripatē kai blepōsin tēn aschēmō=  
sounēn autou.
- Op. 22:14 makarioi hoi plunontes tas stolas autōn, hina estai  
hē exousia auton epī to xulon tēs zōēs kai tois  
pulōsin eiselhōsin eis tēn polin.

Met 'n motiverende relatiewe bysin:

- Mt. 11:6 makarios estin, hos ean mē skandalisthē en emoi.

- Mt. 24:46 *makarios ho doulos ekeinos, hon elthōn ho kurios autou houtos poiounta.*
- Lk. 7:23 *makarios estin hos ean mē skandalisthē en emoi.*
- Lk. 12:37 *makarioi hoi douloi ekeinoi, hous elthōn ho kurios heurēsei grēgorountas.*
- Lk. 12:43 *makarios ho doulos ekeinos, hon elthōn ho kurios autou heurēsei poiounta houtōs.*
- Lk. 14:15 *makarios hostis fagetai arton en tē basileia tou theou.*
- Lk. 23:29 *makariai hai steirai kai hai koiliai hai ouk egenēsan kai mastoi hoi ouk ethrepsan.*
- Rm. 4:7-8 *makarioi hōn afethēsan hai anomiai kai hōn epekalufthēsan hai hamartiai makarios anēr hou ou mē logisētai kurios hamartian.*
- Rm. 14:22 *makarios ho mē krinōn heaton en ho dokimazei.*

Met 'n temporele bysin, of kondisionele ean-sin:

- Mt. 5:11 *makarioi este hotan oneidisōsin humas kai ...*
- Lk. 6:22 *makarioi este hotan misēsōsin humas hoi anthrōpoi.*
- 1 Kor. 7:40 *makariōtera de estin ean houtōs meinē, ...*

Met motiverende gar-bysin:

- Op. 1:3 *makarios ho anaginōskōn kai hoi akouontes tous logous tēs profēteias kai tērountes ta en autē grammēna, ho gar kairos engus.*

Met 'n motiverende hoti-bysin:

- Mt. 5:3 *makarioi hoi ptōchoi tō pneumati, hoti autōn estin*

*hē basileia tōn ouranōn.* (Vergelyk ook Mt. 5: 4-10 en Lk. 6:20-21).

Mt. 13:16 *humōn de makarioi hoi ofthalmoi hoti blepousin, kai ta ōta humōn hoti akouousin.*

Mt. 16:17 *makarios ei, Simōn Bariōna, hoti sarx kai haima ouk apekalupsen soi all' ho patēr mou ho en tois ouranois.*

Lk. 1:45 *makaria hē pisteusasa hoti estai teleiōsis tois lelalēmenois autē para kuriou.*

Jk. 1:12 *makarios anēr hos hupomenei peirasmon, hoti dokimos genomenos lēmpsetai ton stefanon tēs zōēs ...*

Die groeperinge onder (b) kan in die lig van bogenoemde vergelykende tabel as 'n tipiese groep gereken word, ten spyte daarvan dat daar 'n sintaktiese verskil tussen groepe (i) en (ii) bestaan. Die uitdrukkinge waarin die predikatiewe adjektief *makarios*, *-ia*, *-ion* voorkom, vertoon naamlik 'n vaste sintaktiese aforistiese vorm. Verder: Wanneer die betekenisassosiasies met betrekking waartoe dié bepaalde vorm gebruik word, in die relevante kontekste nagegaan word (vergelijk hoofstuk II, afdeling 2.1), vind ons deurgaans dieselfde inhoudelike strekking: 'n *Religieuse heilsaankondiging van 'n eskatologiese vreugde met betrekking tot die aiōn mellōn wat in Jesus Christus aangebreek het.*

Hiermee is bewys dat die literêre uitdrukking wat in Mt. 5:3-10 voorkom, 'n geïdentifiseerde *Gattung* verteenwoordig. Dit kan ons die *Gattung* "makarisme" noem.

## 2. DIE "MAKARISMEREEKS" AS 'N GATTUNG

In Mt. 5:3-10 vind ons dat die makarisme binne 'n baie fyn en kunstig gestruktureerde perikoop in 'n reeks van agt versamel is (vergelyk die bespreking oor die oppervlaktestruktuur van Mt. 5:3-10 in hierdie studie). Klaus Koch <sup>3)</sup> is van mening dat daar agter hierdie makarismereeks 'n "gattungsgeschichtliche" verlede opgesluit lê. Hy is naamlik van oortuiging dat die makarisme aanvanklik nie in reekse ontstaan het nie, maar wel as eenvoudige aforismes wat eers baie laat in die gebruik van die makarisme as *Gattung* in reekse begin versamel is. By die begripsoriëntering het ek aangetoon dat wanneer die ontwikkeling van 'n bepaalde *Gattung* 'n verandering van literêre vorm meebring, dan kan daar in sodanige gevalle nie meer van dieselfde literêre vorm sprake wees nie. Implisiet in Koch se oortuiging dat die makarismereeks die resultaat is van 'n "geschichtliche" ontwikkeling, bestaan daar dus die moontlikheid dat die reeks as sodanig 'n *Gattung* van sy eie verteenwoordig. Maar soos by die begripsoriëntering aangetoon is, kan die "geschichtliche" aspek in die lig van die resultate van die nuwere benadering tot *Gattungsforschung* nie as 'n kriterium aangelê word om *Gattungen* te identifiseer nie. Die "gattungsgeschichtliche" vraag wat in wese diachronies van aard is, is 'n faset van *Gattungsforschung* met sy eie bepaalde metodiese plek wat eers aan die einde tereg kom. Koch se opmerkinge noodsaak ons egter om intussen op sinchroniese gronde vas te stel of die makarismereeks in Mt. 5:3-10 'n *Gattung* verteenwoordig of nie.

Met bovermelde doel voor oë is dit dus nodig om weer eens alle gevalle in die Nuwe Testament na te gaan wat moontlik in 'n tipiese groep saamgevat kan word. Omdat ek vroeër in die studie reeds 'n uiteensetting gegee het van die struktuur van die reeks in Mt. 5:3-10, word dit nie hier herhaal nie. Die volgende

3) *Was ist Formgeschichte?*, 21-23.

gevalle verdien vervolgens dan ons aandag:

(a) Lk. 6:20-22; 24-26

*makarioi hoi ptōchoi, hoti humetera estin hē basileia tou theou.*

*makarioi hoi peinōntes nun, hoti chortasthēsethe.*

*makarioi hoi klaiontes nun, hoti gelasete.*

*makarioi este hotan misēsōsin humas hoi anthrōpoi*

*kai hotan aforisōsin humas kai oneidisōsin*

*kai ekbalōsin to onoma humōn hōs ponēron*

*heneka tou huiou tou anthrōpou.*

*plēn ouai humin tois plousiois, hoti epechete tēn paraklēsēsin humōn.*

*ouai humin, hoi empeplēsmenoi nun, hoti peinasete.*

*ouai, hoi gelōntes nun, hoti penthēsete kai klausete.*

*ouai hotan humas kalōs eipōsin pantes hoi anthrōpoi,*

*kata ta auta gar epoioun tois pseudoprofētais hoi pateres autōn.*

In hierdie gedeelte vind ons 'n reeks van vier makarismes teenoor vier ooreenstemmende wee-uitroepe. Die posisie wat hierdie gedeelte by Lukas se Veldrede inneem, is presies dieselfde as dié by Matteus se Bergrede. Inhoudelik vorm die vier makarismes in hierdie gedeelte ook grootliks ooreenstemming met vier van die reeks van Matteus. Dit maak dit baie waarskynlik, soos ook algemeen aanvaar word, dat daar 'n gemeenskaplike bron agter hierdie uitsprake veronderstel moet word. In die Lukaspassasie (die "makarisme" saam met die ooreenstemmende "wee-uitroep") het ons met 'n bekende en goed ontwikkelde li=

terêre produk van sy eie aard te doen <sup>4)</sup>. Die *Gattung* "makarisme" en die *Gattung* "wee-uitroep" dien hierin as vormelemente (*Gliedgattungen*) <sup>5)</sup> van 'n uitgebreide *Gattung* wat ons nie net 'n *Rahmengattung* kan bestempel nie, maar ook 'n *Gattungsmischung* <sup>6)</sup>. Lukas wend hierdie *Gattungsmischung* in 'n *reeks* van vier aan.

Hoe die oorspronklike vorm van die makarismes in die gemeenskaplike bron ook al daarna uitgesien het, is dit duidelik dat die aforistiese makarisme in beide die Matteus- en Lukasperikoop in 'n *reeks* versamel is. Hoewel die twee gedeeltes formeel en inhoudelik nie presies *identies* is nie, is hulle *ooreenkomste* egter sodanig dat hulle wel as 'n tipiese groep getipeer kan word. Immers, eenhede hoef nie sjablone ten opsigte van mekaar te wees alvorens hulle as 'n bepaalde *Gattung* gegroepeer kan word nie. Richter praat in dié verband van eenhede wat "gleich oder verwandt" ten opsigte van mekaar is <sup>7)</sup>. Ook die feit dat die twee passasies van 'n gemeenskaplike bron *afhanklik* is, is geen diskwalifikasie om die "reeks" nie 'n *Rahmengattung* te noem nie. By die begripsoriëntering is hierdie aangeleentheid beredeneer, en is daar tot die slotsom gekom dat daar eers van 'n *Gattung* gepraat kan word as ten minste twee *onafhanklike* literêre eenhede struktureel en inhoudelik ooreenkoms toon. Ons het in Lk. 6:20 vv. en Mt. 5:3 vv. egter totaal *onafhanklike* arbeid van twee verskillende outeurs wat (hoewel van 'n gemeenskaplike bron *afhanklik*) nie ten opsigte van mekaar in hulle literêre arbeid *afhanklik* was nie.

4) Vgl. C.H. Dodd, "The Beatitudes: a form-critical study", 3-4.

5) Vgl. hoofstuk II, afdeling 2.1.2.

6) Vir 'n uiteensetting van hierdie term wat vir die eerste keer deur Gunkel gebruik is, kyk hoofstuk II, afdeling 2.1.1.

7) W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft*, 138. (My kursivering).

(b) Lk. 11:27-28

1. *egeneto de en tō legein auton tauta eparasa tis fōnēn gunē ek tou ochlou eipen autō, Makaria hē koilia hē bastasasa se kai mastoi hous ethēlasas.*
  
2. *autos de eipen,*  
*Menoun makarioi hoi akouontes ton logon tou theou kai fulassontes.*

In Luk. 11:27-28 kom daar twee makarismes in twee opeenvolgende kola voor. Die tweede makarisme vorm 'n antitetiese parallelisme ten opsigte van die eerste. Jesus wys naamlik daarop dat die ware "geluk" (=eskatologiese vreugde) nie geleë is om bloot die moeder van Hom te wees nie, maar wel daarin dat sy lering gehoor en onderhou moet word.

(c) Lk. 12:37, 38, 43.

*makarioi hoi douloi ekeinoi, hous elthōn ho kurios  
heurēsei grēgorountas.*

.....

*kan en tē deutera kan en tē tritē fulakē elthē  
kai heurē houtōs, makarioi eisin ekeinoi.*

.....

.....

*makarios ho doulos ekeinos, hon elthōn ho kurios autou  
heurēsei poiounta houtōs.*

In hierdie gedeelte word drie makarismes binne dieselfde perikoop (12:35-48) aangetref. Hoewel dit nie opeenvolgens na mekaar voorkom nie, staan dit tog

in 'n logiese verband. Die middelste makarisme funksioneer (anders as die ander twee) sintakties as die logiese mikpunt in die segging. Dit maak dat ons inderdaad van 'n gebalanseerde "reeks" kan praat. Dit is opvallend dat die makarismes in hierdie gedeelte telkens inhoudelik die samevatting is van die skopus van die perikoop.

(d) Lk. 23:29

*hoti idou erchontai hēmerai en hais erousin,  
makariai hai steirai kai hai koiliai hai ouk egennēsan  
kai mastoi hoi hou ethrepsan.*

Dit is moontlik dat die woord *makarioi* in die dieptestruktuur in konstituente verbinding met die objek *mastoi* veronderstel moet word sodat ons in die bobou twee aparte subkola het wat afhanklik is van *erousin*. Dit sal dan inhou dat ons twee makarismes in hierdie gedeelte het wat direk op mekaar volg, maar waarvan delesie van die laaste veronderstel moet word. Myns insiens is die verskynsel van delesie hier nie teenwoordig nie, aangesien *hai steirai*, *hai koiliai* en *mastoi* hier as 'n semantiese eenheid opgeneem moet word wat een en dieselfde referensiële betekenis het. Dit geld ook vir Mt. 13:16 <sup>8)</sup>.

(e) Rm. 4:7-8.

*makarioi hōn afethēsan hai anomiai  
hoi hōn epekalufthēsan hai hamartiai  
makarios anēr hou ou mē logisētai kurios hamartian.*

8) Sien hoofstuk 5, afdeling 2.1 vir 'n afsonderlike uiteensetting van hierdie makarisme.



Hierdie gedeelte is 'n sitaat van Ps. 32:1-2 wat woordeliks uit die Septuaginta oorgeneem is, behalwe dat die laaste stige van die Hebreeus nie gesitater is nie. As die hemistiges buite rekening gelaat word, dan vind ons hier twee opeenvolgende makarismes.

(f) Op. 1:3

*makarios ho anaginōskōn*

*kai hoi akouontes tous logous tēs profeteias*

*kai tērountes ta en autē gegrammena,*

*ho gar kairos engus.*

In die dieptestruktuur vind ons hier drie makarismes waarvan daar van die laaste twee op die bobou deleisie plaasgevind het. Dit is egter 'n vraag of só 'n geval inderdaad as 'n reeks opgeneem kan word. En aangesien daar sintakties geen formele ooreenstemming met die reeks in Mt. 5:3-10 bestaan nie, is dit nie moontlik om Op. 1:3 en Mt. 5:3-10 saam as 'n tipiese groep te reken nie. Dit geld ook vir Op. 16:15 waar daar ook 'n moontlikheid van deleisie bestaan.

Die logiese gevolgtrekking wat uit bovermelde gegewens voortvloei is dat die Gattung "makarisme" meerdere male in die Nuwe Testament in kombinasies gebruik word waarvan die ooreenkomste sodanig is dat ons kan sê 'n "makarismereeks" deur gebou word. Dit kom in twee gedeeltes (Mt. 5:3-10 en Lk. 6:20 vv.) in 'n "suiwer" vorm voor. Rm. 4:7-8 kom sintakties die naaste aan die reeks wat ons in bogenoemde twee passasies aantref. Hoewel ons in Lk. 11:27-28 en 12:35-48 nie 'n reeks in die sin van bogenoemde het nie, bestaan daar egter wel 'n verwante ooreenkoms deur dat die makarismes mekaar in die betrokke perikope in 'n logiese verband opvolg. Die res van die gevalle wat ondersoek is, se verskille is sodanig dat hulle nie deel van hierdie geïsoleerde tipiese groep gereken

kan word nie. Klaus Koch het dus metodologies die kar voor die perde ingespan toe hy beweer het dat daar 'n "gattungsgeschichtliche" ontwikkeling van 'n enkelvoudige aforisme tot 'n reeks veronderstel moet word. *Uit ons sinchroniese ondersoek het dit egter tog geblyk dat die Gattung "makarisme" as 'n vormelement binne die Rahmengattung "makarismereeks" aangewend word.*

Vier ander gevalle buite die Nuwe Testament, maar wel deel van die Judaïca, het onder my aandag gekom wat die tese versterk dat ons in die "makarismereeks" van Mt. 5:3-10 en Lk. 6:20 vv. met 'n Gattung van sy eie aard te doen het:

In Sirag 25:7-11 vind ons onmiskenbaar 'n *Gattungsmischung*. Die outeur kombineer hier die aforistiese "makarisme" met die chokmatiese "getallesspreuk" van tien. Dit hou dan naamlik in dat hy noodgedwonge die makarisme in 'n reeks moet opbou om by die getal tien uit te kom. In die inleiding (vs. 7) kondig hy die geluk aan (*emakarisa*) wat spruit uit tien tipes van menslike seëninge wat tegelykertyd 'n korrek etiese lewe impliseer. Hoewel die uitdrukking *makarios ho deina* slegs twee keer voorkom, het ons die effek van tien makarismes wat simmetries rondom die twee uitdrukkinge opgebou is. In 2 slaw. Hen. 42: 6-14<sup>9)</sup> vind ons 'n reeks van nege makarismes en in hfst. 52: 1-16<sup>10)</sup> 'n reeks van sewe waar elkeen om die beurt deur 'n ooreenstemmende "wee-uitroep" afgewissel word. In beide die gedeeltes funksioneer die term "geregtigheid" prominent (vergelyk

9) Die oorspronklike teks is ongelukkig nie tot my beskikking vir kontrole nie. Vir 'n Engelse vertaling, kyk R.H. Charles, *The Apocrypha and Pseudepigrapha of the Old Testament in English II*, Oxford 1913, 457. Charles se vertaling van hierdie passasie is gebaseer op die sg. "onvolledige manuskrip" uitgegee deur St. Novaković in die tydskrif *Stárine* (Agram), 16 (1884), 67-81.

10) Vgl. R.H. Charles, a.w., 461-2. Die vertaling van hierdie gedeelte is gebaseer op die sg. "volledige manuskrip" uitgegee deur A. Popóv in *Transactions of the Historical and Archaeological Society of the University of Moscow*, 3 (1880).

42:11<sup>11)</sup> en 52:16<sup>12)</sup>. Albei hierdie passasies toon dus met sowel die Matteus- as die Lukasperikoop parallelle verwantskap. As in aanmerking geneem word dat die slawiese Henogboek in ongeveer dieselfde tyd as die Matteus- en Lukasevangelie gedateer word en dat beide manuskripte tot ons beskikking op 'n vroeëre Griekse vertaling van 'n moontlike Hebreeuse oorspronklike teruggaan<sup>13)</sup>, dan versterk dit my tese dat ons in die "makarismereeks" van Mt. 5:3-10 met 'n bekende literêre produk te doen het. Ten slotte verwys ek na 'n himne uit die Geoniese periode wat waarskynlik uit die Talmoe-diese tyd afkomstig is<sup>14)</sup>. In hierdie himne vind ons 'n reeks van tien segginge waarin God as *bārūk* aangespreek word. Die Hebreeuse terme *bārūk* en *ʾašrē* (die ekwivalent van die Griekse *makarios*, *-ia*, *-ion*) is semanties uitruilbaar. Eersgenoemde bevat slegs die addisionele supplementêre komponent dat dit God ook as objek van die seën kan insluit, terwyl dit by laasgenoemde nie die geval is nie<sup>15)</sup>. Met dit in gedagte is dit dus inderdaad moontlik dat hierdie himne ten minste formele verwantskap met die geïdentifiseerde makarismereeks in Mt. 5: 3-10 toon<sup>16)</sup>.

Op grond van al die gevalle wat in hierdie afdeling van die studie ondersoek is, is dit duidelik dat die makarisme se inhoudelike wydreikte dikwels oor meer as een segging strek. Dit is 'n *Gattung* wat hom stilisties juis dan ide-

- 11) "Blessed is he who sows the seeds of *righteousness*, for he shall reap sevenfold".
- 12) "And now, children, keep your hearts from all *unrighteousness*, that you may inherit the weighing-scale of the light into eternity".
- 13) Vgl. L. Rost, *Einleitung in die alttestamentlichen Apokryphen und Pseud-epigraphen*, Heidelberg 1971, 83-84.
- 14) Vir 'n Engelse vertaling, kyk D. Daube, *The New Testament and Rabbinic Judaism*, Londen 1956, 198.
- 15) Vgl. die inskrywings van *eulogētos* en *makarios* in E. Hatch en H.A. Redpath, *A Concordance to the Septuagint and other Greek versions of the Old testament*, Graz 1954.
- 16) Sien D. Daube, *a.w.*, 198 vv. wat juis dit probeer bewys.

aal daartoe leen om opeenvolgens aangewend te word, al word die sintaktiese, vaste uitdrukking nie weer in die bobou gebruik nie. Die feit dat ons in Mt. 5:3-10 en op ander plekke die uitgebreide Gattung van die "reeks" aantref, moet dus onder andere stilisties verklaar word. Of daar 'n inhoudelike motivering teenwoordig is, sal vervolgens ondersoek moet word.

### 3. DIE SITZ IM LEBEN VAN DIE NUWE-TESTAMENTIESE MAKARISME.

By die begripsoriëntering is aangetoon dat die *Sitz im Leben* nie opgeneem moet word as 'n historiese grootheid in die sin dat daar naamlik vir elke *Sitz im Leben* 'n noue vaslegbare historiese datum gestel kan word nie, maar dat dit eerder sō is dat die *Sitz im Leben* aan 'n bepaalde historiese periode gebonde is. Hierdie feit is onder andere die rede waarom die vraag na die *Sitz im Leben* van 'n formule soos die makarisme binne die Nuwe Testament nie sō simplisties is nie. Want indien daar vasgetel kan word dat sommige van die makarismes in die Evangelies *ipsissima verba Jesu* is, dan kan die vraag gestel word na die *Sitz im Leben Jesu*. En as dit blyk dat daar makarismes in die Nuwe Testament is wat as "Gemeindebildung" opgeneem moet word<sup>17)</sup>, dan moet daar weer gevra word na die *Sitz im Leben der alten Kirche*. Ons sal moet aanneem dat die evangelis Matteus in die midde van die vroeg-Christelike gemeente gestaan het, en dat hy sy evangelie waarskynlik dus met die oog op die gemeente geskryf het<sup>18)</sup>. Wat hierdie aangeleentheid betref, is daar by die begripsoriëntering ook daarop gewys dat die kerugma van die vreugdeboodskap, die vroeë-Christelike erediens en die vroeë-Christelike kategese as die *Sitz*

17) Vgl. byvoorbeeld R. Bultman, *Die Geschichte der Synoptischen Tradition*, 115, wat bv. Mt. 5:11-12 en Lk. 6:22 op grond van die inhoud en die persoonsvorm wat daarin voorkom, as 'n "Traditionsstück... von der Gemeinde" reken. So ook K. Koch, *Was ist Formgeschichte?*, 53.

18) Vgl. in dié verband onder andere A.F.J. Klijn, *De Wordingsgeschiedenis van het Nieuwe Testament*, Utrecht 1968, 45.

*im Leben der alten Kirche* in die algemeen beskou kan word.

K. Koch <sup>19)</sup> wys daarop dat dit nie meer herkenbaar is by watter geleentheid in die vroeg-Christelike gemeente die makarisme voorgedra is nie. Die Ou-Testamentiese gebruik om makarismes as die aanvang van 'n wysheidsrede te stel en die plasing van die makarismereeks in Mt. 5 as die aanvang van die Bergrede en by Lukas as die aanvang van die Veldrede, laat hom vermoed dat dit binne die raamwerk van die "Predigtgottesdienst" voorgekom het, en dan as die "Ausgangstext" van die verkondiging aan die gemeente.

In dié verband huldig Joachim Jeremias 'n besonder interessante teorie. In die lig van die breë onderskeiding tussen *kerugma* en *didachē* in die vroeë kerk waar die *kerugma* die verkondiging van die verlossing in Christus aan die heidene is, en die *didachē* 'n instruksie met dieselfde inhoud as die *kerugma* aan die Christelike gemeente is <sup>20)</sup>, beskou Jeremias die Bergrede in sy geheel as 'n klassieke voorbeeld van 'n vroeg-Christelike *didachē* <sup>21)</sup>. Vir Jeremias is die Bergrede se *Sitz im Leben der alten Kirche* dan geleë in die kategetiese onderrig aan nuut gedoopte Christene ("postbaptismal"). Die verskillende geïsoleerde logia waaruit die Bergrede dan aanvanklik sou bestaan het, is dus deur die evangelis met die oog op 'n paranetiese doel versamel. Die logiese gevolg is dan dat as die Bergrede 'n kategetiese onderrig aan dooplidmate is, of aan nuut gedoopte Christene, *dit deur iets anders voorafgegaan moes gewees het. It was preceded by the proclamation of the Gospel; and it was preceded by conversion, by being overpowered by the Good News* <sup>22)</sup>". Die "Good News"

19) *Was ist Formgeschichte?*, 36.

20) Vgl. in dié verband veral die boek van C.H. Dodd, *The Apostolic Preaching and its Developments*, Londen <sup>3</sup>1939.

21) J. Jeremias, *The Sermon on the Mount*, 21.

22) J. Jeremias, *a.w.*, 24.

wat dus die versamelde uitsprake van die Bergrede voorafgaan, is die verkondiging van die Messias. Jesus is die Messias-Koning en as sodanig is Hy met gesag in die Bergrede self aan die woord, "... it is as if to every saying of the Sermon on the Mount we must supply the Protasis: 'your sins are forgiven' (Matt. 9:2) <sup>23)</sup>". Hierdie "Good News", die "protasis", is die *kerugma*, en dit moet volgens Jeremias dwarsdeur die Bergrede (*didachē*) voor elke logion veronderstel word. "The *kerygma* is now followed by die *didachē*. Moreover, the protasis is only ostensibly missing: *It is found at the beginning of the Sermon on the Mount in the form of the beatitudes (5:3-12), and in the sayings on the glory of the discipleship (5:13-16). These two sections concern the whole Sermon just as in a mathematical formula a number before a bracket. They concern every saying in the Sermon on the Mount, they are simply not repeated every time* <sup>24)</sup>". Vir Jeremias kom dit by implikasie daarop neer dat die makarismereeks in die vroeë Kerk 'n belangrike rol by die doop gespeel het. G. Braumann het ook in 'n ondersoek die doop as die *Sitz im Leben* van die makarismereeks aangedui: "Der Schluss aus diesen Beobachtungen wird demnach der sein, dass die untersuchte Sonderüberlieferung des Matthäus zunächst die Tauftheologie der urchristlichen Gemeinde als ihren Sitz im Leben hatte ... <sup>25)</sup>".

Hoewel Jeremias se bevinding met betrekking tot die posisionele funksie van die makarismereeks in Mt. 5 in sekere opsigte opvallende ooreenkoms met my eie resultaat toon (vergelyk hoofstuk III, afdeling 2.5), bly die teorieë van Jeremias en Braumann ten opsigte van die *Sitz im Leben* van die makarismereeks egter hipoteses wat nie bo alle twyfel bewysbaar is nie. Dit lyk dus nie of dit moontlik is om 'n definitiewe aanduiding van die gemeentelike *Sitz im Leben*

23) J. Jeremias, *a.w.*, 29.

24) J. Jeremias, *a.w.*, 30.

25) "Zum Traditionsgeschichtlichen Problem der Seligpreisungen Mt. v. 3-12", in *NovTest*, 1960, 259.

van die Nuwe-Testamentiese makarisme te gee nie. Slegs die feit dat 'n groot getal daarvan sintakties as die uitgangspunt van 'n segging figureer (vergelyk Klaus Koch), is net nie genoegsaam om die gemeentelike *Sitz im Leben* van die makarisme as die liturgiese "Ausgangstext" van die "predigtgottesdienst" op te neem nie. By die begripsoriëntering is die saak metodologies uitgemaak dat die *Sitz im Leben* vanuit die struktuur en die inhoud van die *Gattung* afgelei moet word — indien moontlik. Wat die Nuwe-Testamentiese makarisme betref, is die struktuur en die inhoud daarvan ongelukkig nie genoegsaam om sy spesifieke gemeentelike *Sitz im Leben* raak te sien nie. Want dit is opvallend dat die kontekste binne die Nuwe Testament waarbinne die makarisme gebruik is, struktureel en inhoudelik in sommige gevalle heelwat varieer. In die een geval word die makarisme byvoorbeeld gebruik op grond van die lyding wat die aangesprokene vanweë "vyandiges" moet verduur, en in die ander geval word dit gebruik in terme van 'n korrek etiese lewe. Die element wat egter in al die makarismes binne die Nuwe Testament konstant teenwoordig is, is die feit dat die makarisme 'n religieuse heilsaankondiging is van die eskatologiese heil wat met die koms van Jesus Christus moontlik gemaak is. Dit lyk dus of ons met al die gegewens tot ons beskikking met só 'n vae aanduiding ten opsigte van die *Sitz im Leben* van die Nuwe Testamentiese makarisme sal moet volstaan: *Die vroeg-Christelike eskatologiese heilskerugma.*

Die vraag kan egter nou ten slotte met reg gevra word: Is die Nuwe-Testamentiese makarisme in die lig van bogenoemde, kerugmaties of didakties van aard? Vanuit die gebruiksgesvalle binne die Nuwe-Testamentiese kontekste is dit duidelik dat albei binne die makarisme teenwoordig is. Maar met 'n besliste kerugmatiese voorrang <sup>26)</sup>. En daarom kan ons die makarisme verkondiging noem

26) Dit beteken nie dat kerugma en *didachē* as die een en dieselfde saak beskou moet word nie.

waaruit onderrig voortspruit. Hierdie feit hou, soos ons vervolgens sal aantoon, 'n aansienlike implikasie in vir die funksie van die makarismereeks in Mt. 5:3-10.

#### 4. DIE FUNKSIE VAN DIE MAKARISMEREKKS IN MT. 5:3-10

Die vraag na die funksie van 'n *Gattung* is die vraag na die verhouding van sy *Sitz in der Literatur* met sy tipiese *Sitz im Leben*. Is die *Gattung* in 'n konkrete gebruiksgeval "funktionstypisch" of "funktionsatypisch" <sup>27)</sup> gebruik? En daarom is die vraag na die funksie van 'n *Gattung* die vraag waarom 'n outeur die bepaalde *Gattung* doelmatig, of anders gesê, funksioneel, vir die konteks gebruik.

Die tipiese *Sitz im Leben* van die Nuwe-Testamentiese makarisme is sopas in die vorige afdeling omskryf as 'n religieuse aankondiging van 'n eskatologiese heil wat met die koms van Jesus Christus moontlik gemaak is. Vanuit ons ondersoek sover na die Nuwe-Testamentiese makarisme as *Gattung* het daar ook 'n paar belangrike eienskappe van die makarisme aan die lig gekom. Die makarisme is 'n vaste formule wat hom ideaal daartoe leen om stilisties binne dieselfde konteks herhaal te word. Sy wydreikte strek dikwels verder as net die segging waarin dit voorkom. Dit is 'n formule met 'n kerugmaties-eskatologiese strekking, maar 'n strekking wat die onderrig met implikasies vir die hede nie uitsluit nie.

As ons nou ons samevattende oorsig van die semantiese ondersoek na Mt. 5:3-10 in herinnering roep, dan sien ons dat Mt. 5:3-10 'n kunstige komposisionele <sup>27)</sup> Vir 'n uiteensetting van hierdie terme, kyk hoofstuk II, afdeling 2.3.



eenheid is waar die struktuur met die inhoud ragfyn korreleer. Een van die mees opvallende resultate wat ons in ons ondersoek aldaar bereik het, is die besondere posisionele aspek wat Mt. 5:3-10 in die konteks inneem. In die eerste plek het ons gevind dat Mt. 5:3-10 as die *exordium* ten opsigte van die Bergrede figureer. In die tweede plek neem Mt. 5:3-10 'n baie prominente posisie binne 'n wyere konteks in waarbinne die genesende motief, die didaktiese motief en die kerugmatiese motief 'n besondere funksie vervul. Mt. 5:3-10 is die posisie binne hierdie wyere konteks waar die kerugmatiese motief sy plek kry. Hierdie posisionele aspek bepaal die funksie van sowel die didaktiese as die genesende motief binne die konteks. Ons het vasgestel dat die evangelis Matteus die evangelie in sy geheel bedoel het as *kerugma* — die proklamasie dat Jesus die Messias is wat in die Ou Testament beloof is. Binne die wyere konteks van hfst. 4:23 - 9:35 is die makarismereeks semanties dus 'n heenwysing na hierdie skopus van die evangelie in sy geheel, en kan daar met *reg* na hfst. 5:3-10 verwys word as een van die *wentelpunte* binne die struktuur van die hele evangelie.

Binne hierdie besondere prominente strukturele en semantiese posisionele eenheid maak Matteus van 'n bepaalde *Gattung* gebruik, naamlik die makarisme. Die formule wat hy aanwend, verleen hom stilisties ideaal vir sy doel. Met herhaling naamlik daarvan, word dit 'n vormelement van 'n nuwe *Gattung* — die "makarismereeks". Deur die gebruikmaking van hierdie bekende literêre produkte en met die poëtiese struktuur daarvan, verhoog hy sy kommunikatiewe effek. Die tipiese *Sitz im Leben* van die formule pas die evangelis ideaal om die nodige effek te verkry. As die *exordium* van 'n rede waar die didaktiese motief geheel en al domineer, gebruik hy 'n formule wat inhoudelik beide die kerugmatiese en didaktiese motief insluit, sonder dat hy afstand hoef te doen van sy kerugmatiese hoofmotief.

Om saam te vat: Dit is onteenseglik duidelik dat vir die konteks onder bespreking weinig ander Gattungen, meer funksioneel en effektief sou wees as juis die makarisme, en wel in 'n reeksvorm. Daarom dui die *Sitz in der Literatur* van die makarismereeks in hfst. 5:3-10 aan dat dié *Gattung* hier besonderlik "funktionstypisch" aangewend is.

##### 5. DIE GATTUNGSGESCHICHTE VAN DIE NUWE-TESTAMENTIESE MAKARISME.

Die makarisme as 'n spesifieke vaste Griekse literêre formule word nie net in die Nuwe Testament aangetref nie. Afgesien van die talle ander voorbeelde wat ons in die klassieke Grieks <sup>28)</sup> en in die Hellenistiese Grieks buite die Nuwe Testament <sup>29)</sup> aantref, vind ons in die Septuaginta ses-en-veertig voorbeelde wat voldoen aan die vereistes van dié wat ons in die Nuwe Testament op grond van 'n formele ondersoek tot 'n tipiese groep geklassifiseer het <sup>30)</sup>. Van hierdie ses-en-veertig gevalle is sewe-en-dertig 'n weergawe van die ekwiwalente Hebreëuse *ʾāšrē*-formule. Een-en-twintig gevalle word in die Psalms aangetref, ses in Spreuke, drie in Jesaja en een elk in Deuteronomium, 1 Konings, 2 Kronieke, Trito-Jesaja, Job, Prediker en Daniël. In Rm. 4:7-8 vind ons ook 'n presiese sitaat uit die Septuaginta van Ps. 32:1-2. Hierdie gegewens laat ons vermoed dat die Nuwe-Testamentiese makarisme 'n geskiedenis het. Maar dan nie 'n geskiedenis wat gesoek moet word in die literatuur van die klassieke Grieke=

28) Vir voorbeelde, kyk F. Hauck, s.v. *makarios ktl.*, in *ThWNT* IV, 365 - 366.

29) Vgl. Christoph Käbler, "Zur Form- und Traditionsgeschichte von Matth. XVI. 17-19", in *NTS* 23 (1976), 48-50; 52-53, wat onder andere voorbeelde uit Josef en Asenat, die Evangelie van Bartolomeus en die Openbaring van Paulus ondersoek wat volgens hom formele ooreenkomste met dié in Mt. 16:17 vertoon.

30) Vgl. byvoorbeeld die inskrywing *makarios* in E. Hatch en H.A. Redpath, *A Concordance to the Septuagint* II, 892.

land of dié van die Hellenistiese wêreld nie <sup>31)</sup>, maar wel in die Ou Testament via die Septuaginta, en in die Judaïca <sup>32)</sup>. Die ondersoek wat Walter Käser <sup>33)</sup>, asook Waldemar Janzen <sup>34)</sup>, na die vorm en inhoud van die  $\text{ʾašrē}$ -uitsprake binne die Ou Testament gedoen het, is hiervoor 'n bewys.

Dit beteken egter nie dat die Ou-Testamentiese  $\text{ʾašrē}$ -formule presies in alle opsigte met die Nuwe-Testamentiese makarisme hoef ooreen te stem nie. In dié opsig het Käser genoegsaam aangetoon dat daar juis nie só 'n grammatiese ooreenkoms bestaan nie. Die woord  $\text{ʾašrē}$  byvoorbeeld is grammaties 'n status constructus meervoud, en is wat getal, geslag en modus betref, onafhanklik ten opsigte van die daaropvolgende nomen — anders as sy Nuwe-Testamentiese ekwiwalent (die predikatiewe adjektief *makarios*, *-ia*, *-ion* <sup>35)</sup>). Sintakties en inhoudelik bestaan daar egter baie duidelike ooreenkomste, hoewel die  $\text{ʾašrē}$ -formule slegs in 'n sekere opsig as die voorloper van die Nuwe-Testamentiese makarisme beskou kan word.

Käser het sintakties aangetoon dat die woord  $\text{ʾašrē}$  in die reël die "Spitze" vorm van die segging wat daarop volg, en sodoende op grond daarvan beklemtoning verkry <sup>36)</sup>. Hierbenewens het Klaus Koch daarop gewys dat daar ook voorbeelde is waar die woord  $\text{ʾašrē}$  as die logiese mikpunt van die segging figureer

- 31) In hierdie verband is K. Koch, *Was ist Formgeschichte?* 23, myns insiens korrek as hy op grond van die gegewens van F. Hauck, s.v. *makarios ktl.* in *ThWNT* IV, 365-366, die bewering maak dat die Nuwe-Testamentiese makarisme, veral dié in die sinoptiese evangelies, nie deur die gebruik van 'n tipe "gelukprysing" in ou Griekeland beïnvloed is nie.
- 32) Vir enkele voorbeelde uit die Rabbinica, vgl. *Str.-B*, I, 189.
- 33) "Beobachtungen zum alttestamentlichen Makarismus", in *ZAW* 82 (1970), 225-250.
- 34)  $\text{ʾašrē}$  in the Old Testament", in *HTHR* 58 (1965), 215-226.
- 35) W. Käser, "Alttestamentlichen Makarismus", 230. Soms word die  $\text{ʾašrē}$  wel met 'n suffiks geskryf (vergelyk Pred. 10:17  $\text{ʾašrēk ʾeres še...}$ ). Afgesien van die vokalisasie, het dit egter andersins geen invloed nie. Vgl. ook W. Jansen,  $\text{ʾašrē}$  in the Old Testament, 217.
- 36) W. Käser, *a.w.*, 230.

(vergelyk Spr. 14:21; 16:20; 29:18) <sup>37)</sup>. Hierdie feite stem sintakties feitelik met die Nuwe-Testamentiese makarisme ooreen. Dit is egter nie die enigste nie; daar bestaan nog verdere belangrike sintaktiese ooreenkomste. Dikwels kom die 'ašrē-formule net soos in die geval van die Nuwe-Testamentiese makarisme slegs in 'n enkelvoudige segging voor sonder ingebedde uitbreidings (vergelyk byvoorbeeld Ps. 34:9(b) 'ašrē haggeber yeh<sup>e</sup>se bō met Lk. 14:15 makarios hostis fagetai arton en tē basileia tou theou). In ander gevalle weer word die matrikssin uitgebrei met 'n relatiewe bysin (vergelyk Ps. 94:12 (a) 'ašrē haggeber 'ašer t<sup>e</sup>yass<sup>e</sup>rennū yah met Mt. 11:6 makarios estin, hos ean mē skandalisthē en emoi), of 'n motiverende bysin <sup>38)</sup> (vergelyk Jes. 3:10 'im<sup>e</sup>rū šaddī kī 'ašrē <sup>39)</sup> kī p<sup>e</sup>rī ma<sup>c</sup>allēhem yo<sup>'</sup>kelū met Mt. 5:2(b)-3 edidas= ken autous legōn. Makarioi hoi ptōchoi tō pneumatī, hoti autōn estin hē basi= leia tōn ouranōn). Soms strek die 'ašrē-formule oor twee of drie stiges heen. Die woord 'ašrē moet by elkeen van hierdie stiges dan veronderstel word (verge= lyk byvoorbeeld Spr. 3:13 'ašrē 'ādām māsā) ḥokmā u<sup>e</sup>ādām yāpīq t<sup>e</sup>būnā met Op. 1:3 Makarios ho anaginōskōn kai hoi akouontes tous logous tēs profēteias kai tē= rountes ta en autē gegrammena). Dikwels strek die inhoudelike wydreikte van die 'ašrē-formule ook verder as net die segging waarin dit voorkom (vergelyk byvoorbeeld Ps. 41:2-4 met Mt. 16:17-19). Laasgenoemde twee voorbeelde van die 'ašrē-formule is deel van dié groepering wat Käser die sogenaamde "gebonde ma=

37) K. Koch, *Was ist Formgeschichte?*, 8. Käser vra die vraag of hierdie drie gevalle uit Spreuke nie eerder as "Stileigenheit des Redaktors" beskou moet word nie.

38) W. Janzen, "'ASRE in the Old Testament", 218, bied in hierdie verband die volgende diagram:

'ASRE + DESCRIPTIVE STATEMENT (+ Reinforcement)  
 (Expansion of descriptive statement ...)

(Basis of 'ašrē - pronouncement + Reinforcement)  
 (Expansion of basis ...)

} May precede the 'ašrē - line

39) Die lesing in die teksapparaat van *Biblia Hebraica* <sup>3</sup> word aanvaar, en daarom word kī 'ašrē gelees i.p.v. kī tōb.

karismes" noem <sup>40)</sup>. Dit is ook die groep wat in frekwensie die meeste voorkom. Op grond van die feit dat die wydreikte van die "gebonde makarisme" oor stigtes en/of kola strek, kan ons dit as 'n gegewenheid beskou dat die meeste Ou-Testamentiese makarismes (Septuaginta en Judaïca ingesluit) in hulleself die beginsel van uitbreiding bevat.

Wat die inhoudelike aspek van die Ou-Testamentiese 'ašrē-formule betref, het W. Käser <sup>41)</sup> na 'n deurtastende ondersoek tot die volgende gevolgtrekking gekom: "Sie ist Verkündigung der durch Gnade geschaffenen, durch Gnade aufrechterhaltenen, durch Gnade dem eschatologischen Ziel entgegengeführten Relation zwischen Gott und Mensch im Lebensbund der Gnade; dies gilt auch und gerade von den überaus zahlreichen thorabezogenen Makarismen. Im Blick auf en gestern, heute und morgen sich treubleibenden Herrn des Bundes ist die makarismische Verkündigung wesentlich eschatologisch. Dass das eschatologische Ziel oft auf eine innergeschichtliche Zukunft verkürzt erscheint - eine Beobachtung, die der ntl. Seligpreisung fremd ist - spricht noch einmal dafür, dass der Gott dieses Bundes (und also dieser Relation) der Herr aller Geschichte ist. Im Blick auf ihn ist die Existenz des Menschen in dieser Relation (der ntl. Seligpreisung wiederum so gut wie unbekannt) als die des vom Gesetz Jahwes umhegten Lebens beschrieben. Die drei für den atl. Makarismus wesentlichen Momente der Relation, der eschatologischen Orientierung und der Verknüpfung des Heilszuspruches in die Thora als der Form des Lebens aus Jahwe lassen sich mehr oder minder ausgeprägt. Darin aber klingen die makarismischen Zeugnisse des AT und des NT in eins zusammen: Seligpreisung ist Lobpreis der heilschaffenden Gnade Gottes

40) W. Käser, *a.w.*, 225-229. Käser het al die Ou-Testamentiese voorbeelde in die Septuaginta as "gebundenen Makarismen" en "ungebundenen Makarismen" geklassifiseer. Hy het die Wysheid van Jesus ben Sirag (waarin daar vier voorbeelde van die sg. "gebonde makarismes" voorkom) by hierdie klassifikasie ingereken.

41) *a.w.*, 249-250.

141/ ...

am erwählten Menschen".

In die lig van die voorafgaande kan ons dus konkludeer dat ons in die Nuwe-Testamentiese makarisme met 'n *Gattung* te make het wat sy wortels in die Ou Testament het. Vanweë die ontwikkeling in die gebruiksgeskiedenis van dié bepaalde *Gattung* is dit vanselfsprekend dat daar 'n verandering van *Sitze im Leben* sou ingetree het. Die onderskeid in betekenisnuanse tussen die Hebreeuse *ʾašrē*-formule en die Nuwe-Testamentiese makarisme moet op grond hiervan toegeskryf word. Dit het egter in hierdie "gattungsgeschichtliche" ondersoek geblyk dat daar geen rede is om soos Klaus Koch 'n eksplisiete ontwikkeling vanaf 'n enkelvoudige aforisme tot 'n saamgestelde reeks te aanvaar nie. Tog het die Nuwe-Testamentiese voorbeelde van makarismereekse (asook die voorbeelde in Sirag 25:7-11, 2 slaw. Hen. 42:6-14 en 52:1-16) myns insiens hulle aanknoping by die Ou-Testamentiese "gebonde makarismes" gevind.

In dié opsig lewer die "Gattungsgeschichte" van die Nuwe-Testamentiese makarisme wel 'n bydrae tot die nadere bepaling van die funksie van die makarismereeks in Mt. 5:3-10. In die lig van die skopus van die Matteusevangelie in sy geheel, naamlik die proklamasie van Jesus as die vervuller van die Ou-Testamentiese Messiaanse belfotes, gebruik Matteus in een van die mees prominente fokus-punte binne die struktuur van die evangelie juis 'n bekende Ou-Testamentiese *Gattung*. Die kommunikatiewe effek wat hy met hfst. 5:3-10 wou bereik, word des te meer hierdeur verhoog.

## 6. DIE ÜBERLIEFERUNGSGESCHICHTE VAN MT. 5:3-10

Streng gesproke is die kwessie van die "Überlieferungsgeschichte", oftewel dan die "Traditionsgeschichte",<sup>41(a)</sup> nie 'n element van *Gattungsforschung* nie, maar eerder 'n metodiese faset in sy eie reg wat 'n bepaalde plek tussen die pluralie

41 (a) Onder die term "Traditionsgeschichte" word dus hier nie die "Motivkritik" verstaan nie. Vir 'n uiteensetting van lg. metodiese faset, vgl. F. Huber "Motiv- und Traditionskritik" in G. Fohrer e.a. *Exegese des Alten Testaments*, 99-116.

van literêre ondersoeksmetodes inneem. By die begripsoriëntering is egter daarop gewys dat die Ou-Testamentikus L. Markert beswaar maak teen die feit dat die *Gattungsforschung* nie altyd die relevante resultate van die "Traditionsgeschichte" verdiskonteer nie. Wat die makarismereeks in Mt. 5:3-10 betref, het verskeie ondersoekers reeds pogings aan die dag gelê om die "Traditionsgeschichte" van die betrokke perikoop na te gaan <sup>42)</sup>. In hierdie afdeling van die studie sal ons kortliks probeer bepaal of daar wel relevante gegewens uit só 'n ondersoek na vore kom wat sal help om die funksie van die makarismes in Mt. 5:3-10 verder te belig. Ek maak vir hierdie doel voor oë gebruik van die resultate van Klaus Koch se ondersoek. Hierdie resultate word kortliks weergegee sonder dat daar op die besonderhede daarvan ingegaan word.

Klaus Koch het die oorsprong van Mt. 5:3-12 in die lig van die parallel in Lk. 6:20-26 nagegaan en die geskiedenis van die oorlewering daarvan tot by sy huidige vorm gevolg. Sy bevindinge is soos volg:

Wanneer Mt. 5:3-12 met Lk. 6:20-26 vergelyk word, is dit duidelik dat beide gedeeltes onafhanklik van mekaar na 'n ouer gemeenskaplike "Vorstufe" terugstrek. Wat is te herken van hierdie "Vorstufe"? Lukas maak van die aanspreekvorm gebruik, terwyl Matteus dit in die derde persoon oorlewer. Wat is die oorspronklikste gebruik? Omdat die makarisme in die meeste gevalle in die derde persoon geformuleer is, soos uit die Ou-Testamentiese 'אַשְׁרֵי'-formule dan ook blyk, is 'n verandering na die aanspreekvorm makliker denkbaar as die omgekeerde. Die gebruik van die derde persoon deur Matteus moet dus in hierdie geval

42) Vgl. byvoorbeeld K. Koch, *Was ist Formgeschichte?*, 49-55; Gerhard Barth, "Matthew's Understanding of the Law", in G. Bornkamm e.a., *Tradition and Interpretation in Matthew*; Londen <sup>2</sup> 1972, 123-125; T.W. Manson, *The Sayings of Jesus*, Londen 1971, H.T. Wrege, *Die Überlieferungsgeschichte der Bergpredigt*, Tübingen 1968, 5-26; G. Eichholz, *Auslegung der Bergpredigt*, 30-33; K. Koehler, "Die ursprüngliche Form der Seligpreisungen", in *ThStKr* 91 (1918), 157-192; J. Resewski, "Die Makarismen bei Mt. und Lk., ihr Verhält zueinander und ihr historischen Hindergrund", in *StTh* (Riga) 1 (1935) (J. Benzinger-Festschrift), 157-169. 143/ ...

as die oudste gereken word <sup>43)</sup>.

'n Moeiliker vraag om te beantwoord, is volgens Koch watter uitsprake oorspronklik tot die afsonderlike dele van die twee perikope onderskeidelik behoort het. Hy antwoord soos volg:

Matteus gee nege makarismes weer en Lukas net vier. Lukas stel sy makarismes uitdrukliker en meer algemeen, en het dit dus verander. Matteus het weer op sy beurt by sommige makarismes interpreterend bygevoeg. Hieronder val die *tō pneumatī* van Mt. 5:3, asook die *dipsōntes tēn dikaiosounēn* in vs. 6. Die derde makarisme (*makarioi hoi praeis ...*) en die vyfde (*makarioi hoi eleēmones ...*) is ook volkome die werk van Matteus. Wat die ander betref, meen Koch: "Anderes sind Weiterungen, die Matthäus, nicht aber Lukas, in der Vorlage schon fand und die auf Grund eines Schriftzitats eingebaut worden sind". So is byvoorbeeld vs. 5 na die voorbeeld van Ps. 37:11 nagebeeld en klink vs. 8 weer baie na Ps. 24:4 en 6. Vs. 9 het weer op sy beurt 'n noue parallel in 2 Hen. 52:11. Vs. 10 wat uit dieselfde tradisie afkomstig is as die selfstandige makarisme in 1 Pt. 3:14, en wat "vormatthäisch" is, is later by dié deel bygevoeg om daardeur die effek van die simmetriese *basileia tōn ouranōn* wat aan die begin en einde voorkom, te verkry.

Volgens Koch kan die volgende drie makarismes in die lig van sy voorafgaande bevindinge met sekerheid na 'n gemeenskaplike "Vorstufe" teruggevoer word:

*makarioi hoi ptōchoi tō pneumatī, hoti autōn estin  
hē basileia tōn ouranōn.*

---

43) T.W. Manson, *The Sayings of Jesus*, 47, reken egter die tweede persoon as meer oorspronklik vanweë die feit dat dit wel 'n paar keer in die Ou Testament voorkom, en meermale in ander Semitiese literatuur.



*makarioi hoi penthountes, hoti autoi paraklēthesontai  
makarioi hoi peinōntes, hoti autoi chortasthēsontai* 44).

Agter hierdie drie uitsprake is daar volgens Koch 'n waarskynlike verwysing na Jes. 61:1-7 soos ek by die semantiese ondersoek na Mt. 5:3-10 uitgewys het:

(Vs. 1) *rūah ʾa donāi yhw̄h ʿālāy yaʿan māsaḥ yhw̄h ʾoti  
lʿbaššer ʿa nāwīm šʿlāhanī ...*

(Vs. 2) *... lʿnahem kol ʾa belīm*

(Vs. 6) *wʿattem kohʾnē yhw̄h tiqqāreʾū mʿšarʿtē ʿlohēnū yeʾāmer lākem  
hēl gōyīm toʾkelū ...*

(Vs. 7) *tahat boštʿkem mišneh ūkʿlimmā yaronnū helqām  
lāken bʿaršām mišne yīrāsū šimhat ʿolām tihyeh lāhem*

Hierdie Ou-Testamentiese profesie word volgens Koch in die makarismes impli-  
siet gekorrigeer. Die oorheersing van Israel oor die volkere en die genieting  
van hul rykdom word in die makarismes vervang met die toekomstige ongebroke  
gemeenskap met God. Vir Koch is dit op grond hiervan duidelik dat die makaris=

44) T.W. Manson, *The Sayings of Jesus*, 46-48, kom min of meer tot dieselfde  
gevolgtrekking. Vir hom stem die bewoording van die drie oorspronklike  
makarismes egter ooreen met die bewoording soos Lukas dit weergee, juis  
omdat Lukas volgens hom die oorspronklike beter as Matteus bewaar het.  
Manson reken die ooreenstemmende drie wee-uitroepe in Lukas ook tot hier=  
die "Vorstufe" wat vir hom deel van die Q-bron is. Gerhard Barth ("Matt=  
hew's Understanding of the Law", 123-125) reken ook die makarismes in  
hulle Lukaanse gestalte, as die weergawe van die makarismes uit die Q-  
bron, d.w.s. ook die makarisme oor die "vervolgdes". "There can thus be  
seen a uniform direction in which Matthew interprets the Beatitudes from  
Q: it is the waiting, the lacking, the empty before God, the lowly, to  
whom the promise is made".

145/ ...

mes nie beskrywings van goeie deugde wil wees nie, maar dit wil eerder die troos en die einde van lyding wat aan die einde van die teenwoordige wêreld sal kom, aankondig. Daarom is die oorspronklike drie makarismes *ipsissima verba Jesu*. Juis hierdie paradoksale ommekeer van omstandighede is die "Grundtenor jesuanischer Eschatologie".

Koch is verder van oortuiging dat die oorspronklike eenheid van die drie makarismes uitgebrei is tot drie dubbelpare met 'n eksterne parallelisme:

- |     |  |
|-----|--|
| I   | 1. makarioi hoi ptōchoi tō pneumatī, hoti autōn estin hē<br>basileia tōn ouranōn.<br>2. makarioi hoi praeis, hoti autoi klēronomēsousin tēn gēn. |
| II  | 3. makarioi hoi penthountes, hoti autoi paraklēthēsontai<br>4. makarioi hoi peinōntes, hoti autoi chortasthēsontai.                              |
| III | 5. makarioi hoi katharoi tē kardīa, hoti autoi ton theon<br>opsontai.<br>6. makarioi hoi eirēnopoioi, hoti autoi huiōi theou<br>klēthēsontai.    |

Hierdie uitbreiding het plaasgevind deurdat, naas die verdere opneem van gedeeltes van Jes. 61 in 2 en 6, eskatologiese dele van die Psalms oorgeneem is (Ps. 37:11 vir 2, en Ps. 24:4-6 vir 5). Hierby is in die loop van die tyd vanweë die druk van vervolginge die uitgebreide makarisme aan die einde bygevoeg, naamlik:

7. makarioi hoi dediōgmenoi heneken dikaiosounēs, hoti autōn estin hē  
 basileia tōn ouranōn.

Koch reken dit nie as onmoontlik dat hierdie makarisme wel 'n Jesuslogion kan wees nie, maar dan by 'n ander geleentheid uitgespreek. Matteus sou dan self die *heneken dikaiosounēs* bygevoeg het.

Hoewel daar myns insiens heelwat ooglopende besware teenoor baie van Koch se gevolgtrekkings ingebring sal kan word <sup>45)</sup>, is dit egter duidelik dat die wetenskaplike arbeid op die terrein van die bronne-kritiek aangetoon het dat ons 'n tradisie-ontwikkeling agter die meeste uitsprake in die sinoptiese evangelies sal moet aanvaar. Die makarismereeks is net deur Lukas en Matteus

45) As voorbeeld kan daar verwys word na Koch se willekeur wanneer hy besluit dat sekere makarismes in die Matteusperikoop nie as outentieke woorde van Jesus beskou moet word nie:

Die probleem lê veral by Koch se sg. eerste stadium in die tradisie-ontwikkeling soos hy dit sien. Hy voer hierdie stadium terug na 'n onbekende "redaktor" of na 'n oorlewering uit die mondelinge tradisie. Die agste makarisme voer hy terug na nog 'n latere tradisie en die negende na nog 'n latere een. Wat die agste makarisme betref, laat hy egter die moontlikheid oop dat Jesus dit wel by 'n ander geleentheid kon uitgespreek het. Die aanspreekvorm van die negende makarisme spreek vir hom teen 'n "jesuanischer Ursprung". Hier laat hy egter ook die moontlikheid oop dat Jesus dit per geleentheid kon uitgespreek het, omdat hierdie makarisme ook in ander vroeg-Christelike literatuur voorkom. Die aanspreekvorm kan egter nie as kriterium gebruik word nie. Hoewel die derde persoon meer gebruiklik was, is daar egter wel voorbeelde dat makarismes in die tyd van en voor Jesus in die tweede persoon geformuleer is (vergelyk bv. Mt. 16:17 en Lk. 14:14 — Koch (bl. 55, nota 19) reken hierdie twee makarismes egter ook nie as outentiek nie.

Terwyl Koch dan van mening is dat die uitgebreide makarismes van vs. 10-12 moontlik wel na Jesus teruggevoer kan word; moet dit as netso moontlik beskou word dat die makarismes van sy sg. eerste stadium van die tradisie-ontwikkeling *ipsissima verba Jesu* is. Want afgesien van die feit dat hierdie uitsprake wel in die vroeg-Christelike literatuur sou moes voorgekom het (anders sou Matteus dit mos nie oorgelewerd gekry het nie — om volgens die denkstruktuur van Koch te dink), maak die inhoud daarvan ook deel uit van die algemene strekking van die verkondiging van Jesus op aarde.

oorgelewer. Markus het dit nie oorgelewer nie, en ook nie die Bergrede nie. Baie uitsprake van die Bergrede kom egter wel in ander verbande elders in Markus voor. Dit laat dus ons geen keuse nie as om agter die makarismereeks in Mt. 5:3-10 'n tradisie-ontwikkeling te sien. Met ander woorde, dit is baie waarskynlik dat Jesus nie al agt die makarismes soos Matteus dit berig, by een geleentheid en in dieselfde vorm uitgespreek het nie. Uit die ontleding van die oppervlaktestruktuur van Mt. 5:3-10 vroeër in die studie, blyk dat die outeur Matteus die makarismes versamel en so gestruktureer het dat hy sy eie besondere effek geskep het.

As ons ten slotte die vraag moet stel wat sō 'n "überlieferungsgeschichtliche" ondersoek nou tot die *Gattungsforschung* van die makarismereeks in Mt. 5:3-10 bydra, dan is ons antwoord in 'n baie groot mate negatief. Al kan ons vasstel dat minstens sekere uitsprake in die reeks egte Jesuslogia is (hoewel die metodologie van 'n ondersoek soos dié van Klaus Koch vir my wetenskaplik onbevredigend is), dan het ons daardeur nog geen bydrae gelewer tot die bepaling van die *Sitz im Leben* van die Nuwe-Testamentiese makarisme, of tot sy besondere *Sitz in der Literatur* binne Mt. 5:3-10 nie. Die teks soos dit daar staan, en waarop ons eksegetiese interesse per slot van sake konsentreer, bied buitendien die makarismes in Mt. 5:3-10 aan asof dit *ipsissima vox Jesu* is. Laasgenoemde feit is myns insiens wel in dié opsig vir die bepaling van die *Sitz in der Literatur* van die makarisme hier belangrik: Juis die feit dat Matteus die makarismereeks as *ipsissima vox Jesu* weergee, is nog 'n verdere verhoging in die effek van sy boodskap. In Mt. 5:3-10 vind ons naamlik Jesus as die Messias-Koning self in woord en in daad teenwoordig.

## HOOFSTUK V

### DIE RELEVANSIE VAN GATTUNGSFORSCHUNG BY DIE VASSTELLING VAN "BETEKENIS"

Uit die metodologiese besinning by die begripsoriëntering, asook uit die toepassing daarvan ten opsigte van die makarismereeks in Mt. 5:3-10, het dit geblyk dat *Gattungsforschung* en semantiek onderskeidelik twee verskillende aangeleenthede is. *Gattungsforschung* wil literêre tipes identifiseer, die strukturele en inhoudelike kenmerke daarvan omskryf, en die *Sitz im Leben* en funksie daarvan aandui. Semantiese analise wil weer die struktuur van woorde, sinne, perikope en groter literêre eenhede beskryf, ontleed en in sisteem bring om sodoende die *betekenis* van taalgebruik te bepaal sodat die kennis wat verkry word tot juiste kommunikasie kan dien. Op grond van die ondersoek het ons egter ook rede om te vermoed dat *Gattungsforschung* ten minste 'n belangrike raakvlak met die semantiek het. In die metodiese ontvouing van *Gattungsforschung* het ons gevind dat sinchronie telkens die basis vorm waarop enige vergelykende diachroniese aangeleentheid berus. Hoewel sinchronie en diachronie deeglik onderskei en geskei moet word, is albei fasette egter legitiem by *Gattungsforschung*. Wanneer ons egter met semantiese analise te doen het, is die saak ingewikkelder. Sō 'n analise begin ook sinchronies, en dit bly tot die sinchroniese beperk solank ons nie die kategorie *gebruik* daarby betrek nie. Die *gebruik* van woorde en frases kan egter diachronies bepaald wees. Hiervan het ons juis belangrike voorbeelde in hoofstuk III, afdeling 2.4 gevind. Die "betekenis" van die stuk taal wat ons in hierdie studie interesseer, word dus mede bepaal deur die kategorie *gebruik*. Hoewel ons beginpunt 'n sinchroniese analise is, is die *gebruik* van woorde en frases hier diachronies bepaald. Daarom het diachroniese oorwegings ook 'n rol gespeel. Maar dit is altyd weer

sinchronies gekontroleer — sodat die sinchroniese ondersoek altyd die raamwerk en beskerming gebied het teen 'n willekeurige verval in "dia-chronisme".

In hierdie studie het ek probeer aandui wat die semantiese betekenis van die makarismereeks in Mt. 5 is. Ek het egter ook, na ek meen, die *Gattung* van die makarisme en die verwante *Gattung* van die uitgebreide makarisme geïsoleer. Dit bring die logiese vraag na vore: Is daar 'n raakvlak tussen my semantiese resultaat en die resultaat van my *Gattungs*-ondersoek? Hier bereik ons die vraag waarom dit primêr in my studie gaan: Semantiek en *Gattungs*forschung. Het *Gattungs*forschung relevansie by 'n semantiese analise en — indien wel — waarin bestaan dit? Dra die ondersoek na die literêre tipe, saam met die semantiese analise, by tot die vasstelling van *betekenis*?

Voordat ons dié vraag sal kan beantwoord, sal ons eers moet uitmaak wat ons onder die term *betekenis* verstaan. Want betekenis is inderdaad 'n saak met vele kante. Dit is moontlik dat ons die semantiek van die woorde en sinne in 'n stuk taal kon bepaal en verstaan, sonder om die *bedoeling* daarvan te snap <sup>1)</sup>. 'n Poging om 'n antwoord op die vraag, *wat is betekenis?*, te probeer bied, is al bestempel as die nagmerrie van die taalkunde <sup>2)</sup>.

## 1. GATTUNGSFORSCHUNG EN SEMANTIESE BETEKENIS

Deurgaans in die studie wanneer ek van die *betekenis* van woorde en sinne in hulle struktuur tot mekaar gepraat het, het ek daaronder die *semantiese betekenis van 'n stuk taalgebruik* verstaan. Wat die relevansie van *Gattungs*for-

1) Vgl. J.P. Louw, *Semantiek van Nuwe-Testamentiese Grieks*, 56.

2) J.C. Steyn, "Die Semantiese Komponent", 105.

schung tot die vasstelling van die *semantiese betekenis* van die makarisme= reeks in Mt. 5:3-10 betref, het ons weinig bereik, behalwe miskien in een opsig: Met behulp van 'n semantiese woordstudie kon ons vasstel dat die woordgroep *makarios, -ia, -ion* en sy stamverwante derivate in die Nuwe Testament binne twee semantiese woordvelde figureer, naamlik die veld van psigologiese gebeure, en die veld van suiwer abstrakte. In ons ondersoek na die Nuwe-Testamentiese makarisme as *Gattung* het dit telkens geblyk dat wanneer dié besondere *Gattung* binne die Nuwe Testament aangewend word, dan figureer die predikatiewe adjektief *makarios, -ia, -ion* altyd binne die veld van psigologiese gebeure. Dit is dan 'n gebeure wat in al die kontekste inhoudelik omskryf kan word as die religieuse heilsaankondiging van 'n eskatologiese vreugde. In dié opsig kan *Gattungs-forschung* wel 'n bydrae lewer tot die nader semantiese bepaling van die aktuele gebruiksgeval van die woordgroep *makarios, -ia, -ion*. Dit is egter 'n beperkte bydrae vanweë die noodwendige voorkoms van *makarios, -ia, -ion* in hierdie *Gattung*.

## 2. GATTUNGSFORSCHUNG EN KONNOTATIEWE BETEKENIS

J.P. Louw wys daarop dat afgesien daarvan dat *betekenis* op die vlak van die woord, die sin en die konteks figureer, daar nog op hierdie vlakke verskillende "soorte" of "tipes" van *betekenis* onderskei kan word. Hy maak melding van figurlike, konnotatiewe (emosionele), grammatiese en verwante *betekenis* <sup>3)</sup>.

Dit sal nodig wees om die sogenaamde konnotatiewe betekenis ietwat nader te

3) J.P. Louw, *Semantiek van Nuwe-Testamentiese Grieks*, 61-68.

belig. Die konnotatiewe betekenis <sup>4)</sup> het te doen met die *impak* of *gevoels=*  
*waarde* wat 'n outeur aan 'n betrokke woord heg. Dit is juis daarom belang=  
 rik om vas te stel onder watter omstandighede die betrokke woord gebruik  
 word <sup>5)</sup>. 'n Bepaalde woord word *konnotatief* gekleur juis vanweë die bepaal=  
 de semantiese struktuur waarbinne woorde en sinne in hulle konstituente ver=  
 bindinge tot mekaar in die bobou figureer <sup>6)</sup>. Hoewel die *konnotatiewe bete=*  
*kenis* tradisioneel geassosieer word met individuele woorde en frases (gewoon=  
 lik idiome), is dit egter nie so dat individuele woorde of idiome die enigste  
 taaleenhede is wat *konnotatiewe* waarde het nie. "The style of a discourse in=  
 evitably produces important connotative values ... The fact that we may be  
 pleased with a style, but quite displeased with the content of a discourse,  
 indicates clearly that there are differences of emotive responses to these two  
 levels of communication. Some speakers may charm their audiences with their  
 flow of language, while providing practically no substance; others may chal=  
 lenge their hearers by the importance of their message, even though the manner  
 in which they communicate the information is quite unappealing. Certain lite=  
 rary farces consist of treating momentous events in trivial language, and tri=  
vial events in an elevated style, thus providing clear evidence of the ways in

4) Die term *konnotatief* word in die literatuur met verskillende inhoude  
 gevul. E.A. Nida vul byvoorbeeld die term met 'n ander inhoud in sy  
 boek *Componential Analysis of Meaning; and introduction to semantic*  
*structures*, 36-37, as in sy boek saam met C.R. Taber, *The Theory and Prac=*  
*tice of Translation*, 90-98. In eg. boek verstaan Nida presies dieselfde  
 daaronder as die sogenaamde supplementêre betekenis-komponente (vergelyk  
 die afdeling *WOORDSEMANTIEK* by die begripsoriëntering). In lg. boek word  
 die term *sinoniem* gebruik met dit wat J.P. Louw (*Semantiek van Nuwe Testa=*  
*mentiese Grieks*, 62-63) onder die term *emosionele betekenis* verstaan. In  
 ander gevalle weer verwys die term *konnotatief* na enige ander aspek van  
 betekenis wat streng gesproke nie denotatief van aard is nie. As sodanig  
 sluit dit 'n wye register van fenomene in soos verwantskap, sintaksis,  
 retoriek, emotiewe waarde, spreekswyse ens. *Konnotatief* word in hierdie  
 studie beperk tot die emotiewe waarde van taal.

5) E.A. Nida en C.R. Taber, *The Theory and Practice of Translation*, 93.

6) Vgl. E.A. Nida en C.R. Taber, *The Theory and Practice of Translation*, 94.



which connotative reactions to form can be separated from connotative reactions to content <sup>7)</sup>".

In die lig van die voorafgaande uiteensetting is dit moontlik om in Mt. 5: 3-10 minstens twee "tipes" betekenis te onderskei. Met behulp van 'n semantiese ondersoek kon ons vasstel wat die teks binne sy konteks wil sê. Maar dit het ook geblyk dat Matteus telkens middele aanwend om die impak van dit wat hy wil sê, te verhoog. Hy het naamlik 'n fyn kunstige struktuur ontwerp en die inhoud nommerpas daarmee gekorreleer; hy het die wentelpunte binne die struktuur van die konteks noukeurig in samehang met die inhoud uitgewerk; hy het bowenal 'n spesifieke *Gattung* gebruik - naamlik die makarisme. Hierdie *Gattung* het hy in uitgebreide vorm gebruik, sodat ons wel kan praat van 'n besonder gedistilleerde voorkoms van die *Gattung* "uitgeboude makarisme" waarvan die makarismereeks 'n variant is. In dié opsig het *Gattungs*forschung by die vasstelling van die betekenis van die makarismereeks in Mt. 5:3-10 'n besondere *konnotatiewe* bydrae gelewer. Daarsonder sou die vasstelling van wat Mt. 5: 3-10 in sy konteks beteken, veel armer gewees het. Anders as in die voorbeelde wat in die bovermelde aanhaling van Nida en Taber voorkom, vind ons in Mt. 5: 3-10 dat beide die *inhoud* en die *diksië* van dit wat gesê word, saam bydra om die effek en belang van die boodskap te beklemtoon. Die funksie wat die makarismereeks in Mt. 5 verrig, kan derhalwe vergelyk word met die situasie in die moderne joernalistiek. 'n Koerantredakteur kan *konnotatief* die effek van sy boodskap juis doelmatig besonderlik verhoog deur spesifiek die *Gattung* "redakteurskolom" aan te wend, en nie byvoorbeeld die gewone "berigging" nie.

- 7) E.A. Nida en C.R. Taber, *The Theory and Practice of Translation*, 97-98. David J. Clark ("Different 'Types' of Literature", in *BTr*, 25 1974, 208) het in 'n artikel ook daarop gewys dat literêre tipes bepaalde emotiewe waarde by die leser oproep.

Die aard van *konnotatiewe betekenis* hang uit die aard van die saak af van die individuele taalgebruiker en die praktiese omstandighede waaronder hy taal besig<sup>8)</sup>. Die vraag waarop ons derhalwe 'n antwoord sal moet gee, is of die Nuwe-Testamentiese makarisme in sy verskillende *Sitze in der Literatur* altyd dieselfde *konnotatiewe* strekking het. Moet ons apriories aanneem dat die Nuwe-Testamentiese makarisme noodwendig in alle gebruiksgevalle 'n *konnotatiewe* funksie het? Is dit so dat *Gattungsforschung* in al die gevalle van konkrete taalondersoek 'n *konnotatiewe* bydrae tot die vasstelling van *betekenis* lewer? Om 'n antwoord hierop te gee, is dit vervolgens nodig om baie kortliks en oorsigtelik die funksie van die Nuwe-Testamentiese makarisme in 'n ander konteks as Mt. 5:3-10 te ondersoek, asook die funksie van enkele ander *Gattungen* in hulle konkrete gebruiksgevalle.

## 2.1 EKSEMPLARIESE VERGELYKENDE GATTUNGSFORSCHUNG AS TOELIGTING

Ons beperk ons by 'n ondersoek na die Nuwe-Testamentiese makarisme soos dit aangewend is in Mt. 13:16, die *tōb*-spreuk in Pred. 7:1-4, die haggadiese verhaal in Talmoed Babli, Qiddūšīn 70(a)-70(b) en die "Glaubensformel" in 1 Ts. 1:9-10.

### 2.1.1. DIE NUWE-TESTAMENTIESE MAKARISME IN MT. 13:1-52

Vs. 16-17 *humōn de makarioi hoi ofthalmoi hoti blepousin*  
*kai ta ōta humōn hoti akousin*  
*amēn gar legō humin hoti*  
*polloi profētai kai dikaioi epthumēsan idein ha blepete*

---

8) Vgl. E.A. Nida en C.R. Taber, *The Theory and Practice of Translation*, 92-93.

kai ouk eidan

kai akousai ha akouete

kai ouk ēkousan.

Matteus gebruik in 'n lang parabeldiskoers (hfst. 13:1-52) twee makarismes na mekaar in vs. 16. Dit is egter inderdaad moontlik om slegs van een makarisme te praat. Want afgesien daarvan dat die woord *makarioi* nie in die tweede segging in die bobou voorkom nie, refereer beide segginge buitendien ook na een en dieselfde aksie. So het die twee objekte inderdaad ook een en dieselfde referensiële betekenis, naamlik die dissipels. Die makarisme kom voor in dié gedeelte van die diskoers waar Jesus sy dissipels antwoord op hulle vraag waarom hy parabels vertel (vs. 10-17).

Kontras speel in hierdie diskoers 'n baie belangrike rol. Met behulp van die parabels het Matteus die diskoers opgebou rondom die kontrasterende probleem dat sommige mense sy kerugma in verband met die koninkryk *hoor* en dit *begryp*, maar ander *hoor* dit, en tog *hoor* hulle nie. Hierdie kontras het in die konteks respektiewelik betrekking op *die dissipels* en *die skare*. In vs. 10-13 word hierdie kontras besonderlik deur 'n antitetiese parallelistiese struktuur en woordgebruik geïntensiveer. Vs. 11-12 het betrekking op die dissipels en vs. 13 op die skare. Vs. 14-15 is 'n Ou-Testamentiese sitaat wat dien as fundering vir hierdie eerste deel van Jesus se eksplikasie <sup>9)</sup>. Vs. 16-17 vorm weer ten opsigte van sowel struktuur as woordgebruik 'n antitetiese parallelisme rondom dieselfde kontras. Die makarisme in vs. 16 figureer as die eerste lid van die parallelisme, en dit het derhalwe betrekking op die dissipels. Die

9) Vgl. W.S. Vorster, "The Structure of Matthew 13", art. vir latere publikasie in *Neotestamentica*.

*Sitz im Leben* van die Nuwe Testamentiese makarisme leen hom uitstekend daartoe om hierdie kontras uitermate te verskerp. Die kontekstuele implikasie kan nie misverstaan word nie: Soos diegene (dissipels) wat hoor en begryp, deel het aan die heilsaankondiging van die eskatologiese vreugde, sō geld die teendeel vir diegene (skare) wat wel hoor en tog nie hoor nie.

Die feit dat ons weet dat 'n bepaalde *Gattung* binne die konteks gebruik is, het ons nie gehelp in die vasstelling van die semantiese betekenis van die diskoers nie. Sonder kennisname van die besondere *Gattung* wat aangewend is, sou die effektiewe intensivering van die *pointē* waarom dit in die parabels binne hierdie diskoers gaan, egter nie hier in vs. 16-17 merkbaar gewees het nie.

#### 2.1.2. DIE *tōb*-SPREUK IN PRED. 7:1-4

*tōb šem misšemen tōb w<sup>e</sup>yōm hammāwet miyyōm hiwwāl<sup>e</sup>dō*  
*tōb lāleket 'el bēt 'ebel milleket 'el bēt mište*  
*ba' ašer hū'sōp kol hā' ādām w<sup>e</sup>hahay yitten el libbō*  
*tōb ka<sup>c</sup>as mišš<sup>e</sup>hoq kī b<sup>e</sup>roa<sup>c</sup> pānūm yītab leḅ*  
*leḅ h<sup>a</sup>kānūm b<sup>e</sup>bēt ebel w<sup>e</sup>leḅ k<sup>e</sup>sīlīm b<sup>e</sup>bēt šimhā*

Die *tōb*-spreuk <sup>10)</sup> is 'n *Gattung* wat sy tipiese *Sitz im Leben* in die algemene wysheid van die oud-Semitiese wêreld het. Van die dertien chokamtiese *Gattungen* wat Prediker gebruik, is die *tōb*-spreuk een van die mees dominante in die boek. Die formele karakteristieke van hierdie *Gattung* is die gebruikelike woord

10) Vir 'n volledige uiteensetting van die "Merkmale" van hierdie *Gattung*, vgl. J.A. Loader, *Polariteit in die denke van Qohelet*, Diss. Universiteit van Pretoria 1973, 22-23.

*tōb* aan die begin van 'n komparatiewe *min*-konstruksie. Inhoudelik kan dié besondere spreuk in Afrikaans weergegee word met: "Beter is x as y".

'n Bepaalde *Gattung* ("Rahmengattung") kan ook elemente van 'n ander ("Glieder=*Gattung*") opneem. J.A. Loader het oortuigend aangetoon dat Prediker al dertien die formele chokmatiese *Gattungen* wat in die boek voorkom, as vormelemente van sy eie *Gattung* gebruik het. Loader noem in navolging van Fr. Ellermeier <sup>12)</sup> hierdie *Rahmengattung* die "Refleksie". Daaronder word verstaan dat Prediker in reaksie teenoor die algemene wysheid, al reflekerende, besinnende, stellende en manende, sy denke struktureel en inhoudelik in polariteit giet. In hierdie refleksieverskynsel wend Prediker, soos Loader dit uitdruk, die wapens van die algemene *hokma* teenoor die *hokma* self aan. Hy gebruik naamlik onder andere chokmatiese *Gattungen* op 'n polemiese wyse en gee daaraan 'n inhoud wat vreemd is aan die bedoeling van die algemene *hokma*. Sodoende skep Prediker 'n polêre spanning tussen vorm en inhoud. Sō is ook die *tōb*-spreuk onder andere in hfst. 7:1-4 tipies "funktionsatypisch" aangewend om die verlangde verskerping van die polêre spanning te verkry.

In hfst. 7:1-4 <sup>13)</sup> kan die figuurlike betekenis van die sinonieme parallelistiese hemistiges van vs. 1 soos volg geparafraseer word: "Die gestorwene het dit beter as die lewende". Vs. 2 is 'n intensivering van vs. 1: "Die doodshuis is beter as die feeshuis". En sō word die *lewe* as 'n polêre teenpool teenoor die *dood* gestel. Presies dieselfde gedagte kom in vs. 3 en 4 na vore wat respektiewelik "verdriet" bo die "blydschap" verkies, en die "klaaghuis" bo die "huis van vreugde".

---

12) *Qohelet-Untersuchungen zum Buche Qohelet I*, Herzberg 1967, 50 aangehaal deur J.A. Loader, *Polariteit*, 31.

13) Vir 'n volledige bespreking van die struktuur en inhoud van hierdie gedeelte, kyk J.A. Loader, *Polariteit*, 49-51.

In hierdie perikoop vind ons 'n treffende voorbeeld van die refleksieverskynsel wat eie is aan Prediker. Hy ontkragtig naamlik die algemene wysheid formeel en inhoudelik deur 'n tipiese chokmatiese *Gattung* (die *tōb*-spreuk) oor te neem en dit met 'n inhoud te vul wat vreemd is aan die algemene wysheid ("die dood is beter as die lewe"), maar wat eie is aan Prediker. Op sō 'n wyse verhoog Prediker die effek van die boodskap van sy boek. Hy wil naamlik die waarde-loosheid van die algemene *hokma* aan die kaak stel.

*Sonder Gattungsforschung sou daar beslis in die lig van die voorafgaande 'n groot leemte bestaan in die verstaan van die boodskap van hierdie besonder fyn gestruktueerde Ou-Testamentiese boek.*

### 2.1.3. DIE HAGGADIESE VERHAAL IN TALMOED BABLI, QIDDŪSĪN 70(a)-70(b) <sup>14)</sup>.

*Gattungsforschung* is nog 'n nuwe studieveld binne die Judaïca <sup>15)</sup>. In die Rabbinica is die haggadiese verhaal een van die *Gattungen* wat die meeste voorkom. Dit sal dus goed wees dat ons 'n eksemplaar van hierdie belangrike *Gattung* oorsigtelike vir die doel van ons studie nader belig <sup>16)</sup>.

- 14) Hierdie teksgedeelte is onder andere opgeneem in F. Rosenthal (red.), *An Aramaic Handbook* II/1, Wiesbaden 1967, 43-44. J.A. Loader, (mondeling) het my aandag op die haggadiese verhaal as *Gattung* binne die Rabbinica gevestig.
- 15) Vir 'n oorsig oor die huidige stand van navorsing binne die Rabbinica, vgl. A.J. Saldarini, "'Form Criticism' of Rabbinic Literature", in *JBL* 96 (1977), 257-274.
- 16) Twee ander eksemplare van die haggadiese verhaal is binne die Babiloniese Talmoed ook ondersoek, nl. *Nedārūm* 50(a) en *Mo'ed Qātān* 27(b). (Hierdie twee gedeeltes is onder andere opgeneem in M.L. Margolis, *Lehrbuch der Aramaischen Sprache des Babylonischen Talmuds*, München 1910, 34-35 en 35-36 respektiewelik). Die resultate hiervan ondersteun dié van die voorbeeld in *Qiddūšīn* 70(a)-70(b).

Die formele en inhoudelike "Gattungsmerkmale" van die haggadiese verhaal val rondom drie sake uiteen. In die eerste plek begin die verhaal met 'n vermelding van òf 'n gesaghebbende rabbynse *dictum* <sup>17)</sup> òf 'n bepaalde gebeurtenis <sup>18)</sup>. Dit word gevolg deur 'n dialoog wat in herhaalde episodes ontsplooi. Ten slotte loop die verhaal uit op die vindikasie van die held wat dikwels 'n rabbi is. Die strukturele en inhoudelike momente val dus in die verhaal saam.

Vanweë die lengte van die verhaal in *Qidduṣin* 70(a)-70(b) herhaal ek nie vir die doel van ons bespreking die hele Aramese teks nie, maar slegs dié van die rabbynse *dicta*. 'n Parafraze van die inhoud word egter wel gebied.

A. 'n *Dictum* van rabbi Samuel as aanvang:

$w^k$ kol hapōsel pāsūl  $w^e$ ēnū m<sup>e</sup>dabēr b<sup>e</sup>šebah l<sup>ec</sup>ōlām wa<sup>a</sup>mar š<sup>e</sup>mūel ūb<sup>e</sup>mūnō  
 $hū$  pōsel ("elkeen wat aanhoudend ander onbevoeg verklaar en nooit met  
 lof van ander kan praat nie, vind met sy eie tekortkominge fout").

B *Dialoog met herhaalde episodes:*

Eerste episode: 'n Man wil in die slaghuis vleis koop. Die blokman sê dat hy eers moet wag totdat rabbi Juda bar Esegīel sy vleis kom haal het. Die man beledig rabbi Juda. Die nuus word aan rabbi Juda oorgedra. Laasgenoemde word kwaad en ban die man uit die sinagoge.

- 17) Die rabbynse *dictum* is self 'n representant van 'n bepaalde *Gattung*. Wanneer die verhaal met sō 'n *dictum* 'n aanvang neem, dan vorm die verhaal in wese 'n "Rahmengattung" wat die *dictum* as 'n "Gliederattung" in die verhaal as 'n vormelement opneem.
- 18) Die voorbeelde in *Nedārīm* 50(a) en *Mo'ed Qātān* 27(b) begin, anders as dié in *Qidduṣin* 70(a)-70(b), met 'n vermelding van sō 'n spesifieke gebeurtenis.

Tweede episode: Juda verneem egter dat dit 'n gewoonte van die man is om mense slawe te noem. Gevolglik verklaar hy die man 'n slaaf. Dié word kwaad en dagvaar rabbi Juda om voor rabbi Nahmān te verskyn. Na wik en weeg besluit rabbi Juda om wel op die dagvaardiging ag te gee. In vier kleinere episodes word daar nou vertel hoedat rabbi Juda vooraf in 'n gesprek met rabbi Nahmān, sy regter domineer en verbouereer. In sy verweer teen die klag dat hy die klaer 'n slaaf verklaar het, verdedig rabbi Juda homself deur weer 'n beroep te doen op die *dictum* van rabbi Samuel waarmee die verhaal begin het. Rabbi Nahmān kom egter met 'n ander interpretasie van hierdie *dictum* na vore. Die klaer kom tussenbeide en sê vir rabbi Juda dat die hom ten onregte 'n slaaf genoem het, terwyl dit in werklikheid so is dat hy uit die koningshuis van die Hasmoniërs stam. Rabbi Juda antwoord weer met 'n troefkaart deur nogeens 'n *dictum* van rabbi Samuel aan te haal: *kol man d<sup>e</sup>āmer midd<sup>e</sup>bēt hašmōnay<sup>1</sup> malkā<sup>2</sup> qātēnā<sup>3</sup> abdā hū* ("elkeen wat sê dat hy uit die koningshuis van die Hasmoniërs afstam, is 'n slaaf"). Rabbi Nahmān kom weer met 'n eie interpretasie van die *dictum* vorendag. Hy maak van 'n tipiese haggadiese tegniek gebruik deur 'n beroep op 'n ketting rabbi's te doen ("Stem meneer nie saam met dit wat rabbi Abba namens rabbi Huna ... gesê het nie ...?"). Rabbi Juda versterk egter sy eie standpunt deur die getuienis van rabbi Mattenā (wat toevallig opdaag) in sy guns te verkry.

c. *Vindikasie van die held:*

In die derde en laaste episode word vertel hoedat talle huwelikssertifikate opgeskeur is vanweë die ontstellende en onbetwiste interpretasie van die *dictum* van rabbi Samuel deur rabbi Juda. Die vroue vererg hulle en wil rabbi Juda stenig. Rabbi Juda kom egter met 'n finale troefkaart



voor die dag. Hy dreig naamlik om nog 'n *dictum* van rabbi Samuel aas te haal, en wat hy inderdaad doen maar die interpretasie daarvan impliseer: *tartē zar<sup>c</sup>aytā ḥikkā bin<sup>e</sup>harde<sup>c</sup>ā ḥ<sup>a</sup>dā miqqaryā d<sup>e</sup>bē yōnā wah<sup>a</sup>dā miqqaryā d<sup>e</sup>bē cōrabti* ("daar is twee families in Nehardea. Die een word die huis van die duif genoem, en die ander word die huis van die kraai genoem"). Die implikasie is duidelik: In die stad is daar mense wat rein is (vrymanne) en daar is mense wat onrein is (slawe). Die *dictum* het die gewenste uitwerking. Die vroue skrik en gooi die klippe neer so dat 'n verstopping in die koninklike kanaal ontstaan.

Al die elemente van 'n tipiese haggadiese verhaal is in hierdie gedeelte teenwoordig. Ons vind naamlik 'n duidelike progressiewe klimaktiese ontplooiing van drie episodes wat telkens struktureel rondom 'n *dictum* van dieselfde gesaghebbende rabbi uit die verlede sentreer. In die middelste episode vind daar 'n verdere ontplooiing van vier kleinere toneeltjies plaas wat in die konteks besonderlik bydra om die effek van die boodskap te vermeerder. In die derde episode klimaktiseer die verhaal ten slotte in 'n vindikasie van die held wat in hierdie geval rabbi Juda is.

Die haggadiese verhaaltegniek, asook die herhaalde *gattungsmatige dicta* binne die verhaal, dra by om die effek van die boodskap van die outeur te intensiveer. Die verhaaltegniek word naamlik deur die outeur gebruik om die feit te beklemtoon dat rabbi Juda in sy optrede reg was. Laasgenoemde is die sentrum van die outeur se boodskap — rabbi Juda was naamlik korrek in sy interpretasie van die *dicta* van die gesaghebbende rabbi uit die verlede. Hiertoe het die haggadiese verhaaltegniek en die *gattungsmatige dicta* daarbinne, besonderlik funksioneel bygedra.

2.1.4. DIE GLAUBENSFORMEL IN 1 TS. 1:4-10

Vs. 9-10 *autoi gar peri hēmōn apangellousin  
hopoian eisodon eschomen pros humas  
kai pōs epestrepsate pros ton theon apo tōn eidōlōn  
douleuein theō zōnti kai alēthinō kai  
anamenein ton huion autou ek tōn ouranōn  
hon ēgeiren ek tōn nekrōn  
Iēsoun ton ruomenon hēmas ek tēs orgēs tēs erchomenēs.*

1 Ts. 1:9(b)-10 word feitlik allerweë deur navorsers op grond van verskeie faktore as 'n voor-Pauliniese formule gereken <sup>19)</sup>. Heinrich Zimmermann <sup>20)</sup> het oortuigend aangetoon dat minstens vs. 10 formele verwantskap met ander eenhede binne die Nuwe Testament vertoon. Zimmermann noem hierdie literêre eenhede "Glaubensformeln".

Op grond van 'n intensiewe ondersoek na die struktuur en inhoud van 1 Ts. 1:2-10 <sup>21)</sup> het ek vasgestel dat vs. 4-10 in 'n sekere opsig as 'n selfstandige perikoop figureer met as skopus die "initial mission" van Paulus in Tessalonika en die aanvaarding en uitdra van die Evangelie deur die Tessalonicense. Dit het geblyk dat die sogenaamde "Glaubensformel" in vs. 9(b)-10 nie binne die strukturele en inhoudelike raamwerk van hierdie perikoop deur Paulus enigszins *gattungsmatig* aangewend is nie. Die enigste rede wat myns insiens vanuit die konteks blyk waarom Paulus hierdie formule hier gebruik het, moet as 'n tipiese

19) Vgl. onder andere E. von Dobschütz, *Die Thessalonicher-Briefe*, Göttingen 1974, 76-80; E. Best, *The First and Second Epistles to the Thessalonians* (BNTC), Londen 1972, 85-87; M.H. Bolkestein, *De Brieven aan de Tessalonicenzen*, Nijkerk 1970, 45.

20) *Neutestamentliche Methodenlehre*, 171.

21) Ter wille van ruimte vermeld ek slegs die relevante resultate van my semantiese struktuuranalitiese ondersoek na die betrokke perikoop.

rabbynse *midraš*-benaderingswyse verklaar word. Die inhoudelike element wat die formule bevat, naamlik die bekering weg van die afgode na God toe, is vir Paulus blykbaar die aanknoping om hierdie woorde in die konteks doelmatig te ag. Die *midraš* verhoog funksioneel die effek van sy boodskap. Die "Glaubensformel" self word egter nie *gattungsmatig* aangewend nie, en het ook geen funksionele effek vir die boodskap nie <sup>22)</sup>.

## 2.2 GEVOLGTREKKING

Drie van die vier *Gattungen* wat in die voorafgaande afdeling ondersoek is, het net soos in die geval van die makarismereeks in Mt. 5:3-10 'n besondere effektiewe bydrae tot die juister vasstelling van die betekenis van die onderskeie kontekste gelewer. Telkens het die bepaling van die funksie van die verskillende *Gattungen* binne hulle onderskeie kontekste die aard van die konnotatiewe strekking help aandui. Dit was daarom binne die onderhawige *Gattungsforſchung* baie belangrik om vas te stel of die betrokke *Gattung* "funktionstypisch" of "funktionsatypisch" gebruik is, en wel om welke funksionele rede. Hoewel dit gevaarlik kan wees om op grond van só 'n beperkte ondersoek soos hierdie 'n algemene reël neer te lê, blyk dit myns insiens dat daar tog 'n goeie aanduiding bestaan om die relevansie van *Gattungsforſchung* in die algemeen by die vasstelling van betekenis as konnotatief van aard te omskryf. *Gattungsforſchung* kan dus as 'n semiotiese aangeleentheid bestempel word. Daar bestaan egter een groot voorwaarde. Die ondersoeker sal hom naamlik moet vergewis of 'n outeur 'n bepaalde *Gattung* binne sy spesifieke *Sitz in der Literatur* wel *gattungs*=

22) Daar bestaan egter wel die moontlikheid dat die *midraš* wat Paulus hier aanwend, wel by 'n nadere ondersoek kan blyk om 'n representant van 'n bepaalde *Gattung* te wees. My ondersoek het egter nie sover gestrek om hieroor 'n uitspraak te maak nie.

*matig* aangewend het of nie. Dit is inderdaad moontlik dat 'n outeur 'n *Gattung* sonder een of ander gattungmatige funksie kon oorneem. Die gebruik van die "Glaubensformel" in 1 Ts. 1:4-10 is hiervoor 'n voorbeeld. Dit bring in die praktyk die volgende konsekwensie mee: Wanneer ons binne 'n bepaalde konteks 'n *Gattung* op sigwaarde herken, sal daar nie apriories aanvaar kan word dat daar binne die betrokke konteks *konnotatiewe betekeniswaarde* ter sprake is nie. Elke geval sal dus deeglik volgens vas omlýnde kriteria ondersoek moet word om die semiotiese meriete daarvan vas te stel.

Ek meen dat ek met hierdie studie 'n bewys lewer dat *Gattungsforshung* 'n onmisbare rol speel by die vasstelling van die *betekenis* van Bybelse literatuur. Hierdie studie is verder ook 'n bewys daarvan dat die moderne Bybelse taal- en literatuurwetenskap nie nodig het om reaksionêr negatief standpunt in te neem teenoor alles wat die historiese kritiek bied nie <sup>23)</sup>. Die toepassing van moderne semantiek op Bybelse eksegeese mag geen oorwinningskreet van die kant van die fundamentalisme oproep nie <sup>24)</sup>. Hierdie studie het myns insiens genoegsaam aangetoon dat elemente van die tradisionele historiese kritiek deur die moderne insigte verfyn kan word om nog effektiewer resultate vir die eksegeese te lewer sodat die *betekenis* van die Bybel nog nader gepresiseer kan word.

23) Vgl. J. Barr, *The Bible in the modern world*, Londen 1973, 64-65, wat van mening is dat die nuwere Bybelse taal- en literatuurwetenskap moontlik kontraproduktief ten opsigte van die historiese kritiek kan wees: "Negatively, these studies may have a reactionary effect towards the whole structure of historical biblical criticism; they may treat it at best as irrelevant, and they may find a welcome in the minds of those who are strange or hostile towards its methods and results".

24) Vgl. J. Barr, *Fundamentalism*, Londen 1977, 220-221, wat sy verbasing uitspreek dat fundamentaliste sy waarskuwing teenoor die misbruik van linguistiese elemente in Bybelse teologie aangryp as 'n stok om die historiese kritiek by te kom: "It is amusing to find a conservative polemicist ... taking up these criticisms and using them as one stick among others where with to beat biblical criticism ..."

In hierdie verband bly die woord van D.E. Nineham waar waarna James Barr met instemming verwys: "... even if we know what the Bible meant (in the past, in its own setting), this does not tell us what it means now ... <sup>25)</sup>". Hierdie probleem van die kommunikeerbaarheid van die Bybel in die moderne wêreld geniet vandag al hoe meer aandag van navorsers. Pogings is ook al aan die dag gelê om in dié verband die insigte van die nuwere taal- en literatuurwetenskap te verdiskonteer <sup>26)</sup>. Verskeie navorsers het probeer om *Gattungsfor-*  
*schung* vir hierdie nuwe Bybelse kommunikasieteorie diensbaar te maak <sup>27)</sup>. Ons moet egter daarteen waak dat die kar nie voor die perde ingespan word nie. Voordat antieke tekstipes se kommunikeerbaarheid in die moderne wêreld ondersoek kan word, is dit voor alles eers nodig dat ons die kommunikeerbaarheid van die teks=

- 25) "The Use of the Bible in Modern Theology" in *BFRL* 52 (1969), 181 aangehaal deur J. Barr, *The Bible in the modern world*, 72. (kursivering deur Barr).
- 26) Vgl. W.S. Vorster, 'n *Ou Boek in 'n Nuwe Wêreld*.
- 27) Afgesien van die werk van Klaus Berger waarna ek reeds krities in hoofstuk II, afdeling 2.3 verwys het, vgl. ook onder andere die sogenaamde "Generative Poetik" van E. Gütgemanns. Vir 'n bespreking van Gütgemanns se boek, *Offene Fragen zur Formgeschichte des Evangeliums*, München 1970, in die lig van die tradisionele *Formgeschichte*, kyk K. Koch, "Reichen die formgeschichtliche Methoden für die Gegenwartsaufgaben der Bibelwissenschaft zu?", 804-807. Vgl. ook die poging van die Amerikaanse "literary criticism". Vir 'n uiteensetting hiervan, kyk W.A. Beardslee, *Literary Criticism of the New Testament*, Philadelphia <sup>3</sup> 1975. Beardslee gee ook afgesien van die *Makrogattungen* soos die Evangelie, die Acta en die Apokalips, aandag aan kleinere eenhede soos onder andere die makarisme (36-39). Ook die Franse strukturalisme hou hom besig met die vasstelling van die funksie van "strukture" en tekseenhede. Vgl. in dié verband onder andere Dan Ben-Amos, *Narrative Forms in the Haggada: Structural Analysis*, Diss. Indiana University 1967, aangehaal en bespreek deur A.J. Saldarini, "'Form Criticism' of Rabbinic Literature", 269-272.

tipes in hul historiese raamwerk noukeurig sal bepaal. En dit is inderdaad s6 dat laasgenoemde taak "has hardly yet begun <sup>28)</sup>".

Waar die tradisionele *Formgeschichte* in hoofsaak geïnteresserd is in die vasstelling van die wording van tekste, wil hierdie studie die *semiotiese relevansie* van moderne *Gattungsforshung* beklemtoon. *Gattungsforshung* kan weldeeglik 'n bydrae lewer tot die vasstelling van die betekenis van 'n Bybelse passasie, naamlik tot die konnotatiewe betekenis daarvan. Dus kan ons konkludeer: *Gattungsforshung* het sekerlik relevansie naas die semantiese analise van Bybelse tekste.

---

28) J. Barr, *The Bible in the modern world*, 64, nota 7.

LYS VAN GERAADPLEEGDE LITERATUUR

Titels van boeke, tydskrifte, woordeboeke en ander versamelwerke word gekursiveer, terwyl dié van artikels tussen aanhalingstekens geplaas word.

- J. Annandale, "Wat is Formgeschichte?", in *Th Evang* 4 (1971).
- J. Barr, *The Semantics of Biblical Language*, Londen 1961.
- \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
*The Bible in the modern world*, Londen 1973.
- \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
*Fundamentalism*, Londen 1977.
- G. Barth, "Matthew's Understanding of the Law" in G. Bornkamm e.a., *Tradition and Interpretation in Matthew*, Londen <sup>2</sup> 1972.
- H. Barth en  
O.H. Steck, *Exegese des Alten Testament. Leitfaden der Methodik*, Neukirchen-Vluyn <sup>4</sup> 1973.
- W. Bauer, *A Greek-English Lexicon of the New Testament and other early Christian Literature*, vertaal deur W.F. Arndt en F.W. Gingrich, Chicago <sup>15</sup> 1975.
- W.A. Beardsly, *Literary Criticism of the New Testament*, in die reeks *Guides to Biblical Scholarship. New Testament Series*, Philadelphia <sup>3</sup> 1975.
- K. Berger, *Exegese des Neuen Testaments. Neue Wege vom Text zur Auslegung*, Heidelberg 1977.
- E. Best, *The First and Second Epistles to the Thessalonians (BNTC)*, Londen 1972.
- M. Black, *An Aramaic Approach to the Gospels and Acts*, Oxford <sup>3</sup> 1967.
- M.H. Bolkestein, *De Brieven aan de Tessalonicenzen*. Nijkerk 1970.
- G. Braumann, "Zum Traditionsgeschichtlichen Problem der Seligpreisungen Mt. v. 3-12", in *NovTest* 1960.
- A.M. Brouwer, *De Bergrede*, Zeist 1930.
- R. Bultmann, *Die Geschichte der synoptische Tradition*, Göttingen <sup>7</sup> 1967.
- R.H. Charles, *The Apocrypha and Pseudepigrapha of the Old Testament in English II*, Oxford 1913.
- D.J. Clark, "Different 'Types' of Literature", in *BTr* 25 (1974).
- H.J.B. Combrink, "The Structure of 1 Peter", in *Neotestamentica* 9 (1975).

- D. Daube, *The New Testament and Rabbinic Judaism*, Londen 1956.
- W.H. Davis, *The Setting of the Sermon on the Mount*, Cambridge<sup>3</sup> 1966.
- G.J. de Haan e.a., *Basiskursus algemene taalwetenschap*, Assen/Amsterdam<sup>4</sup> 1977.
- C.H. Dodd, *The Apostolic Preaching and its Developments*, Londen<sup>3</sup> 1939.
- 
- "The Beatitudes: a form-critical study", in *More New Testament Studies*, Manchester 1968.
- J. Dupont, *Les Béatitudes I - III*, Parys 1969-.
- A.B. du Toit, "The Significance of Discourse Analysis for New Testament Interpretation and Translation: Introductory Remarks with Special Reference to 1 Peter 1:3-13", in *Neotestamentica* 8 (1974).
- 
- "The Structure of Matthew 4:23-5:48", art. vir latere publikasie in *Neotestamentica*.
- H.C. du Toit, "Transformasionele-Generatiewe Grammatika", ongepubliseerde lesing Universiteit van Pretoria.
- G. Eichholz, *Auslegung der Bergpredigt*, Neukirchen-Vluy<sup>2</sup> 1970.
- G. Fohrer e.a. (red.), *Exegese des Alten Testaments. Einführung in die Methodik*, Heidelberg 1973.
- D. Greenwood, "Rhetorical Criticism and Formgeschichte: Some Methodological Considerations", in *JBL* 89 (1970).
- W. Grundmann, *Das Evangelium nach Matthäus (ThHK)*, Berlyn 1968.
- H. Gunkel, *Einleitung in die Psalmen. Die Gattungen der religiösen Lyrik Israels*, Göttingen 1933.
- 
- The Legends of Genesis. The Biblical Saga and History*, vertaal deur W.H. Carruth, New York<sup>2</sup> 1966.
- 
- Die israelitische Literatur* (herausg.), Darmstadt 1963.
- E. Hatch en  
H.A. Redpath, *A Concordance to the Septuagint and other Greek versions of the Old Testament I*, Graz 1954.
- F. Hauck, s.v. *makarios ktl.* in *ThWNT* IV, Stuttgart 1942.
- H.W. Hoffmann, "Form-Funktion-Intention" in *ZAW* 82 (1970).
- J.H. Hospers, "Theologie en algemene taalwetenschap" in *Vox Theologia* 35 (1964/5).
- W. Janzen, "ASRE in the Old Testament", *HTHR* 58 (1965).
- J. Jeremias, *The Sermon on the Mount*, Londen<sup>4</sup> 1972.
- C. Kähler, "Zur Form- und Traditionsgeschichte von Matt. XVI. 17-19", in *NTS* 23 (1976).



- W. Käser, "Beobachtungen zum alttestamentlichen Makarismus", in *ZAW* 82 (1970).
- R. Kassühlke, "An attempt at a dynamic equivalent translation of *BASILEIA TOU THEOU*", in *BTr* 25 (1974).
- J.D. Kingsbury, *Matthew: Structure, Christology, Kingdom*, Philadelphia 1975.
- A.F.J. Kliyn *De Wordingsgeschiedenis van het Nieuwe Testament*, Utrecht 1968.
- K. Koch, "Reichen die formgeschichtliche Methoden für die Gegenwartsaufgaben der Bibelwissenschaft zu?" in *ThLZ* 11/98 (1973).
- \_\_\_\_\_ *Was ist Formgeschichte? Neue Wege der Bibelexegese*, Neukirchen-Vluyn<sup>3</sup> 1974.
- W.G. Kümmel, *Einleitung in das Neue Testament*, Heidelberg<sup>15</sup> 1967.
- A. Lehrer, *Semantic Fields and Lexical Structure*, Amsterdam 1974.
- J.A. Loader, "Qohelet 3:2-8 — 'A Sonnet' in the Old Testament", in *ZAW* 81 (1969).
- \_\_\_\_\_ *Polariteit in die denke van Qohelet*, Diss. Universiteit van Pretoria 1973.
- \_\_\_\_\_ *Aspekte van menslike mag in die Ou Testament*, Diss. Groningen 1975.
- \_\_\_\_\_ "Gedagtes oor gekontroleerde eksegesi", in *HTS* 34 (1978).
- C.H. Lohr, "Oral Techniques in the Gospel of Matthew", in *CBQ*, 23 (1961).
- J.P. Louw, "Inleiding tot die Griekse Taalkunde", ongepubliseerde lesing Universiteit van Suid-Afrika.
- \_\_\_\_\_ "DIKAIOSOUNĒ in the Sermon on the Mount, in *Neotestamentica*", 1 (1967).
- \_\_\_\_\_ "Verbale Aspek in Grieks", 'n voordrag gelewer by die 1971- linguistekongres in Pretoria.
- \_\_\_\_\_ "Discourse Analysis and the Greek New Testament", in *BTr* 24 (1973).
- \_\_\_\_\_ "The Greek New Testament Wordbook", in *NedThT* 28 (1974).
- \_\_\_\_\_ "ATW en Griekse Teskontleding", in *Taalfasette* (red.) C. van Schalkwyk, Universiteit van Suid-Afrika, 18 (1974).
- \_\_\_\_\_ *Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks*, Pretoria 1976.
- \_\_\_\_\_ *Semantiese Struktuuranalise van Romeine I*, Pretoria 1978.
- \_\_\_\_\_ "The Structure of Matthew 8-9", art, vir latere publikasie in *Neotestamentica*.

- P.J. Maartens "Die Kolastruktuur van Mattheus 6", art. vir latere publikasie in *Neotestamentica*.
- T.W. Manson, *The Sayings of Jesus*, Londen 1971.
- M.L. Margolis, *Lehrbuch der Aramaischen Sprache des Babylonischer: Talmuds*, München 1910.
- L. Markert, "Formen- und Gattungskritik", in G. Fohrer e.a. (red.), *Exegese des Alten Testaments. Einführung in die Methodik*, Heidelberg 1973.
- E.V. McKnight, *What is Form Criticism?*, in die reeks *Guides to Biblical Scholarship. New Testament Series*, Philadelphia <sup>5</sup> 1975.
- M. McNamara, *Targum and Testament*, Grand Rapids 1972.
- A.H. McNeile, *The Gospel According to St. Matthew*, Londen 1965.
- B.M. Metzger e.a., *A Textual Commentary on the Greek New Testament (UBS)*, Londen 1971.
- W.F. Moulton en  
A.S. Geden, *A Concordance to the Greek Testament*, Edinburgh <sup>4</sup> 1970.
- R.H. Mounce, "The Sermon on the Mount", in J.D. Douglas (red.), *The New Bible Dictionary*, Michigan 1971.
- L. Mowry, "Beatitudes", in *The Interpreter's Dictionary of the Bible I*, New York/Nashville 1962.
- J. Muilenburg, "The Gains of Form Criticism in Old Testament Studies", in *EcpT* 71 (1959/60).
- B.M. Newman Jr., "Some Translational Notes on the Beatitudes", in *BTr* 26 (1975).
- W. Nicol, "The Structure of Matthew 7", art. vir latere publikasie in *Neotestamentica*.
- E.A. Nida en  
C.R. Taber, *The Theory and Practice of Translation*, Leiden 1974.
- E.A. Nida, *Componential Analysis of Meaning. And introduction to semantic structures*, Den Haag 1975.
- \_\_\_\_\_ "Semantic Structure and Translating", in *BTr* 26 (1975).
- J.T. Nielsen, *Het Evangelie naar Mattheüs I (PNT)*, Nijkerk 1971.
- W.E. Rast, *Tradition History and the Old Testament*, in die reeks *Guides to Biblical Scholarship. Old Testament Series*, Philadelphia <sup>3</sup> 1975.
- W. Richter, *Exegese als Literaturwissenschaft. Entwurf eine alttestamentlichen Literaturtheorie und Methodologie*, Göttingen 1971.

- 
- "Formgeschichte und Sprachwissenschaft", in ZAW 82 (1970).
- H.N. Ridderbos, *De Strekking der Bergrede naar Mattheüs*, Kampen 1936.
- F. Rosenthal (red.), *An Aramaic Handbook II/I*, Wiesbaden 1967.
- L. Rost, *Einleitung in die alttestamentlichen Apokryphen und Pseudepigraphen*, Heidelberg 1971.
- J.C. Rylaarsdam, redakteursvoorwoord: *Guides to Biblical Scholarship. Old Testament Series*, Philadelphia.
- A.J. Saldarini, "Form Criticism of Rabbinic Literature" in JBL 96 (1977).
- E. Sellin (neubearbeitet): G. Fohrer, *Einleitung in das Alte Testament*, Heidelberg 1969.
- J. Schniewind, *Das Evangelium nach Matthäus (NTD)*, Göttingen <sup>2</sup> 1968.
- B. Siertsema, "Language and World View (Semantics for Theologians)", in BTr 20 (1969).
- A.H. Snyman "'n Struktuuranalise van 1Korinthiërs 14", in NGTT 19 (1978).
- J.C. Steyn, "Die Semantiese Komponent", in M.C.J. van Rensburg e.a., TGG — 'n Eerste Oorsig, Johannesburg 1974.
- H.L. Strack en P. Billerbeck, *Kommentar zum Neuen Testament aus Talmud und Midrash I*, München <sup>5</sup> 1926.
- A.C. Thiselton, "Semantics and New Testament Interpretation", in I.H. Marshall (red.), *New Testament Interpretation. Essays in Principles and Methods*, Exeter 1977.
- S.H. Travis, "Form Criticism", in I.H. Marshall (red.), *New Testament Interpretation. Essays in Principles and Methods*, Exeter 1977.
- G.M. Tucker *Form Criticism of the Old Testament*, in die reeks *Guides to Biblical Scholarship. Old Testament Series*, Philadelphia <sup>3</sup> 1975.
- S. Ullmann, *The Principles of Semantics*, Oxford <sup>2</sup> 1957.
- C. van Heerden *Die Veldstruktuur in die Taal*, Diss. Universiteit van Pretoria 1959.
- M.C.J. van Rensburg "Die Sintaktiese Komponent van die Transformasioneel Generatiewe Grammatika", in M.C.J. van Rensburg e.a., TGG — 'n Eerste Oorsig, Johannesburg 1974.
- S.P.J.J. van Rensburg "Die Messias in die Saligsprekinge", in *Publikasie van die Universiteit van Pretoria. Nuwe Reeks*, 39 (1967).

- Dan. O. Via, Jr., redakteursvoorwoord: *Guides to Biblical Scholarship. New Testament Series*, Philadelphia.
- E. von Dobschütz, *Die Thessalonicher-Briefe*, Göttingen 1974.
- W.S. Vorster, "Moderne linguistiek en Bybelnavorsing", in *Th Evang* 5 (1971).
- \_\_\_\_\_ *Aischunomai en stamverwante woorde in die Nuwe Testament*, Diss. Universiteit van Pretoria 1974.
- \_\_\_\_\_ "Concerning semantics, grammatical analysis, and Bible translation", in *Neotestamentica* 8 (1974).
- \_\_\_\_\_ "Some remarks on contemporary New Testament scholarship", in *Th Evang* 10 (1977).
- \_\_\_\_\_ 'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld — gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament, Intreerede, *Miscellanea* 10, Unisa 1977.
- \_\_\_\_\_ "The Structure of Matthew 13", art. vir latere publikasie in *Neotestamentica*.
- C.W. Votaw, "The Sermon on the Mount", in J. Hastings (red.), *A Dictionary of the Bible. Extra Volume*, Edinburgh 1909.
- G. Wanke, "Sprachliche Analyse", in G. Fohrer e.a., *Exegese des Alten Testaments. Einführung in die Methodik*, Heidelberg 1973.
- S. Wittig, "Theories of Formulaic Narrative", in *Semeia* 5 (1976).
- H. Zimmermann, *Neutestamentlichen Methodenlehre. Darstellung der Historisch-Kritischen Methode*, Stuttgart <sup>4</sup> 1974.
- \_\_\_\_\_ *Biblia Hebraica* <sup>3</sup> (red. R. Kittel: Württembergischen Bibelanstalt), Stuttgart.
- \_\_\_\_\_ *Die Blye Boodskap* (Bybelgenootskap van Suid-Afrika), Kaapstad 1975.
- \_\_\_\_\_ *The Greek New Testament* (red. K. Aland: UBS), Londen <sup>3</sup> 1975.
- \_\_\_\_\_ *Novum Testamentum Graece* (red. E. Nestle en K. Aland: Württembergischen Bibelanstalt), Stuttgart <sup>25</sup> 1967.
- \_\_\_\_\_ *Die Lewende Nuwe Testament* (Christelike Uitgewersmaatskappy), Roodepoort 1978.
- \_\_\_\_\_ *Septuaginta* (red. A. Rahlfs: Württembergische Bibelanstalt), Stuttgart 1935.

*Today's English Version* (The Bible Society of South Africa), Kaapstad <sup>3</sup> 1971.

"Report on the Greek New Testament Wordbook", in *BTh* 24 (1973).

LYS VAN AFKORTINGS

BRL	Bulletin of the John Rylands Library.
BNTC	Black's New Testament Commentaries.
BTr	The Bible Translator.
CBQ	The Catholic Biblical Quarterley.
ExpT	The Expository Times.
HThR	Harvard Theological Review.
HTS	Hervormde Teologiese Studies.
JBL	Journal of Biblical Literature.
NedThT	Nederlands Theologisch Tijdschrift.
NGTT	Ned. Geref. Teologiese Tydskrif.
NovTest	Novum Testamentum.
NTD	Das Neue Testament Deutsch.
NTS	New Testament Studies.
PNT	De Prediking van het Nieuwe Testament.
StTh	Studia Theologia.
Str.-B	H.L. Strack en P. Billerbeck, <i>Kommentar zum Neuen Testament aus Talmud und Midrash</i> , München <sup>5</sup> 1926.
TEV	Today's English Version.
Th Evang	Theologia Evangelica.
ThHK	Theologische Handkommentar zum Neuen Testament.
ThLZ	Theologische Literaturzeitung.
ThStKr	Theologische Studien und Kritiken.
ThWNT	Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament.
UBS	United Bible Societies.
ZAW	Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft.

TRANSKRIPSIESISTEEM

Hebreeus.

Konsonante: ' b g d h w z ḥ ṭ y k l m n s<sup>c</sup> p ṣ q r š ṣ t

Vokale:	a	patah
	a	qāmeṣ
	i	ḥīreq
	i	ḥīreq met leesmoeder
	u	qibbuṣ
	u	šureq
	e	serē
	ē	serē met leesmoeder
	e	s <sup>e</sup> gol
	ē	s <sup>e</sup> gol met leesmoeder
	o	holem
	ō	holem met leesmoeder
	o	qāmeṣ ḥāṭūp
supraliniêr	e	š <sup>e</sup> wā mobile
supraliniêr	e	ḥāṭep s <sup>e</sup> gol
supraliniêr	a	ḥāṭep patah
supraliniêr	o	ḥāṭep qāmeṣ

Grieks            a b g d e z ē th i k l m n x o p r s t u f ch ps ō

spiritus asper    :    h

jota subscriptum :    geïgnoreer

## SAMEVATTING

### DIE "BETEKENIS" VAN DIE MAKARISMEREKKS IN MATTEUS 5 — SEMANTIEK EN GATTUNGSFORSCHUNG.

DEUR:-

ANDRIES GIDEON VAN AARDE

STUDIELEIER: Prof. dr. J.A. Loader

MEDELEIER: Prof. dr. J.P. Louw

Departement Semitiese Tale

VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM

Die doel van hierdie studie is om die relevansie van *Gattungsfor-*  
*schung* by die vasstelling van "betekenis" te ondersoek. Dit word gedoen deur hoofsaaklik die Nuwe-Testamentiese makarisme as *Gattung* nader te belig en die funksie wat dit in die reeks van Mt. 5:3-10 inneem, met die semantiese ontleding van die betrokke perikoop in verband te bring.

*Gattungsfor-*  
*schung* word tradisioneel met *Formgeschichte* geïdentifiseer. Op die voetspoor van die Ou-Testamentikus Wolfgang Richter, stel hierdie studie op gesag van die insigte van die nuwere taal- en literatuurwetenskap die leemtes in die tradisionele benadering verder aan die kaak. 'n Uiteensetting van hierdie moderne insigte, veral met betrekking tot die semantiek, word gebied. Op grond van hierdie insigte word 'n nuwere benadering tot *Gattungsfor-*  
*schung* bespreek en verfyn.

Die metodologiese oefening word dan met die oog op die doel van die studie ten opsigte van die makarismereeks in Mt. 5 toegepas. Die resultaat wat verkry is, toon dat *Gattungsfor-*  
*schung* 'n besonderlike konnotatiewe bydrae lewer tot die juister bepaling van die boodskap van die teks. Hierdie resultaat word gesteun deur 'n oorsigtelike ondersoek na die funksie van enkele ander *Gattungen*.

Die studie het aangetoon dat daar 'n goeie aanduiding bestaan dat *Gattungsfor-*  
*schung* 'n belangrike semiotiese relevansie bevat. En sō is die deur geopen vir verdere besinning oor die kommunikeerbaarheid van literêre tipes in Bybelse tekste.



SUMMARY

THE "MEANING" OF THE MACARISM-SERIES IN MATTHEW 5  
———— SEMANTICS AND GATTUNGSFORSCHUNG.

BY:

ANDRIES GIDEON VAN AARDE

STUDY LEADER : Prof. dr. J.A. Loader

CO-LEADER: Prof. dr. J.P. Louw

Department Semitic Studies

FOR THE DEGREE MAGISTER ARTIUM

The aim of this study is to investigate the relevance of *Gattungsforschung* to the determining of "meaning". This is achieved by taking a closer view mainly of the New Testament macarism as *Gattung* by regarding its function in the series of Mt. 5:3-10 in relation with the semantic analysis of the pericope concerned.

*Gattungsforschung* is traditionally identified with *Formgeschichte*. Following the trail of the Old Testament scholar Wolfgang Richter, this study, based on the insights of modern linguistics, exposes the limitations in the traditional approach. An explanation of these modern insights, especially with reference to semantics, is given. Based on these insights a new approach to *Gattungsforschung* is discussed and refined.

The methodological exercise, with the aim of the study in mind, is then applied to the macarism-series in Mt. 5. Subsequently, the result achieved, indicates that *Gattungsforschung* contributes connotative value towards the more precise expounding of the message in the text. This result is enforced by a compact investigation into the function of some other *Gattungen*.

This study has proved that there is strong evidence that *Gattungsforschung* comprises important semiotic relevance. The opportunity has been created for subsequent reflection on literary types in biblical literature as means of communication.